 - (iii) the production, processing, sale, handling or transport of, or the trade in, goods to which this Act or the Excise Duty Act applies.
- (3) A customs officer must inform the Commissioner immediately if that officer acquires any interest referred to in subsection (2)(b). 35
- (4) The Commissioner may at any time withdraw or suspend the designation of a person as a customs officer.
- (5) A person designated as a customs officer in terms of this section may, without detraction from that person's powers as a customs officer in terms of section 11, be called an excise officer if the work of the officer relates mainly to the implementation of the Excise Duty Act. 40

Powers and duties of customs officers

11. (1) A customs officer—
- (a) may exercise the powers and must perform the duties—
 - (i) assigned to customs officers generally by this Act²⁸ and the tax levying Acts, subject to subsections (2) and (3); or 45
 - (ii) delegated or sub-delegated in terms of section 19 to customs officers generally or to that customs officer specifically; and
 - (b) must assist the Commissioner, as the Commissioner may require, in the implementation and enforcement of—
 - (i) this Act; 50

28. These are powers and duties conferred on customs officers directly by the Act or the rules otherwise than through delegation by the Commissioner.

Deel 3

Administrasie van hierdie Wet

Kommissaris administreer hierdie Wet

9. Die Kommissaris moet—
- (a) hierdie Wet administreer onder die beheer en voorskrifte van die Minister; en 5
 - (b) administratiewe, finansiële, tegnologiese, elektroniese, kommunikatiewe en ander stelsels en prosedures daarstel en in stand hou wat nodig is vir die implementering en toepassing van hierdie Wet.

Aanwysing van doeanebeamptes

10. (1) Die Kommissaris— 10
- (a) moet soveel SAID beamptes as doeanebeamptes aanwys wat nodig is vir die behoorlike implementering en toepassing van—
 - (i) hierdie Wet;
 - (ii) die Wet op Doeanereg en die Wet op Aksynsreg; en
 - (iii) die ander belastingheffings-Wette in soverre daardie Wette van 15 toepassing is op goedere ingevoer in, of uitgevoer uit, die Republiek;
 - (b) kan met die goedkeuring van 'n staatsorgaan of ander instelling waarmee die Kommissaris ingevolge artikel 15 'n ooreenkoms aangegaan het, persone in diens van daardie staatsorgaan of instelling as doeanebeamptes aanwys; en
 - (c) kan in 'n besondere geval enige bevoegde persoon aanwys om as 'n 20 doeanebeampte op te tree vir 'n bepaalde doel gedurende 'n bepaalde tydperk.
- (2) 'n Persoon mag nie ingevolge subartikel (1) as 'n doeanebeampte aangewys word nie—
- (a) tensy daardie persoon—
 - (i) 'n verklaring van belang deur die Kommissaris bepaal aan die 25 Kommissaris verstrek het; en
 - (ii) voldoen aan ander vereistes soos by reël voorgeskryf mag word; of
 - (b) indien daardie persoon 'n regstreekse materiële finansiële belang het in, of enige materiële voordeel staan te trek uit, enige besigheidsaktiwiteit wat bestaan uit of betrekking het op—
 - (i) die klaring van goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure;
 - (ii) die invoer in, of uitvoer uit, die Republiek van goedere; of
 - (iii) die produksie, prosessering, verkoop, hantering of vervoer van, of 35 verhandeling van, goedere waarop hierdie Wet of die Wet op Aksynsreg van toepassing is.
- (3) 'n Doeanebeampte moet die Kommissaris onverwyld inlig indien daardie beampte enige belang in subartikel (2)(b) bedoel, bekom.
- (4) Die Kommissaris kan te eniger tyd die aanwysing van 'n persoon as doeanebeampte intrek of opskort.
- (5) 'n Persoon ingevolge hierdie artikel as 'n doeanebeampte aangewys kan, sonder 40 om afbreuk te doen aan daardie persoon se bevoegdhede as 'n doeanebeampte ingevolge artikel 11, 'n aksynsbeampte genoem word indien die werk van die beampte hoofsaaklik verband hou met die implementering van die Wet op Aksynsreg.

Bevoegdhede en pligte van doeanebeamptes

11. (1) 'n Doeanebeampte— 45
- (a) kan die bevoegdhede uitoefen en moet die pligte uitvoer wat—
 - (i) deur hierdie Wet²⁸ en die belastingheffings-Wette aan doeanebeamptes in die algemeen opgedra word, behoudens subartikels (2) en (3); of
 - (ii) ingevolge artikel 19 aan doeanebeamptes in die algemeen of spesifiek aan daardie doeanebeampte gedelegeer of gesubdelegeer is; en 50
 - (b) moet die Kommissaris bystaan, soos die Kommissaris dit mag vereis, met die implementering en toepassing van—
 - (i) hierdie Wet;

28. Hierdie is bevoegdhede en pligte wat aan doeanebeamptes regstreeks deur die Wet of die reëls opgedra word andersins as deur delegasie deur die Kommissaris.

- (ii) the Customs Duty Act and the Excise Duty Act; and
 - (iii) the other tax levying Acts to the extent that those Acts apply to goods imported into, or exported from, the Republic.
- (2) Customs officers must perform their functions in accordance with an appropriate hierarchical system of customs management as may be determined by the Commissioner and whereby customs officers— 5
- (a) are entrusted with managerial, supervisory, operational or other responsibilities according to rank or on any other selective basis; and
 - (b) perform those functions in a manner commensurate with their respective responsibilities. 10
- (3) The Commissioner may, for the purpose of subsection (2), determine that a power or duty assigned generally to customs officers as contemplated in subsection (1)(a), may be exercised only by customs officers—
- (a) of at least a specific rank; or
 - (b) selected in any other way. 15

General requirements for performing enforcement functions²⁹

- 12.** (1) Customs officers must perform their enforcement functions—
- (a) in accordance with any instructions issued by the Commissioner; and
 - (b) subject to any limitations and in accordance with any procedures as may be prescribed by rule or determined by the Commissioner. 20
- (2) A customs officer may, subject to subsection (1), perform an enforcement function at any time and place and, except where provided otherwise in this Act, without a warrant or previous notice.
- (3) When performing an enforcement function, a customs officer may—
- (a) be accompanied and assisted by any interpreters, technicians, workers, police officers or any other persons whose assistance may reasonably be required for the performance of that function; or 25
 - (b) use any aids such as a dog, or chemical substances, or imaging equipment, or any other mechanical, electrical or electronic devices, subject to compliance with any legislation applicable to the use of such aids. 30
- (4) A person assisting a customs officer in terms of subsection (3)(a) must, whilst and for the purpose of assisting, be regarded to be a customs officer under the supervision of the customs officer that person is assisting.

Identification of customs officers and equipment

- 13.** (1) The Commissioner must issue an identity card to each person designated as a customs officer. 35
- (2) When performing an enforcement function a customs officer must, on demand by a member of the public affected by the performance of the function, produce the identity card issued to that officer in terms of subsection (1).
- (3) The Commissioner must design a distinctive customs flag and ensign for display on customs vehicles, aircraft, boats and other equipment which require public identification. 40

Customs Offices

- 14.** (1) The Commissioner must—
- (a) establish in the Republic or, if necessary, outside the Republic, any number of SARS offices, or designate any existing SARS offices, as Customs Offices for purposes of— 45
 - (i) this Act;
 - (ii) the Customs Duty Act and the Excise Duty Act; and
 - (iii) the other tax levying Acts to the extent that those Acts apply to goods imported into, or exported from, the Republic; 50
 - (b) determine the purpose and functions of each Customs Office; and

²⁹. See definition of “enforcement function” in section 1.

- (ii) die Wet op Doeanereg en die Wet op Aksynsreg; en
 - (iii) die ander belastingheffings-Wette in soverre daardie Wette van toepassing is op goedere wat ingevoer is in, of uitgevoer word uit, die Republiek.
- (2) Doeanebeamptes moet hulle funksies verrig ooreenkomstig 'n gepaste hiërargiese stelsel van doeanebestuur soos die Kommissaris mag bepaal en ingevolge waarvan doeanebeamptes— 5
- (a) met bestuurs-, toesig-, operasionele of ander verantwoordelikhede ooreenkomstig rang of op 'n ander geselekteerde basis beklee word; en
 - (b) daardie funksies op 'n wyse in ooreenstemming met hul onderskeie verantwoordelikhede verrig. 10
- (3) Die Kommissaris kan, by die toepassing van subartikel (2), bepaal dat 'n bevoegdheid of plig wat in die algemeen aan doeanebeamptes opgedra word soos in subartikel (1)(a) beoog, slegs uitgeoefen mag word deur doeanebeamptes—
- (a) van minstens 'n bepaalde rang; of 15
 - (b) wat op 'n ander wyse aangedui word.

Algemene voorskrifte vir verrigting van toepassingsfunksies²⁹

12. (1) Doeanebeamptes moet hulle toepassingsfunksies verrig—
- (a) ooreenkomstig enige opdragte deur die Kommissaris uitgereik; en
 - (b) behoudens enige beperkings en ooreenkomstig enige prosedures by reël 20 voorgeskryf of deur die Kommissaris bepaal.
- (2) 'n Doeanebeampte kan, behoudens subartikel (1), 'n toepassingsfunksie te eniger tyd en op enige plek verrig en, behalwe waar anders in hierdie Wet bepaal, sonder 'n lasbrief of voorafgaande kennisgewing.
- (3) Wanneer 'n doeanebeampte 'n toepassingsfunksie verrig, kan die beampte— 25
- (a) vergesel en bygestaan word deur enige tolke, tegnisi, werkers, polisiebeamptes of enige ander persone wie se bystand redelikerwyse vereis mag word vir die verrigting van daardie funksie; of
 - (b) enige hulpmiddele gebruik, soos 'n hond, of chemiese middels of skanderingstoerusting, of enige ander meganiese, elektriese of elektroniese 30 apparaat, behoudens voldoening aan enige wetgewing wat op die gebruik van daardie hulpmiddele van toepassing is.
- (4) 'n Persoon wat 'n doeanebeampte ingevolge subartikel (3)(a) bystaan, word terwyl en vir die doel waarvoor die bystand verleen word, geag 'n doeanebeampte onder die toesig van die doeanebeampte aan wie bystand verleen word, te wees. 35

Identifisering van doeanebeamptes en toerusting

13. (1) Die Kommissaris moet 'n identiteitskaart uitreik aan elke persoon wat as doeanebeampte aangewys word.
- (2) Wanneer 'n doeanebeampte 'n toepassingsfunksie verrig, moet die beampte op versoek van 'n lid van die publiek wat deur die verrigting van die funksie geraak word, die identiteitskaart wat ingevolge subartikel (1) aan daardie beampte uitgereik is, toon. 40
- (3) Die Kommissaris moet 'n kenmerkende doeanevlag en -embleem ontwerp wat op doeanevoertuie, -vliegtuie, -bote en ander toerusting wat openbare identifisering vereis, vertoon moet word.

Doeanekantore 45

14. (1) Die Kommissaris moet—
- (a) in die Republiek of, indien nodig, buite die Republiek, soveel SAID kantore daarstel, of enige bestaande SAID kantore aanwys, as Doeanekantore vir doeleindes van— 50
 - (i) hierdie Wet;
 - (ii) die Wet op Doeanereg en die Wet op Aksynsreg; en
 - (iii) die ander belastingheffings-Wette in soverre daardie Wette op goedere ingevoer in, of uitgevoer uit, die Republiek van toepassing is;
 - (b) die doel en funksies van elke Doeanekantoor bepaal; en

29. Kyk omskrywing van "toepassingsfunksie" in artikel 1.

- (c) determine—
 - (i) the office hours of each Customs Office; and
 - (ii) the outside hours of attendance by customs officers.

(2) An Office referred to in subsection (1) may be called an Excise Office if the work of the Office relates solely to the implementation of the Excise Duty Act. 5

Agreements for assistance in administration of this Act and tax levying Acts

15. The Commissioner may by agreement with another organ of state or other institution inside or outside the Republic, including a railway, seaport, airport or postal authority, obtain the assistance of that organ of state or institution to perform such support services in the implementation or enforcement of this Act or any tax levying Act, as may be agreed between the Commissioner and that organ of state or institution.³⁰ 10

Customs co-operation with other countries

16. (1) The Commissioner may, if authorised by the national executive, enter into an agreement with the customs administration of another country—

- (a) to provide for customs co-operation, including the exchange of customs information between the Commissioner and that customs administration; 15
- (b) to facilitate the customs processing of goods—
 - (i) exported to the Republic from that country; and
 - (ii) exported from the Republic to that country; and
- (c) to allow— 20
 - (i) customs personnel of that customs administration to perform functions in the Republic necessary for the enforcement of the customs legislation of that country in respect of goods to be exported from the Republic to that country; and
 - (ii) customs officers of the Republic to perform functions in that country necessary for the enforcement of this Act, a tax levying Act or any legislation referred to in Chapters 35 and 36 in respect of goods to be exported to the Republic from that country. 25

(2) The Commissioner may make rules to give effect to any agreement in terms of subsection (1), including rules providing for customs officials of that country to perform the functions referred to in subsection (1)(c)(i) in the Republic. 30

Provision of special customs services

17. (1) The Commissioner may by rule—
- (a) provide for the provision of special services to persons to assist them in complying with— 35
 - (i) this Act;
 - (ii) the Customs Duty Act or the Excise Duty Act; or
 - (iii) any other tax levying Act to the extent that such tax levying Act applies to goods imported into or exported from the Republic; and
 - (b) determine the fees payable for such services. 40

(2) Section 12(3) and (4) applies when customs officers perform services referred to in subsection (1).

³⁰. See also section 35.

- (c) (i) die kantoorure van elke Doeanekantoor vasstel; en
- (ii) die na-ure diensure van doeanebeamptes vasstel.

(2) 'n Kantoor in subartikel (1) bedoel, kan as 'n Aksynskantoor bekend staan indien die werk van die Kantoor verband hou slegs met die implementering van die Wet op Aksynsreg.

5

Ooreenkomste vir bystand in administrasie van hierdie Wet en belastingheffings-Wette

15. Die Kommissaris kan, by ooreenkoms met 'n ander staatsorgaan of ander instelling binne of buite die Republiek, met inbegrip van 'n spoorweg-, seehawe-, lughawe- of posowerheid, die bystand van daardie staatsorgaan of instelling bekom ten einde dié bystandsdienste in die implementering of toepassing van hierdie Wet of enige belastingheffings-Wet te verrig waartoe tussen die Kommissaris en daardie staatsorgaan of instelling ooreengekom mag word.³⁰

Doeanesamewerking met ander lande

16. (1) Die Kommissaris kan, indien deur die nasionale uitvoerende gesag daartoe gemagtig, 'n ooreenkoms met die doeaneadministrasie van 'n ander land aangaan—

- (a) om voorsiening te maak vir doeanesamewerking, met inbegrip van die uitruil van doeane-inligting, tussen die Kommissaris en daardie doeaneadministrasie; 15
- (b) om die doeaneprosessering van goedere te fasiliteer wat— 20
 - (i) uit daardie land na die Republiek uitgevoer word; en
 - (ii) uit die Republiek na daardie land uitgevoer word; en
- (c) om—
 - (i) doeanepersoneel van daardie doeaneadministrasie toe te laat om die funksies wat nodig is vir die toepassing van die doeanewetgewing van daardie land, in die Republiek te verrig ten opsigte van goedere bestem vir uitvoer uit die Republiek na daardie land; en 25
 - (ii) doeanebeamptes van die Republiek toe te laat om funksies wat nodig is vir die toepassing van hierdie Wet, 'n belastingheffings-Wet of enige ander wetgewing in Hoofstukke 35 en 36 bedoel in daardie land te verrig ten opsigte van goedere bestem vir uitvoer uit daardie land na die Republiek. 30

(2) Die Kommissaris kan reëls uitvaardig om gevolg te gee aan enige ooreenkoms ingevolge subartikel (1) aangegaan, met inbegrip van reëls om daarvoor voorsiening te maak dat doeaneamptenare van daardie land die funksies in subartikel (1)(c)(i) bedoel in die Republiek kan verrig. 35

Verskaffing van spesiale doeanedienste

17. (1) Die Kommissaris kan by reël—

- (a) voorsiening maak vir die verskaffing van spesiale dienste aan persone ten einde hulle behulpsaam te wees met voldoening aan— 40
 - (i) hierdie Wet;
 - (ii) die Wet op Doeanereg of die Wet op Aksynsreg; of
 - (iii) enige ander belastingheffings-Wet in soverre daardie belastingheffings-Wet van toepassing is op goedere wat ingevoer is in of uitgevoer word uit die Republiek; en 45
- (b) die fooie betaalbaar vir daardie dienste bepaal.

(2) Artikel 12(3) en (4) is van toepassing wanneer doeanebeamptes dienste in subartikel (1) bedoel, verrig.

³⁰. Kyk ook artikel 35.

Part 4

Delegations

Delegation by Minister

18. (1) The Minister may delegate to a Deputy Minister appointed to assist the Minister any of the powers or duties assigned to the Minister in terms of this Act or a tax levying Act. 5

(2) A delegation in terms of subsection (1)—

- (a) must be in writing;
- (b) is subject to such limitations and conditions as the Minister may determine;
- (c) does not divest the Minister of the responsibility concerning the exercise of the delegated power or the performance of the delegated duty; and 10
- (d) may at any time be amended or repealed by the Minister.

(3) The Minister may at any time confirm, alter or repeal any decision taken in consequence of a delegation in terms of this section, but no such alteration or repeal may detract from any rights that have accrued as a result of the decision. 15

Delegation by Commissioner

19. (1) The Commissioner—

- (a) must for the proper implementation of this Act and the tax levying Acts develop an appropriate system of delegation to maximise managerial, administrative and operational efficiency; and 20
- (b) may, in accordance with that system, delegate to a customs officer, including any SARS official who is not a customs officer—
 - (i) any power or duty assigned by this Act or a tax levying Act to the Commissioner or the customs authority, excluding the power to make or amend rules; or 25
 - (ii) any part or aspect of any such power or duty.

(2) A delegation in terms of subsection (1)—

- (a) must be in writing;
- (b) is subject to such limitations and conditions as the Commissioner may determine generally or in a specific case; 30
- (c) may either be to—
 - (i) a specific individual; or
 - (ii) the incumbent of a specific post;
- (d) may, in the case of a delegation to a supervising customs officer, authorise the officer to sub-delegate the delegated power or duty, or part or aspect of such power or duty, in writing to— 35
 - (i) a customs officer under that supervising customs officer's control; or
 - (ii) the incumbent of a specific post under that supervising customs officer's control;
- (e) does not divest the Commissioner of the responsibility concerning the exercise of the delegated power or the performance of the delegated duty; and 40
- (f) may at any time be amended or repealed by the Commissioner.³¹

(3) If a customs officer or SARS official takes a decision or any action that would have been valid had the power or duty authorising that decision or action been delegated to that person in terms of subsection (1)(b), that decision or action is valid despite the absence of such delegation if the decision or action— 45

- (a) was taken in the course of that person's ordinary duties;

31. See section 833 and other provisions of Chapter 37 for the reconsideration of decisions taken in terms of delegated powers.

Deel 4

Delegasies

Delegering deur Minister

18. (1) Die Minister kan enige van die bevoegdhede of pligte wat ingevolge hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet aan die Minister opgedra is, delegeer aan 'n Adjunk-Minister wat aangestel is om die Minister by te staan. 5

(2) 'n Delegering ingevolge subartikel (1)—

- (a) moet skiftelik wees;
- (b) is onderworpe aan die beperkings en voorwaardes wat die Minister mag bepaal; 10
- (c) onthef nie die Minister van die verantwoordelikheid wat betref die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die uitvoering van die gedelegeerde plig nie; en
- (d) kan te eniger tyd deur die Minister gewysig of ingetrek word.

(3) Die Minister kan te eniger tyd 'n besluit wat uit hoofde van 'n delegering ingevolge hierdie artikel geneem is, bevestig, verander of intrek, maar geen so 'n wysiging of intrekking mag afbreuk doen aan enige van die regte wat weens daardie besluit tot stand gekom het nie. 15

Delegering deur Kommissaris

19. (1) Die Kommissaris— 20

- (a) moet vir doeleindes van die behoorlike implementering van hierdie Wet en die belastingheffings-Wette, 'n gepaste stelsel van delegering ontwikkel ten einde bestuurs-, administratiewe en operasionele doeltreffendheid te maksimaliseer; en
- (b) kan, ooreenkomstig daardie stelsel, aan enige doeanebeampte, met inbegrip van enige SAID beampte wat nie 'n doeanebeampte is nie— 25
 - (i) enige bevoegdheid of plig delegeer wat deur hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet aan die Kommissaris of die doeanebesag opgedra is, uitgesonderd die bevoegdheid om reëls uit te vaardig of te wysig; of
 - (ii) enige deel of aspek van enige so 'n bevoegdheid of plig delegeer. 30

(2) 'n Delegering ingevolge subartikel (1)—

- (a) moet skriftelik wees;
- (b) is onderworpe aan die beperkings en voorwaardes wat die Kommissaris in die algemeen of in 'n bepaalde geval mag bepaal; 35
- (c) kan gedoen word aan—
 - (i) óf 'n bepaalde individu;
 - (ii) óf die houer van 'n bepaalde pos;
- (d) kan, in die geval van 'n delegering aan 'n toesighoudende doeanebeampte, die beampte magtig om die gedelegeerde bevoegdheid of plig, of deel of 'n aspek van daardie bevoegdheid of plig, skriftelik te subdelegeer aan— 40
 - (i) 'n doeanebeampte onder die beheer van daardie toesighoudende doeanebeampte; of
 - (ii) die houer van 'n bepaalde pos onder die beheer van daardie toesighoudende doeanebeampte;
- (e) onthef nie die Kommissaris van die verantwoordelikheid wat betref die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die uitvoering van die gedelegeerde plig nie; en 45
- (f) kan te eniger tyd deur die Kommissaris gewysig of ingetrek word.³¹

(3) Indien 'n doeanebeampte of SAID beampte 'n besluit neem of enige handeling verrig wat geldig sou wees indien die bevoegtheid of plig wat daardie besluit of handeling dek ingevolge subartikel (1)(b) aan daardie persoon gedelegeer was, is daardie besluit of handeling geldig ondanks die gebrek aan so 'n delegering, indien die besluit of handeling— 50

- (a) geneem of verrig is in die loop van daardie persoon se gewone pligte;

31. Kyk artikel 833 en ander bepalinge van Hoofstuk 37 vir die heroorweging van besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdhede geneem.

- (b) was necessary for the enforcement of this Act or a tax levying Act; and
 - (c) is ratified by the Commissioner.
- (4) The Commissioner may authorise any SARS official who is not a customs officer to exercise a power assigned to a customs officer in terms of this Act or a tax levying Act.

Part 5

5

Confidentiality

Definition

20. In this Part—

“**authorised recipient**” means—

- (a) the Statistician-General contemplated in the Statistics Act, 1999 (Act No. 6 of 1999); 10
- (b) the Director-General of the National Treasury;
- (c) the South African Police Service referred to in section 6(1) of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995);
- (d) the National Director of Public Prosecutions referred to in section 5(2)(a) of the National Prosecuting Authority Act, 1998 (Act No. 32 of 1998); 15
- (e) the Governor of the South African Reserve Bank;
- (f) the Director of the Financial Intelligence Centre;
- (g) the Auditor-General;
- (h) the Director-General of the Department of Trade and Industry; 20
- (i) the Chief Commissioner of the International Trade Administration Commission; or
- (j) any organ of state administering legislation regulating the movement of goods or persons into or out of the Republic.

Confidentiality

25

21. No SARS official, customs officer or person referred to in section 12(3)(a), and no person who was such an official, officer or person, may disclose any information acquired by him or her in the exercise of powers or duties in terms of this Act, the Customs Duty Act or the Excise Duty Act concerning the private or confidential matters of any person,³² except—

- (a) to the extent that such disclosure is necessary for, and made in, the exercise of those powers or duties, including for the purpose of any proceedings referred to in Chapter 37; 30
- (b) if that official, officer or person is—
 - (i) summoned to give evidence as a witness before a court or tribunal and the Commissioner has authorised that official, officer or person to disclose the information; or 35
 - (ii) required to do so by a court;
- (c) if the person that will be affected by the disclosure has consented to the disclosure; 40
- (d) if there is a serious and imminent risk to public health or safety or the environment and the public’s interest in the disclosure outweighs the official, officer or person’s duty of confidentiality;
- (e) to an authorised recipient, subject to section 22; or
- (f) in accordance with— 45
 - (i) an international agreement in respect of customs cooperation to which the Republic is a party, subject to section 23(1); or
 - (ii) any other international agreement to which the Republic is a party, subject to section 23(2).

32. Such official, customs officer or person may be obliged to disclose such information in terms of other legislation e.g. the Financial Intelligence Centre Act, 2001 (Act No. 38 of 2001).

- (b) nodig was vir die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet; en
- (c) deur die Kommissaris geratifiseer word.
- (4) Die Kommissaris kan enige SAID beampte wat nie 'n doeanebeampte is nie magtig om 'n bevoegdheid wat ingevolge hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet aan 'n doeanebeampte opgedra is, uit te oefen. 5

Deel 5

Vertroulikheid

Woordomskrying

20. In hierdie Deel beteken—
- “**gemagtigde ontvanger**”— 10
- (a) die Statistikus-generaal bedoel in die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999);
 - (b) die Direkteur-generaal van die Nasionale Tesourie;
 - (c) die Suid-Afrikaanse Polisie diens bedoel in artikel 6(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet No. 68 van 1995); 15
 - (d) die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings bedoel in artikel 5(2)(a) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998);
 - (e) die Goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
 - (f) die Direkteur van die Finansiële Intelligensiesentrum;
 - (g) die Ouditeur-generaal; 20
 - (h) die Direkteur-generaal van die Departement van Handel en Nywerheid;
 - (i) die Hoofkommissaris van die Internasionale Handelsadministrasie-kommissie; of
 - (j) enige staatsorgaan wat wetgewing ter regulering van die beweging van goedere of persone in of uit die Republiek administreer. 25

Vertroulikheid

21. Geen SAID beampte, doeanebeampte of persoon in artikel 12(3)(a) bedoel, en niemand wat so 'n beampte of persoon was nie, mag enige inligting rakende die private of vertroulike sake van enige persoon deur hom of haar in die uitoefening van bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Wet, die Wet op Doeaneereg of die Wet op Aksynsreg bekom, aan iemand anders bekend maak nie,³² behalwe— 30
- (a) in soverre daardie bekendmaking nodig is vir, en gemaak word in, die uitoefening van daardie bevoegdhede of pligte, insluitende vir doeleindes van enige verrigtinge in Hoorstuk 37 bedoel;
 - (b) waar daardie beampte of persoon— 35
 - (i) gedagvaar is om getuie te lewer as 'n getuie voor 'n hof of tribunaal en die Kommissaris daardie beampte of persoon gemagtig het om die inligting bekend te maak; of
 - (ii) deur 'n hof daartoe gelas word om dit te doen;
 - (c) indien die persoon wat deur die bekendmaking geraak sal word tot die 40 bekendmaking toegestem het;
 - (d) indien daar 'n ernstige en dreigende risiko met betrekking tot die openbare gesondheid of veiligheid of die omgewing is en die publiek se belang in die bekendmaking swaarder weeg as die beampte of persoon se vertroulikheidsplig; 45
 - (e) aan 'n gemagtigde ontvanger, behoudens artikel 22; of
 - (f) ooreenkomstig—
 - (i) 'n internasionale ooreenkoms ten opsigte van doeanesamewerking waarby die Republiek 'n party is, behoudens artikel 23(1); of
 - (ii) enige ander internasionale ooreenkoms waarby die Republiek 'n party is, 50 behoudens artikel 23(2).

32. So 'n beampte, doeanebeampte of persoon mag verplig word om sulke inligting te openbaar ingevolge ander wetgewing bv. die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001).

Disclosures to authorised recipients

- 22.** (1) Any disclosure in terms of section 21(e) to—
- (a) the Statistician-General, must be confined to information necessary for statistical purposes;
 - (b) the Director-General of the National Treasury, must be confined to information— 5
 - (i) relating to foreign transactions under the Exchange Control Regulations; or
 - (ii) necessary for the development of tax policy or the estimation of revenue;
 - (c) the South African Police Service or the National Director of Public Prosecutions, must be confined to information relating to the alleged commission of offences; 10
 - (d) the Governor of the South African Reserve Bank, must be confined to information required for the performance of the Governor’s functions in terms of the South African Reserve Bank Act, 1994 (Act No. 29 of 1994); 15
 - (e) the Director of the Financial Intelligence Centre, must be confined to information required for the performance of the Centre’s functions in terms of the Financial Intelligence Centre Act, 2001 (Act No. 38 of 2001);
 - (f) the Auditor-General, must be confined to information required for the performance of the Auditor-General’s functions in terms of section 4 of the Public Audit Act, 2004 (Act No. 25 of 2004); 20
 - (g) the Director-General of the Department of Trade and Industry, must be confined to information necessary for—
 - (i) enforcing the legislation administered by the Department of Trade and Industry regulating the movement of goods or persons into or out of the Republic; or 25
 - (ii) the development of industrial or trade policy;
 - (h) the Chief Commissioner of the International Trade Administration Commission, must be confined to information required for the performance of the Commission’s functions in terms of the International Trade Administration Act, 2002 (Act No. 71 of 2002); or 30
 - (i) an organ of state referred to in section 20(j) must be confined to information necessary for enforcing the legislation administered by that organ of state regulating the movement of goods or persons into or out of the Republic. 35
- (2) An authorised recipient may use the information disclosed in terms of subsection (1) only for the purpose for which the information was disclosed.
- (3) Information disclosed in terms of subsection (1)(c) may be used only—
- (a) for the purpose of investigating the alleged commission of an offence; and
 - (b) as evidence in prosecuting a person for an offence.

Disclosures in terms of international agreements 40

- 23.** (1) A disclosure in terms of section 21(f)(i) may be made only—
- (a) if authorised by the Commissioner; and
 - (b) for a purpose and on conditions as may be specified by the Commissioner.
- (2) A disclosure in terms of section 21(f)(ii) may be made only— 45
- (a) in circumstances where the international, regional or national interest in disclosure outweighs any potential harm to the person affected by the disclosure; and
 - (b) for a purpose and on conditions as may be specified by the Commissioner.
- (3) A disclosure referred to in subsection (1) or (2) may be made only to a person authorised to act on behalf of— 50
- (a) a party to the relevant international agreement; or
 - (b) an international agency, institution or organisation established or recognised in terms of that agreement.

Bekendmaking aan gemagtigde ontvangers

22. (1) Enige bekendmaking ingevolge artikel 21(e) aan—
- (a) die Statistikus-generaal moet beperk word tot inligting wat vir statistieke doeleindes benodig word;
 - (b) die Direkteur van die Nasionale Tesourie, moet beperk word tot inligting— 5
 - (i) wat betrekking het op buitelandse transaksies kragtens die Deviesebeheerregulasies; of
 - (ii) wat nodig is vir die ontwikkeling van belastingbeleid of die raming van inkomste;
 - (c) die Suid-Afrikaanse Polisie of die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging, moet beperk word tot inligting wat betrekking het op die beweerde pleeg van misdrywe; 10
 - (d) die Goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir die verrigting van die Goewerneur se funksies ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1994 (Wet No. 29 van 1994); 15
 - (e) die Direkteur van die Finansiële Intelligensiesentrum, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir die verrigting van die Sentrum se funksies ingevolge die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet No. 38 van 2001);
 - (f) die Ouditeur-generaal, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir die verrigting van die Ouditeur-generaal se funksies ingevolge artikel 4 van die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004); 20
 - (g) die Direkteur-generaal van die Departement van Handel en Nywerheid, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir—
 - (i) die toepassing van die wetgewing wat deur die Departement van Handel en Nywerheid ter regulering van die beweging van goedere of persone in of uit die Republiek geadministreer word; of 25
 - (ii) die ontwikkeling van nywerheids- of handelsbeleid;
 - (h) die Hoofkommissaris van die Internasionale Handelsadministrasiekommissie, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir die verrigting van die Kommissie se funksies ingevolge die Internasionale Handelsadministrasiewet, 2002 (Wet No. 71 van 2002); of 30
 - (i) 'n staatsorgaan in artikel 20(j) bedoel, moet beperk word tot inligting wat nodig is vir die toepassing van die wetgewing wat deur daardie staatsorgaan ter regulering van die beweging van goedere of persone in of uit die Republiek geadministreer word. 35
- (2) 'n Gemagtigde ontvanger mag die inligting wat ingevolge subartikel (1) bekend gemaak is, gebruik slegs vir die doel waarvoor die inligting bekend gemaak is.
- (3) Inligting wat ingevolge subartikel (1)(c) bekend gemaak is, mag gebruik word slegs— 40
- (a) vir die doel om die beweerde pleeg van 'n misdryf te ondersoek; en
 - (b) as getuie in die vervolging van 'n persoon vir 'n misdryf.

Bekendmaking ingevolge internasionale ooreenkomste

23. (1) Inligting mag ingevolge artikel 21(f)(i) bekend gemaak word slegs— 45
- (a) indien dit deur die Kommissaris gemagtig is; en
 - (b) vir 'n doel en op voorwaardes soos deur die Kommissaris gespesifiseer mag word.
- (2) Inligting mag ingevolge artikel 21(f)(ii) bekend gemaak word slegs—
- (a) in omstandighede waar die internasionale, streeks- of nasionale belang in die bekendmaking swaarder weeg as enige potensiële gevaar vir die persoon wat deur die bekendmaking geraak word; en 50
 - (b) vir 'n doel en op voorwaardes soos deur die Kommissaris gespesifiseer mag word.
- (3) 'n Bekendmaking bedoel in subartikel (1) of (2) mag gemaak word slegs aan 'n persoon daartoe gemagtig om op te tree ten behoeve van— 55
- (a) 'n party tot die betrokke internasionale ooreenkoms; of
 - (b) 'n internasionale agentskap, instelling of organisasie wat ingevolge daardie ooreenkoms daargestel of erken is.

Part 6

Other matters

Requests for information

24. (1) The customs authority may by written notice request a person in possession of information required for the administration of this Act or a tax levying Act, or any other legislation in the administration of which the Commissioner assists other organs of state, and which is sufficiently identified in the notice, to submit that information to the customs authority within a period specified in the notice. 5

(2) (a) The customs authority may upon written request by any person and payment of a fee as may be prescribed by rule, provide to that person any information acquired by the customs authority in the ordinary course of administering this Act or a tax levying Act. 10

(b) Information provided in terms of paragraph (a)—

- (i) may not specify the identity of the person to whom the information relates or any particulars from which the identity of such a person may be deduced; and 15
- (ii) must be in the public interest.

Rules to facilitate implementation of this Chapter

25. Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules prescribing—

- (a) matters relating to the manner, time and place of performing enforcement functions by customs officers; 20
- (b) limitations and conditions relating to the performance of enforcement functions by customs officers;
- (c) standards of conduct for customs officers when performing their enforcement functions; and 25
- (d) measures to prevent abuse of power by customs officers, including criminal sanctions.

Offences in terms of this Chapter

26. (1) A candidate customs officer is guilty of an offence if that person files in terms of section 10(2)(a) with the Commissioner a declaration of interest which contains false or misleading information or omits information with the intention to mislead. 30

(2) A customs officer is guilty of an offence if that officer—

- (a) fails to comply with section 10(3);
- (b) demands or receives, otherwise than from or through his or her employer, any reward for performing or not performing an enforcement function; or 35
- (c) wilfully does or permits or agrees to do or permit anything in breach of this Act or a tax levying Act.

(3) A SARS official, a customs officer who is not a SARS official or a person referred to in section 12(3) or a person who was such an official, officer or person is guilty of an offence if that official or person contravenes section 21. 40

(4) A person is guilty of an offence if that person fails to comply with a request issued in terms of section 24(1).

(5) An offence referred to in subsection (1) or (2) is a Category 1 offence.

CHAPTER 2

CUSTOMS CONTROL, PLACES OF ENTRY AND EXIT AND CUSTOMS CONTROLLED AREAS 45

Purpose of this Chapter

27. The purpose of this Chapter is—

- (a) to determine the goods and persons that are subject to customs control;

Deel 6

Ander aangeleenthede

Versoeke om inligting

24. (1) Die doeanegesag kan, by skriftelike kennisgewing, 'n persoon wat oor inligting beskik wat benodig word vir die administrasie van hierdie Wet of enige belastingheffings-Wet, of enige ander wetgewing in die administrasie waarvan die Kommissaris ander staatsorgane bystaan, en wat voldoende in daardie kennisgewing geïdentifiseer is, versoek om daardie inligting binne 'n tydperk in die kennisgewing bepaal aan die doeanegesag te verstrek. 5

(2) (a) Die doeanegesag kan op skriftelike versoek van enige persoon en teen betaling van 'n fooi soos by reël voorgeskryf mag word, aan daardie persoon enige inligting verstrek wat deur die doeanegesag in die gewone loop van die administrasie van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet bekom is. 10

(b) Inligting ingevolge paragraaf (a) verstrek—

- (i) mag nie die identiteit van die persoon op wie die inligting betrekking het of enige besonderhede waaruit die identiteit van so 'n persoon afgelei kan word, vermeld nie; en 15
- (ii) moet in die openbare belang wees.

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

25. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit wat voorskryf— 20

- (a) aangeleenthede betreffende die wyse, tyd en plek van verrigting van toepassingsfunksies deur doeanebeamptes;
- (b) beperkings en voorwaardes betreffende die verrigting van toepassingsfunksies deur doeanebeamptes; 25
- (c) standarde van optrede vir doeanebeamptes by die verrigting van hul toepassingsfunksies; en
- (d) maatreëls om misbruik van gesag deur doeanebeamptes te voorkom, met inbegrip van strafregtelike sanksies.

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk 30

26. (1) 'n Kandidaat-doeanebeampte is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon 'n verklaring van belang ingevolge artikel 10(2)(a) aan die Kommissaris verstrek wat vals of misleidende inligting bevat of wat inligting verswyg met die opset om te mislei.

(2) 'n Doeanebeampte is aan 'n misdryf skuldig indien daardie beampte—

- (a) versuim om aan artikel 10(3) te voldoen; 35
- (b) enige vergoeding vereis of ontvang, anders as van, of deur, sy of haar werkgewer vir die verrigting of nie-verrigting van 'n toepassingsfunksie; of
- (c) opsetlik enigiets doen of toelaat, of ooreenkom om dit te doen of toe te laat, wat in stryd met hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet is.

(3) 'n SAID beampte, 'n doeanebeampte wat nie 'n SAID beampte is nie of 'n persoon in artikel 12(3) bedoel, of 'n persoon wat so 'n beampte of persoon was, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie beampte of persoon artikel 21 oortree. 40

(4) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon versuim om te voldoen aan 'n versoek ingevolge artikel 24(1) uitgereik.

(5) 'n Misdryf in subartikel (1) of (2) bedoel is 'n Kategorie 1 misdryf. 45

HOOFSTUK 2

DOEANEBEHEER, PLEKKE VAN TOEGANG EN UITGANG EN DOEANEBEHEERGEBIEDE

Doel van hierdie Hoofstuk

27. Die doel van hierdie Hoofstuk is— 50

- (a) om die goedere en persone te bepaal wat aan doeanebeheer onderworpe is;

- (b) to provide for the designation of places as places of entry and places of exit through which vessels, aircraft, trains, railway carriages, vehicles, goods and persons may enter or leave the Republic;
- (c) to regulate and enforce the entry into and the exit from the Republic of vessels, aircraft, trains, railway carriages, vehicles, goods and persons only through such places of entry or exit; and 5
- (d) to designate and to provide for the designation of places, areas, premises and facilities as customs controlled areas to ensure effective customs control of goods and persons referred to in paragraph (a).

Part 1 10

Customs control

Customs control of goods

28. (1) The following goods are for purposes of this Act and the tax levying Acts subject to customs control:

- (a) All goods imported, or suspected on reasonable grounds to have been imported, into the Republic; 15
- (b) all goods in the process of being exported or suspected on reasonable grounds to be in the process of being exported from the Republic;
- (c) all compensating products under a customs procedure or goods suspected on reasonable grounds to be compensating products under a customs procedure; 20
- (d) all goods manufactured, or on reasonable grounds suspected to have been manufactured, in an excise warehouse or in circumstances to which the Excise Duty Act applies;
- (e) all foreign-going vessels and aircraft, and all vessels or aircraft suspected on reasonable grounds to be foreign-going vessels or aircraft; 25
- (f) all domestic vessels;
- (g) all cross-border trains and railway carriages, and all trains or railway carriages suspected on reasonable grounds to be cross-border trains or railway carriages;
- (h) all vehicles entering or in the process of leaving the Republic, or suspected on reasonable grounds of having entered or being in the process of leaving the Republic; 30
- (i) all goods on board any vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle referred to in paragraph (e), (f), (g) or (h);
- (j) all vessels, aircraft, trains, railway carriages and vehicles transporting, or suspected on reasonable grounds to be transporting, goods referred to in paragraph (a), (b), (c) or (d); 35
- (k) all cross-border transmission lines, and electricity being transmitted through a cross-border transmission line;
- (l) all cross-border pipelines, cable-cars and conveyor belts, and all goods in the process of being conveyed by way of a cross-border pipeline, cable-car or conveyor belt; 40
- (m) all goods, including vessels, aircraft, trains, locomotives, railway carriages and vehicles within a customs controlled area;
- (n) all goods in the process of being conveyed by means of pipelines or conveyor belts used for loading goods onto or off from foreign-going vessels or aircraft or cross-border railway carriages; 45
- (o) all goods that persons that are subject to customs control in terms of section 29(1) have with them, including all accompanied and unaccompanied baggage of persons referred to in section 29(1)(a) or (b); and 50
- (p) any other goods not covered above but in relation to which—
 - (i) a tax imposed in terms of the Customs Duty Act or the Excise Duty Act is payable or on reasonable grounds suspected of being payable; or
 - (ii) the customs authority may exercise a power in terms of a provision of this Act, the Customs Duty Act or the Excise Duty Act. 55

- (b) om voorsiening te maak vir die aanwysing van plekke as plekke van toegang en plekke van uitgang waardeur vaartuie, vliegtuie, treine, spoorwegwaens, voertuie, goedere en persone die Republiek mag binnekom of verlaat;
- (c) om die toegang tot en uitgang uit die Republiek van vaartuie, vliegtuie, treine, spoorwegwaens, voertuie, goedere en persone slegs deur daardie plekke van toegang of uitgang, te reguleer en af te dwing; en 5
- (d) om plekke, gebiede, persele en fasiliteite as doeanebeheergebiede aan te wys en voorsiening te maak vir sulke aanwysings ten einde doeltreffende doeanebeheer oor goedere en persone in paragraaf (a) bedoel, te verseker.

Deel 1 10

Doeanebeheer

Doeanebeheer oor goedere

28. (1) Die volgende goedere is by die toepassing van hierdie Wet en die belastingheffings-Wette aan doeanebeheer onderworpe:

- (a) Alle goedere in die Republiek ingevoer of op redelike gronde vermoed word ingevoer te wees; 15
- (b) alle goedere in die proses om uit die Republiek uitgevoer te word of op redelike gronde vermoed word in die proses is om uitgevoer te word;
- (c) alle kompenserende produkte onder 'n doeaneprocedure of goedere wat op redelike gronde vermoed word kompenserende produkte onder 'n doeaneprocedure te wees; 20
- (d) alle goedere vervaardig, of op redelike gronde vermoed word vervaardig te wees, in 'n aksynspakhuis of onder omstandighede waarop die Wet op Aksynsreg van toepassing is;
- (e) alle land-uitgaande vaartuie of vliegtuie, en alle vaartuie of vliegtuie wat op redelike gronde vermoed word land-uitgaande vaartuie of vliegtuie te wees; 25
- (f) alle plaaslike vaartuie;
- (g) alle oor-grens treine en -spoorwegwaens, en alle treine of spoorwegwaens wat op redelike gronde vermoed word oor-grens treine of -spoorwegwaens te wees; 30
- (h) alle voertuie wat die Republiek binnekom of in die proses is om die Republiek te verlaat, of op redelike gronde vermoed word die Republiek binne te gekom het of in die proses is om die Republiek te verlaat;
- (i) alle goedere aan boord van enige vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig in paragraaf (e), (f), (g) of (h) bedoel; 35
- (j) alle vaartuie, vliegtuie, treine, spoorwegwaens en voertuie wat goedere bedoel in paragraaf (a), (b), (c) of (d) vervoer, of op redelike gronde vermoed word te vervoer;
- (k) alle oor-grens transmissielyste, en elektrisiteit wat deur 'n oor-grens transmissielyste gelei word; 40
- (l) alle oor-grens pyplyne, kabelkarre en vervoerbande, en alle goedere in die proses om by wyse van 'n oor-grens pyplyn, kabelkar of vervoerband vervoer te word;
- (m) alle goedere, met inbegrip van vaartuie, vliegtuie, treine, lokomotiewe, spoorwegwaens en voertuie binne 'n doeanebeheergebied; 45
- (n) alle goedere in die proses om vervoer te word by wyse van pyplyne of vervoerbande wat gebruik word om goedere op land-uitgaande vaartuie of vliegtuie of oor-grens spoorwegwaens op te laai en daarvan af te laai;
- (o) alle goedere wat persone wat ingevolge artikel 29(1) aan doeanebeheer onderworpe is aan hulle het, met inbegrip van alle vergeselde en onvergeselde bagasie van persone in artikel 29(1)(a) of (b) bedoel; en 50
- (p) enige ander goedere nie hierbo gedek nie maar met betrekking waartoe—
 - (i) 'n belasting opgelê ingevolge die Wet op Doeanereg of die Wet op Aksynsreg betaalbaar is, of op redelike gronde vermoed word betaalbaar te wees; of 55
 - (ii) die doeanegesag 'n bevoegdheid ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet, die Wet op Doeanereg of die Wet op Aksynsreg mag uitoefen.

(2) (a) Imported goods remain subject to customs control contemplated in subsection (1) until this Act, the Customs Duty Act and the Excise Duty Act cease to apply to the goods.

(b) The occurrences which cause this Act to cease to apply to imported goods include the following:

- (i) If goods cleared for home use are unconditionally released for home use or, in the case of a conditional release for home use, when the release becomes unconditional;
- (ii) if the goods are in terms of a provision of this Act allowed into free circulation otherwise than in terms of a clearance and release of the goods for home use;³³
- (iii) if the goods are permanently exported from the Republic;
- (iv) if the goods are destroyed;
- (v) if the goods are disposed of by the Commissioner in terms of this Act or by another organ of state in terms of other applicable legislation; and
- (vi) if compensating products obtained from the processing of goods under a customs procedure are allowed into free circulation or permanently exported under that procedure.³⁴

 - (b) if a condition of the licence of any premises used for the purpose of carrying out that customs procedure is breached in respect of those goods. 20
- (3) When applying subsection (1) or (2) to imported goods under a customs procedure in circumstances where the ground for regarding the imported goods to be cleared for home use under Chapter 8 pertains only to a part of those imported goods, only that part of the imported goods must in terms of that subsection be regarded to be cleared for home use.¹⁰⁵ 25

Tax consequences for free circulation goods under customs procedures in event of non-compliance

- 113.** (1) Goods under a customs procedure that were in free circulation when the goods came under that procedure must for tax purposes be regarded to have reverted to free circulation—¹⁰⁶ 30
- (a) if the goods are diverted for home use;
 - (b) if the goods whilst under that procedure are damaged, destroyed, lost or unaccounted for and it is not proved in accordance with Chapter 25—
 - (i) that the goods were damaged, destroyed, lost or unaccounted for due to a recognised cause;¹⁰⁷ or 35
 - (ii) in the case of goods lost due to a recognised cause, that the goods, after having been lost, have not gone into home use in any way; or
 - (c) in any other circumstances specifically provided for in this Act or a tax levying Act.
- (2) The customs authority may direct that goods under a customs procedure that were in free circulation when the goods came under that procedure must for tax purposes be regarded to have reverted to free circulation—
- (a) if a provision of this Act or a tax levying Act applicable to customs procedures generally or to that specific customs procedure is breached in respect of those goods; or 45

103. For tax implications if goods under a customs procedure are regarded to be cleared for home use under Chapter 8, see section 154.

104. See definition of “recognised cause” in section 1.

105. For the equivalent provision in relation to compensating products obtained from imported goods under inward processing, see section 430(3).

106. For tax implications if goods are regarded as having reverted to free circulation, see section 161.

107. See definition of “recognised cause” in section 1.

Belastinggevolge vir ingevoerde goedere onder doeaneprosedures in geval van nie-voldoening

- 112.** (1) Ingevoerde goedere onder 'n doeaneprosedure moet vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik ingevolge Hoofstuk 8 geklaar te wees—¹⁰³
- (a) indien die goedere vir binnelandse gebruik afgewend is; 5
 - (b) indien die goedere, terwyl dit onder daardie prosedure was, beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het en daar nie volgens voorskrif van Hoofstuk 25 bewys word nie—
 - (i) dat die goedere weens 'n erkende oorsaak beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het;¹⁰⁴ of 10
 - (ii) in die geval van goedere wat weens 'n erkende oorsaak verlore geraak het, dat die goedere, nadat dit verlore geraak het, nie op enige wyse in binnelandse gebruik gegaan het nie; of
 - (c) in enige ander omstandighede waarvoor daar spesifiek in hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet voorsiening gemaak word. 15
- (2) Die doeanegesag kan gelas dat ingevoerde goedere onder 'n doeaneprosedure vir belastingdoeleindes geag moet word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees—
- (a) indien 'n breuk begaan word van 'n bepaling van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet wat in die algemeen vir doeaneprosedures of vir daardie bepaalde doeaneprosedure ten opsigte van daardie goedere geld; of 20
 - (b) indien 'n breuk begaan word van 'n voorwaarde van die lisensie van enige perseel wat vir doeleindes van die uitvoering van daardie doeaneprosedure ten opsigte van daardie goedere gebruik word.
- (3) Wanneer subartikel (1) of (2) op ingevoerde goedere onder 'n doeaneprosedure toegepas word in omstandighede waar die rede waarom die ingevoerde goedere geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, betrekking het slegs op 'n gedeelte van daardie ingevoerde goedere, moet slegs daardie gedeelte van die ingevoerde goedere ingevolge daardie subartikel geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees.¹⁰⁵ 25 30

Belastinggevolge vir vry-sirkulasie goedere onder doeaneprosedures in geval van nie-voldoening

- 113.** (1) Goedere onder 'n doeaneprosedure wat in vry sirkulasie was toe die goedere onder daardie prosedure gekom het, moet vir belastingdoeleindes geag word tot vry sirkulasie terug te geval het—¹⁰⁶ 35
- (a) indien die goedere vir binnelandse gebruik afgewend is;
 - (b) indien die goedere terwyl dit onder daardie prosedure was, beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het en daar nie volgens voorskrif van Hoofstuk 25 bewys word nie—
 - (i) dat die goedere weens 'n erkende oorsaak beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het;¹⁰⁷ of 40
 - (ii) in die geval van goedere wat weens 'n erkende oorsaak verlore geraak het, dat die goedere, nadat dit verlore geraak het, nie op enige wyse in binnelandse gebruik gegaan het nie; of
 - (c) in enige ander omstandighede waarvoor daar spesifiek in hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet voorsiening gemaak word. 45
- (2) Die doeanegesag kan gelas dat goedere onder 'n doeaneprosedure wat in vry sirkulasie was toe die goedere onder daardie prosedure gekom het vir belastingdoeleindes, geag moet word tot vry sirkulasie terug te geval het—
- (a) indien 'n breuk begaan word van 'n bepaling van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet wat vir doeaneprosedures in die algemeen of vir daardie bepaalde doeaneprosedure ten opsigte van daardie goedere geld; of 50

103. Vir belastinggevolge indien goedere onder 'n doeaneprosedure geag word geklaar te wees vir binnelandse gebruik onder Hoofstuk 8, kyk artikel 154.

104. Kyk omskrywing van "erkende oorsaak" in artikel 1.

105. Vir die ooreenstemmende bepaling met betrekking tot kompenserende produkte verkry uit ingevoerde goedere onder inwaartse prosessering, kyk artikel 430(3).

106. Vir belastinggevolge indien goedere geag word na vry sirkulasie terug te gekeer het, kyk artikel 161.

107. Kyk omskrywing van "erkende oorsaak" in artikel 1.

(b) if a condition of the licence of any premises used for the purpose of carrying out that customs procedure is breached in respect of those goods.

(3) When applying subsection (1) or (2) to goods under a customs procedure in circumstances where the ground for regarding the goods to have reverted to free circulation pertains only to a part of those goods, only that part of the goods must in terms of that subsection be regarded to have reverted to free circulation. 5

Tax consequences for goods exported under customs procedures in event of non-compliance

114. (1) The customs authority may direct that goods exported under a customs procedure must for tax purposes be regarded to be cleared for outright export¹⁰⁸ if a provision of this Act or a tax levying Act applicable to customs procedures generally or to that specific customs procedure is breached in respect of those goods. 10

(2) When applying subsection (1) to goods exported under a customs procedure in circumstances where the ground for regarding the exported goods to be cleared for outright export pertains only to a part of those exported goods, only that part of the exported goods must in terms of that subsection be regarded to be cleared for outright export.¹⁰⁹ 15

(3) This section may not be read as affecting the application of section 112 or 113 in relation to goods under a customs procedure.

Other consequences of non-compliance with provisions applicable to customs procedures 20

115. Section 112, 113 or 114 applies apart from any criminal proceedings that may be instituted, administrative penalty that may be imposed or any other step that may be taken by the customs authority in terms of this Act for a breach of a provision applicable to customs procedures generally or to the relevant customs procedure, which may include, where not inconsistent with this Act or other applicable legislation or otherwise inappropriate— 25

- (a) withdrawing the release of the goods for the relevant customs procedure in terms of section 105;
- (b) demanding that the goods immediately be cleared for home use under Chapter 8, in the case of imported goods; 30
- (c) applying section 570(2), read with section 580, to the goods;
- (d) seizing the goods in terms of Chapter 35;
- (e) allowing the person who cleared the goods to abandon the goods to the Commissioner in accordance with Chapter 26; or 35
- (f) allowing or directing the person who cleared the goods to—
 - (i) continue applying the relevant customs procedure to the goods but subject to such conditions as the customs authority may determine;
 - (ii) remove the goods from the Republic, in the case of imported goods; or
 - (iii) destroy the goods under supervision of the customs authority or an organ 40 of state designated by the customs authority.

108. For tax implications if goods are regarded to be cleared for outright export, see section 159.

109. For the equivalent provision in relation to compensating products obtained from goods exported under outward processing procedure, see section 472.

(b) indien 'n breuk begaan word van 'n voorwaarde van die lisensie van enige perseel wat vir doeleindes van die uitvoering van daardie doeaneprosedure ten opsigte van daardie goedere gebruik word.

(3) Wanneer subartikel (1) of (2) op goedere onder 'n doeaneprosedure toegepas word in omstandighede waar die rede waarom die goedere geag word tot vry sirkulasie terug te geval het slegs op 'n gedeelte van daardie goedere betrekking het, moet slegs daardie gedeelte van die goedere ingevolge daardie subartikel geag word tot vry sirkulasie terug te geval het. 5

Belastinggevolge vir goedere uitgevoer onder doeaneprosedures in geval van nie-voldoening 10

114. (1) Die doeanegesag kan gelas dat goedere uitgevoer onder 'n doeaneprosedure vir belastingdoeleindes geag moet word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees¹⁰⁸ indien 'n bepaling van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet wat vir doeaneprosedures in die algemeen of vir daardie bepaalde doeaneprosedure geld, ten opsigte van daardie goedere verbreek is. 15

(2) Wanneer subartikel (1) op goedere uitgevoer onder 'n doeaneprosedure toegepas word in omstandighede waar die rede waarom die uitgevoerde goedere geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, betrekking het slegs op 'n gedeelte van daardie uitgevoerde goedere, moet slegs daardie gedeelte van die uitgevoerde goedere ingevolge daardie subartikel geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees.¹⁰⁹ 20

(3) Hierdie artikel mag nie uitgelê word op 'n wyse wat afbreuk doen aan die toepassing van artikel 112 of 113 met betrekking tot goedere onder 'n doeaneprosedure nie.

Ander gevolge van nie-voldoening aan bepalings wat vir doeaneprosedures geld

115. Artikel 112, 113 of 114 kan toegepas word afgesien van enige strafregtelike verrigtinge wat ingestel kan word, administratiewe boete wat opgelê kan word of ander stap wat gedoen kan word deur die doeanegesag ingevolge hierdie Wet vir 'n breuk van 'n bepaling wat vir doeaneprosedures in die algemeen of vir die bepaalde doeaneprosedure geld, wat kan insluit, waar dit nie met hierdie Wet of ander geldende wetgewing onbestaanbaar is of andersins onvanpas is nie— 25 30

- (a) om die vrystelling van die goedere vir die bepaalde doeaneprosedure ingevolge artikel 105 in te trek;
- (b) om te gelas dat die die goedere onmiddellik vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar word, in die geval van ingevoerde goedere;
- (c) om artikel 570(2), saamgelees met artikel 580, op die goedere toe te pas; 35
- (d) om op die goedere ingevolge Hoofstuk 35 beslag te lê;
- (e) om die persoon wat die goedere geklaar het, toe te laat om die goedere ooreenkomstig Hoofstuk 26 aan die Kommissaris oor te gee; of
- (f) om die persoon wat die goedere geklaar het, toe te laat of te gelas om— 40
 - (i) voort te gaan om die betrokke doeaneprosedure op die goedere toe te pas, maar behoudens die voorwaardes soos die doeanegesag mag bepaal;
 - (ii) die goedere uit die Republiek te verwyder, in die geval van ingevoerde goedere; of
 - (iii) die goedere onder toesig van die doeanegesag of 'n staatsorgaan aangewys deur die doeanegesag te vernietig. 45

108. Vir belastinggevolge indien goedere geag word geklaar te wees vir regstreekse uitvoer, kyk artikel 159.

109. Vir die ooreenstemmende bepaling met betrekking tot kompenserende produkte wat verkry is van goedere uitgevoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering, kyk artikel 472.

Part 4

Other matters

Keeping of records

116. (1) A person carrying on a business in the Republic as may be specified by rule must for purposes of this Act and any tax levying Act keep such records relating to that business and transactions and in such form, as may be prescribed by rule or as the customs authority may require in a specific case. 5

(2) A person referred to in subsection (1) must on request by a customs officer produce, in a manner and form as may be prescribed by rule, any records referred to in subsection (1), or any information contained in such records, which the customs officer may require for enforcing this Act or a tax levying Act. 10

Rules to facilitate implementation of this Chapter

117. Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules prescribing—

- (a) any general conditions applicable to an exclusion referred to in section 91 or 95, the circumstances in which the customs authority may withdraw any such exclusion in the case of specific goods or goods imported or to be exported by a specific person, and procedures for the withdrawal of any such exclusion; 15
- (b) the circumstances in and the conditions on which section 97, 107 or 110 may be applied; 20
- (c) measures aimed at ensuring the expeditious customs processing of clearance declarations;
- (d) notification procedures when the release of goods for home use or a customs procedure has been refused or withdrawn;
- (e) documents and other methods to prove that goods fall within an excluded category listed in section 91 or 95; and 25
- (f) documents on authority of which goods that fall within an excluded category listed in section 91 or 95 may be claimed and removed.

Offences in terms of this Chapter

118. (1) An importer of goods to which section 89 applies, or, if the importer is not located in the Republic, the importer's agent in the Republic, is guilty of an offence if— 30

- (a) no clearance declaration to clear the goods for home use or a customs procedure in compliance with that section is submitted to the customs authority; or
- (b) a clearance declaration is submitted but not within the timeframes or at the time required by section 90(1) or (3). 35

(2) An exporter of goods to which section 93 applies, or, if the exporter is not located in the Republic, the exporter's agent in the Republic, is guilty of an offence if—

- (a) no clearance declaration to clear the goods for export in compliance with that section is submitted to the customs authority; or 40
- (b) a clearance declaration is submitted but not within the timeframes or at the time required by section 94.

(3) A person is guilty of an offence if that person—

- (a) contravenes section 111(1) or fails to comply with section 116(1);
- (b) contravenes or fails to comply with a condition imposed in terms of section 104; or 45
- (c) fails to comply with a request issued in terms of section 116(2) or a direction issued in terms of section 115(f).

(4) The offences referred to in subsections (1)(a) and (2)(a) are Category 1 offences.

Deel 4

Ander aangeleenthede

Rekordhouding

116. (1) 'n Persoon wat 'n besigheid in die Republiek bedryf soos by reël gespesifiseer mag word, moet vir doeleindes van hierdie Wet en enige belastingheffings-Wet, dié rekords hou betreffende daardie besigheid en transaksies, en in dié vorm, soos by reël voorgeskryf of deur die doeanegesag in 'n bepaalde geval vereis mag word. 5

(2) 'n Persoon bedoel in subartikel (1) moet op versoek van 'n doeanbeampte, op 'n wyse en vorm soos by reël voorgeskryf mag word, enige rekords in subartikel (1) bedoel, of enige inligting vervat in daardie rekords, voorlê wat die doeanbeampte vir die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet mag benodig. 10

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

117. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit wat die volgende voorskryf: 15

- (a) Enige algemene voorwaardes wat van toepassing is op 'n uitsluiting in artikel 91 of 95 bedoel, die omstandighede waarin die doeanegesag so 'n uitsluiting mag intrek in die geval van spesifieke goedere of goedere wat ingevoer is of uitgevoer word deur 'n spesifieke persoon, en prosedures vir die intrekking van so 'n uitsluiting; 15
- (b) die omstandighede waarin, en die voorwaardes waarop, artikel 97, 107 of 110 toegepas kan word; 20
- (c) maatreëls wat daarop gerig is om die versnelde doeaneprosessering van klaringsbriewe te verseker;
- (d) kennisgewingsprosedures wanneer die vrystelling van goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure geweier of ingetrek word; 25
- (e) dokumente en ander metodes om te bewys dat goedere binne 'n uitgeslote kategorie vermeld in artikel 91 of 95 val; en
- (f) dokumente op gesag waarvan goedere wat binne 'n uitgeslote kategorie vermeld in artikel 91 of 95 val, opgeëis en verwyder kan word.

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk 30

118. (1) 'n Invoerder van goedere waarop artikel 89 van toepassing is, of, indien die invoerder nie in die Republiek gesetel is nie, die invoerder se agent in die Republiek, is aan 'n misdryf skuldig indien—

- (a) geen klaringsbrief om die goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure ter voldoening aan daardie artikel te klaar by die doeanegesag ingedien word nie; of 35
- (b) 'n klaringsbrief ingedien word maar nie binne die tydsraam of op die tydstip deur artikel 90(1) of (3) vereis nie.

(2) 'n Uitvoerder van goedere waarop artikel 93 van toepassing is, of, indien die uitvoerder nie in die Republiek gesetel is nie, die uitvoerder se agent in die Republiek, is aan 'n misdryf skuldig indien— 40

- (a) geen klaringsbrief om die goedere vir uitvoer ter voldoening aan daardie artikel te klaar by die doeanegesag ingedien word nie; of
- (b) 'n klaringsbrief ingedien word maar nie binne die tydsraam of op die tydstip deur artikel 94 vereis nie. 45

(3) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon—

- (a) artikel 111(1) oortree of versuim om aan artikel 116(1) te voldoen;
- (b) artikel 104 oortree of versuim om te voldoen aan 'n voorwaarde ingevolge daardie artikel opgelê; of
- (c) versuim om te voldoen aan 'n versoek ingevolge artikel 116(2) uitgereik of 'n lasgewing ingevolge artikel 115(f) uitgereik. 50

(4) Die misdrywe in subartikels (1)(a) en (2)(a) bedoel is Kategorie 1 misdrywe.

CHAPTER 5

GENERAL PRINCIPLES GOVERNING TRANSPORT, SEALING AND LOADING OF GOODS

Purpose and application of this Chapter

- 119.** (1) The purpose of this Chapter is to determine general principles governing— 5
- (a) the transport of goods not in free circulation;
 - (b) the sealing of containers, vehicles and packages;
 - (c) the loading and off-loading of goods destined for export; and
 - (d) the transfer of goods— 10
 - (i) between vessels;
 - (ii) between vehicles; and
 - (iii) between containers.
- (2) This Chapter applies subject to any other provision of this Act applicable specifically to the transport, sealing, loading, off-loading or transfer of goods under a particular customs procedure, and in the event of any inconsistency between a provision 15 of this Chapter and such other provision of this Act that other provision prevails.

Part 1

Transport of goods not in free circulation

Application of this Part

- 120.** (1) This Part applies to the transport of all goods not in free circulation except the 20 following categories of goods:
- (a) Goods transported on board a foreign-going vessel or aircraft from—
 - (i) the place where the vessel or aircraft entered the Republic to the customs seaport or airport where the goods are off-loaded;
 - (ii) the place where the vessel or aircraft entered the Republic to the place 25 where the vessel or aircraft leaves the Republic, if the goods are not off-loaded in the Republic; or
 - (iii) the customs seaport or airport where the goods were loaded on board the vessel or aircraft for export from the Republic to the place where the vessel or aircraft leaves the Republic; 30
 - (b) goods transported on board a cross-border railway carriage from—
 - (i) the place of entry where the railway carriage entered the Republic to the rail cargo terminal where the goods are off-loaded;
 - (ii) the rail cargo terminal where the goods were loaded on board the railway carriage for export from the Republic to the place of exit where the 35 railway carriage leaves the Republic; or
 - (iii) the place of entry where the railway carriage entered the Republic to the place of exit where the railway carriage leaves the Republic, if the goods were not off-loaded in the Republic;
 - (c) goods transported between terminals and depots served by the same Customs Office; 40
 - (d) goods transported in accordance with a direction issued or permission granted by the customs authority in terms of a provision of this Act or a tax levying Act and the goods are transported in accordance with the requirements and conditions of the direction or permission; or¹¹⁰ 45
 - (e) goods transported in accordance with an obligatory provision of this Act or a tax levying Act.¹¹¹
- (2) Subsection (1) may not be read as affecting the cargo reporting requirements contained in Chapter 3.

110. For issuing directions and permissions subject to conditions, see section 918.

111. See for instance section 570(1).

HOOFSTUK 5

ALGEMEEN-GELDENDE BEGINSELS VIR VERVOER, SEËL EN LAAI VAN GOEDERE

Doel en toepassing van hierdie Hoofstuk

119. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om algemeen-geldende beginsels te bepaal 5
vir—
- (a) die vervoer van goedere wat nie in vry sirkulasie is nie;
 - (b) die seël van houers, voertuie en verpakings;
 - (c) die oplaai en aflaai van goedere bestem vir uitvoer; en
 - (d) die oorplasing van goedere— 10
 - (i) tussen vaartuie;
 - (ii) tussen voertuie; en
 - (iii) tussen houers.
- (2) Hierdie Hoofstuk is van toepassing behoudens enige ander bepaling van hierdie 15
Wet wat spesifiek vir die vervoer, seël, oplaai, aflaai of oorplasing van goedere onder 'n
bepaalde doeaneprosedure geld, en in die geval van enige teenstrydigheid tussen 'n
bepaling van hierdie Hoofstuk en so 'n ander bepaling van hierdie Wet, geniet daardie
ander bepaling voorrang.

Deel 1

Vervoer van goedere wat nie in vry sirkulasie is nie 20

Toepassing van hierdie Deel

120. (1) Hierdie Deel is van toepassing op die vervoer van alle goedere wat nie in vry 25
sirkulasie is nie uitgesonderd die volgende kategorieë goedere:
- (a) Goedere vervoer aan boord van 'n land-uitgaande vaartuig of vliegtuig 25
vanaf—
 - (i) die plek waar die vaartuig of vliegtuig die Republiek binnegekom het tot 25
die doeaneseehawe of -lughawe waar die goedere afgelaai word;
 - (ii) die plek waar die vaartuig of vliegtuig die Republiek binnegekom het tot 30
die plek waar die vaartuig of vliegtuig die Republiek verlaat, indien die
goedere nie in die Republiek afgelaai word nie; of
 - (iii) die doeaneseehawe of -lughawe waar die goedere aan boord van die 30
vaartuig of vliegtuig vir uitvoer uit die Republiek gelaai is tot die plek
waar die vaartuig of vliegtuig die Republiek verlaat;
 - (b) goedere vervoer aan boord van 'n oor-grens spoorwegwa vanaf— 35
 - (i) die plek van toegang waar die spoorwegwa die Republiek binnegekom 35
het tot die spoorvragterminaal waar die goedere afgelaai word;
 - (ii) die spoorvragterminaal waar die goedere aan boord van die spoorwegwa
vir uitvoer uit die Republiek gelaai is tot die plek van uitgang waar die
spoorwegwa die Republiek verlaat; of
 - (iii) die plek van toegang waar die spoorwegwa die Republiek binnegekom 40
het tot die plek van uitgang waar die spoorwegwa die Republiek verlaat,
indien die goedere nie in die Republiek afgelaai is nie;
 - (c) goedere vervoer tussen terminale en depots wat deur dieselfde Doeanekantoor 45
bedien word;
 - (d) goedere vervoer op gesag van 'n lasgewing uitgereik of toestemming verleen 45
deur die doeanegesag ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet of 'n
belastingheffings-Wet en die goedere vervoer word ooreenkomstig die
vereistes en voorwaardes van die lasgewing of toestemming; of¹¹⁰
 - (e) goedere vervoer ooreenkomstig 'n dwingende bepaling van hierdie Wet of 'n 50
belastingheffings-Wet.¹¹¹
- (2) Subartikel (1) mag nie uitgelê word op 'n wyse wat afbreuk doen aan die 50
vragverslagdoeningsvereistes in Hoofstuk 3 vervat nie.

110. Vir uitreik van lasgewings en toestemming behoudens voorwaardes, kyk artikel 918.

111. Kyk byvoorbeeld artikel 570(1).

Goods not in free circulation to be transported only under customs procedures

121. Goods not in free circulation may be transported in or through the Republic only—

- (a) under a customs procedure that provides for or allows the transport of goods under that procedure; and 5
- (b) in accordance with the provisions of this Act applicable to such transport.

Persons permitted to transport goods not in free circulation

122. Goods not in free circulation may be transported only by—

- (a) a licensed carrier;
- (b) a carrier represented in the Republic by a registered agent, if the carrier is not located in the Republic; or 10
- (c) any other person permitted in terms of the customs procedure under which the goods are transported, to transport goods under that procedure.

Measures to ensure integrity of transport of goods not in free circulation

123. (1) The customs authority may, in addition to its other enforcement functions,¹¹² 15 take any steps or issue any directions necessary to guard against any unauthorised interference when goods not in free circulation are transported, including by—

- (a) pre-approving the vehicle or container in which the goods are to be transported;
- (b) marking or sealing the holding compartment of the vehicle or the container; 20
- (c) stipulating the mode of transport;
- (d) stipulating the route to be followed;
- (e) stipulating the specific place to which the goods must be delivered;
- (f) requiring the provision of security in terms of Chapter 31 or any security additional to security already given in terms of that Chapter; 25
- (g) shortening any applicable time limits within which the transport of the goods must commence and be completed; or
- (h) requiring that the goods be transported under supervision of a customs escort.

(2) Any steps taken or directions issued by the customs authority in terms of subsection (1) are subject to such conditions or requirements as— 30

- (a) may be prescribed by rule; or
- (b) the customs authority may determine in a specific case.

Transport of goods not in free circulation with other goods in same vehicle

124. Goods not in free circulation may be transported on the same vehicle with goods in free circulation only in accordance with any requirements as may be prescribed by 35 rule or as the customs authority may permit in a specific case.

Accidents and other unforeseen events

125. (1) The carrier or other person transporting goods not in free circulation must promptly report to the customs authority electronically in accordance with section 913 40 any breakdown, accident or other unforeseen event occurring in the course of transporting the goods which compromises the integrity of the goods or the transport of the goods.

¹¹². See Chapter 33.

Vervoer van goedere nie in vry sirkulasie nie slegs onder doeaneprosedures

121. Goedere wat nie in vry sirkulasie is nie mag in of deur die Republiek vervoer word slegs—
- (a) onder 'n doeaneprosedure wat vir die vervoer van goedere onder daardie prosedure voorsiening maak of dit toelaat; en 5
 - (b) ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet wat vir sodanige vervoer geld.

Persone gemagtig om goedere nie in vry sirkulasie nie te vervoer

122. Goedere wat nie in vry sirkulasie is nie mag vervoer word slegs deur—
- (a) 'n gelisensieerde vervoerder;
 - (b) 'n vervoerder wat in die Republiek verteenwoordig word deur 'n 10
geregistreerde agent, indien die vervoerder nie in die Republiek gesetel is nie;
of
 - (c) enige ander persoon wat ingevolge die doeaneprosedure waaronder die
goedere vervoer word, toegelaat word om die goedere onder daardie
prosedure te vervoer. 15

Maatreëls om integriteit van vervoer van goedere nie in vry sirkulasie nie te verseker

123. (1) Die doeanegesag kan, benewens sy ander toepassingsfunksies,¹¹² enige stappe doen of enige lasgewings uitreik wat nodig mag wees om enige ongemagtigde inmenging te voorkom wanneer goedere wat nie in vry sirkulasie is nie vervoer word, met inbegrip daarvan om—
- (a) die voertuig of houer waarin die goedere vervoer moet word vooraf goed te keur;
 - (b) die houerkompartement van die voertuig of die houer te merk of te seël;
 - (c) die wyse van vervoer te stipuleer; 25
 - (d) die roetes wat gevolg moet word, te stipuleer;
 - (e) die spesifieke plek waar die goedere gelewer moet word, te stipuleer;
 - (f) die stel van sekuriteit ingevolge Hoofstuk 31, of enige sekuriteit bo en behalwe enige sekuriteit alreeds ingevolge daardie Hoofstuk gestel, te vereis;
 - (g) enige tersaaklike tydsbepelings waarbinne die vervoer van die goedere moet begin en afgehandel moet wees, te verkort; of 30
 - (h) te vereis dat die goedere vervoer word onder toesig van doeanebegeleiding.
- (2) Enige stappe gedoen of lasgewings uitgereik deur die doeanegesag ingevolge subartikel (1) is onderworpe aan sodanige voorwaardes of vereistes soos—
- (a) by reël voorgeskryf mag word; of 35
 - (b) die doeanegesag in 'n bepaalde geval mag bepaal.

Vervoer van goedere nie in vry sirkulasie nie saam met ander goedere in dieselfde voertuig

124. Goedere wat nie in vry sirkulasie is nie mag op dieselfde voertuig saam met goedere in vry sirkulasie vervoer word slegs ooreenkomstig enige vereistes soos by reël voorgeskryf of deur die doeanegesag in 'n bepaalde geval toegelaat mag word. 40

Ongelukke en ander onvoorsiene gebeurtenisse

125. (1) Die vervoerder of ander persoon wat goedere wat nie in vry sirkulasie is nie vervoer, moet onverwyld enige onklaarraking van die middel van vervoer, ongeluk of ander onvoorsiene gebeurtenis wat in die loop van die vervoer van die goedere plaasvind wat die integriteit van die goedere, of die vervoer van die goedere, in gevaar stel, aan die doeanegesag elektronies ooreenkomstig artikel 913 rapporteer. 45

112. Kyk Hoofstuk 33.

(2) If the integrity of the goods or the transport of the goods is compromised by an event referred to in subsection (1), the carrier or other person transporting the goods must comply with any directions issued by the customs authority.¹¹³

Part 2

Sealing, loading, off-loading and transfer of goods

5

Seals and sealing of containers, vehicles and packages

126. (1) A container, the holding compartment of a vehicle capable of being closed, a road tanker and any package as may be specified by rule, which contains goods not in free circulation, must have such security seals affixed thereto or be otherwise secured by such fastenings and in such manner and in compliance with such standards or other specifications, as may be prescribed by rule. 10

(2) Such seals or fastenings must be supplied and affixed by and at the risk and expense of a person as may be prescribed by rule.

Loading of goods destined for export on foreign-going vessels and aircraft and cross-border railway carriages¹¹⁴

15

127. (1) No goods destined for export from the Republic may be loaded on board a foreign-going vessel, foreign-going aircraft or cross-border railway carriage in which the goods are to be exported unless the goods are—

- (a) cleared and released for export in terms of the export procedure; or
- (b) to be exported under a customs procedure that allows the export of goods under that procedure without any separate export clearance.¹¹⁵ 20

(2) Subsection (1) does not apply to goods falling within a category of goods excluded in terms of section 95 from export clearance requirements.

Off-loading of goods destined for export from foreign-going vessels and aircraft, cross-border railway carriages and trucks before export

25

128. (1) Goods cleared and released for export in terms of the export procedure or that are to be exported under a customs procedure that allows the export of goods under that procedure without any separate export clearance, may, once loaded on board a foreign-going vessel or aircraft, cross-border railway carriage or truck in which the goods are to be exported from the Republic, not be off-loaded or transferred to another mode of transport in the Republic except— 30

- (a) in accordance with the provisions regulating that customs procedure; or
- (b) with the permission of the customs authority.

(2) Subsection (1) does not apply to—

- (a) a class or kind or other category of goods as may be excluded by rule from subsection (1); or 35
- (b) goods as may be exempted by the customs authority from that subsection in a specific case.

113. If goods are damaged, destroyed or lost due to an accident or other occurrence, Chapter 25 becomes applicable.

114. Section 39 applies to vehicles and goods on board vehicles passing through land border-posts out of the Republic.

115. The following customs procedures allow the export of goods under that procedure without separate export clearance:

- (a) the international transit procedure in terms of Chapter 9;
- (b) the transshipment procedure in terms of Chapter 11;
- (c) the tax free shop procedure in terms of Chapter 14; and
- (d) the stores procedure in terms of Chapter 15.

(2) Indien die integriteit van die goedere of die vervoer van die goedere deur 'n gebeurtenis bedoel in subartikel (1) in gevaar gestel is, moet die vervoerder of ander persoon wat die goedere vervoer, voldoen aan enige lasgewings deur die doeanegesag uitgereik.¹¹³

Deel 2

5

Seël, oplaai, aflaai en oorplasing van goedere

Seëls en seëling van houers, voertuie en verpakkings

126. (1) 'n Houer, die houerkompartement van 'n voertuig wat toegemaak kan word, 'n padtenkwa en enige verpakkings soos by reël gespesifiseer mag word, wat goedere bevat wat nie in vry sirkulasie is nie, moet dié beveiligingseëls daarby aangeheg hê of andersins deur dié vasmaakmiddels en op dié wyse en in nakoming van dié standarde of ander spesifikasies beveilig wees, soos by reël voorgeskryf mag word. 10

(2) Sulke seëls of vasmaakmiddels moet verskaf en aangeheg word deur, en op risiko en koste van, 'n persoon soos by reël voorgeskryf mag word.

Oplaai van goedere bestem vir uitvoer op land-uitgaande vaartuie en vliegtuie en oor-grens spoorwegwaens¹¹⁴ 15

127. (1) Geen goedere bestem vir uitvoer uit die Republiek mag aan boord gelaai word van 'n land-uitgaande vaartuig, land-uitgaande vliegtuig of oor-grens spoorwegwa waarin die goedere uitgevoer gaan word nie, tensy die goedere—

- (a) geklaar en vrygestel is vir uitvoer ingevolge die uitvoerprosedure; of 20
- (b) bestem is vir uitvoer onder 'n doeaneprosedure wat die uitvoer van goedere onder daardie prosedure sonder 'n afsonderlike uitvoerklaring magtig.¹¹⁵

(2) Subartikel (1) geld nie vir goedere wat binne 'n kategorie goedere val wat ingevolge artikel 95 van uitvoerklaringsvereistes uitgesluit is nie.

Aflaai van goedere bestem vir uitvoer van land-uitgaande vaartuie en vliegtuie, oor-grens spoorwegwaens en trokke voor uitvoer 25

128. (1) Goedere geklaar en vrygestel vir uitvoer ingevolge die uitvoerprosedure, of wat uitgevoer word onder 'n doeaneprosedure wat die uitvoer van goedere onder daardie prosedure sonder 'n afsonderlike uitvoerklaring magtig, mag nie, nadat dit aan boord gelaai is van 'n land-uitgaande vaartuig of vliegtuig, oor-grens spoorwegwa of trok waarin die goedere uit die Republiek uitgevoer gaan word, daarvan afgelaai word of oorgeplaas word na 'n ander wyse van vervoer in die Republiek nie behalwe— 30

- (a) ooreenkomstig die bepalinge wat daardie doeaneprosedure reguleer; of
- (b) met die toestemming van die doeanegesag.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op— 35

- (a) 'n klas of soort of ander kategorie goedere soos by reël van subartikel (1) uitgesluit mag word nie; of
- (b) goedere soos deur die doeanegesag in 'n spesifieke geval van daardie subartikel onthef mag word nie.

113. Indien goedere beskadig of vernietig word of verlore gaan weens 'n ongeluk of ander gebeurtenis, word Hoofstuk 25 van toepassing.

114. Artikel 39 geld voertuie en goedere aan boord van voertuie wat deur land-grensposte uit die Republiek beweeg.

115. Die volgende doeaneprosedures veroorloof die uitvoer van goedere onder daardie prosedure sonder afsonderlike uitvoerklaring:

- (a) Die prosedure vir internasionale transito ingevolge Hoofstuk 9;
- (b) die transverskepingsprosedure ingevolge Hoofstuk 11;
- (c) die prosedure vir belastingvry-winkels ingevolge Hoofstuk 14; en
- (d) die voorradeprosedure ingevolge Hoofstuk 15.

Transfer of goods between vessels

- 129.** (1) No goods may be transferred from a foreign-going vessel to another foreign-going vessel or to a domestic vessel except—
- (a) under a customs procedure that allows such transfer,¹¹⁶ if the goods are not in free circulation; or 5
 - (b) with the permission of the customs authority, if the goods are in free circulation.
- (2) No goods may be transferred from a domestic vessel to a foreign-going vessel except—
- (a) under a customs procedure that allows such transfer,¹¹⁷ if the goods are not in free circulation; or 10
 - (b) with the permission of the customs authority, if the goods are in free circulation.
- (3) Subsections (1) and (2) do not apply to—
- (a) any class or kind or other category of goods as may be excluded by rule from subsection (1) or (2); or 15
 - (b) any specific goods as may be exempted by the customs authority from subsection (1) or (2) in a specific case.

Transfer of goods between vehicles or containers

- 130.** (1) Once the transport of goods that are not in free circulation has commenced the goods may only with the permission of the customs authority and only in accordance with any requirements or conditions as may be prescribed by rule be transferred from the vehicle or container in which the goods are transported to another vehicle or container. 20
- (2) Permission in terms of subsection (1) may be given only in the case of a breakdown, accident or other circumstances as may be prescribed by rule. 25

Part 3

Other matters

Rules to facilitate implementation of this Chapter

- 131.** Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules— 30
- (a) regarding—
 - (i) the keeping and affixing of security seals to goods, containers, packages, vehicles or any part of a vehicle, or the securing of goods by other fastenings; and
 - (ii) the recording of seal numbers; and 35
 - (b) specifying records to be kept of the inspection of seals or fastenings, and the circumstances in which, and the requirements that must be met when seals or fastenings are replaced.

Offences in terms of this Chapter

- 132.** (1) A person is guilty of an offence— 40
- (a) if that person contravenes section 121, 122, 127(1), 128(1) or 129(1) or (2);
 - (b) if section 124 is contravened or not complied with in respect of the transport of goods not in free circulation; or
 - (c) if a direction issued or a condition imposed in terms of section 123(1) is contravened or not complied with in respect of the transport of goods not in free circulation. 45

¹¹⁶. Eg. Transshipment.

¹¹⁷. Eg. Coastwise carriage and delivery of goods under international transit.

Oorplasing van goedere tussen vaartuie

- 129.** (1) Geen goedere mag van 'n land-uitgaande vaartuig na 'n ander land-uitgaande vaartuig of na 'n plaaslike vaartuig oorgeplaas word nie behalwe—
- (a) onder 'n doeaneprosedure wat so 'n oorplasing magtig,¹¹⁶ indien die goedere nie in vry sirkulasie is nie; of 5
 - (b) met die toestemming van die doeanegesag, indien die goedere in vry sirkulasie is.
- (2) Geen goedere mag van 'n plaaslike vaartuig na 'n land-uitgaande vaartuig oorgeplaas word nie behalwe—
- (a) onder 'n doeaneprosedure wat so 'n oorplasing magtig,¹¹⁷ indien die goedere nie in vry sirkulasie is nie; of 10
 - (b) met die toestemming van die doeanegesag, indien die goedere in vry sirkulasie is.
- (3) Subartikels (1) en (2) is nie van toepassing op—
- (a) enige klas of soort of ander kategorie goedere soos by reël van subartikel (1) of (2) uitgesluit mag word nie; of 15
 - (b) enige spesifieke goedere soos deur die doeanegesag in 'n spesifieke geval van subartikel (1) of (2) onthef mag word nie.

Oorplasing van goedere tussen voertuie of houers

- 130.** (1) Sodra die vervoer van goedere wat nie in vry sirkulasie is nie begin, mag die goedere slegs met die toestemming van die doeanegesag en slegs ooreenkomstig enige vereistes of voorwaardes soos by reël voorgeskryf mag word, van 'n voertuig of houer waarin die goedere vervoer word na 'n ander voertuig of houer oorgeplaas word.
- (2) Toestemming ingevolge subartikel (1) kan verleen word slegs in die geval van die onklaarraking van die voertuig, 'n ongeluk of ander omstandighede soos by reël voorgeskryf mag word. 25

Deel 3

Ander aangeleenthede

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

- 131.** Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit—
- (a) aangaande—
 - (i) die hou en aanhegting van beveiligingseëls aan goedere, houers, verpakkings, voertuie of enige deel van 'n voertuig, of die beveiliging van goedere deur ander vasmaakmiddels; en 35
 - (ii) die aantekening van seëlnommers; en
 - (b) wat die rekords wat van die inspeksie van seëls of vasmaakmiddels gehou moet word, en wat die omstandighede waarin, en die vereistes waaraan voldoen moet word, wanneer seëls of vasmaakmiddels vervang word, spesifiseer. 40

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk

- 132.** (1) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig—
- (a) indien daardie persoon artikel 121, 122, 127(1), 128(1) of 129(1) of (2) oortree;
 - (b) indien artikel 124 oortree word, of nie aan voldoen word nie, ten opsigte van die vervoer van goedere wat nie in vry sirkulasie is nie; of 45
 - (c) indien 'n lasgewing uitgereik of 'n voorwaarde opgelê ingevolge artikel 123(1) oortree word, of nie aan voldoen word nie, ten opsigte van die vervoer van goedere wat nie in vry sirkulasie is nie.

116. Bv. transverskeping.

117. Bv. kusvervoer en aflewering van goedere onder internasionale transitio.

(2) A person transporting goods not in free circulation is guilty of an offence if the goods are not transported in accordance with any steps taken or directions issued by the customs authority in terms of section 123.

(3) A person referred to in section 126(2) is guilty of an offence if that person fails to comply with subsection (1) of that section. 5

(4) The offence referred to in subsection (1)(c) or (2) is a Category 1 offence.

CHAPTER 6

TAX STATUS OF GOODS

Purpose and application of this Chapter

133. (1) The purpose of this Chapter is to confer for purposes of any applicable tax levying Act a tax status on goods— 10

(a) when the goods—

(i) are cleared for home use; or

(ii) are cleared for a customs procedure or otherwise come under a customs procedure; 15

(b) whilst the goods are under a customs procedure; or

(c) if the goods are regarded to be cleared for home use or outright export.

(2) (a) A tax status conferred on goods in terms of this Chapter applies to the goods only if, or to the extent, not provided otherwise in a tax levying Act regulating any relevant tax on those goods. 20

(b) If a tax levying Act in relation to the tax regulated by that Act limits or qualifies the extent of the tax status conferred on goods in terms of this Chapter, the tax status conferred in this Chapter applies to the goods in relation to that tax only to the extent as so limited or qualified in that tax levying Act.

(c) In the event of any inconsistency between this Chapter and a provision of a tax levying Act, the provision of the tax levying Act prevails. 25

Legal effect of tax status

134. (1) A tax due status conferred in terms of this Chapter on goods in relation to import or export tax indicates that import or export tax—

(a) is payable on the goods if the goods are of a class or kind on which import or export tax has been imposed in terms of a tax levying Act; or 30

(b) will become payable on the goods if import or export tax is imposed in terms of a tax levying Act on goods of that class or kind.

(2) A tax free status conferred in terms of this Chapter on goods in relation to import tax, export tax or domestic tax indicates that whilst the goods have such a tax free status no import, export or domestic tax— 35

(a) that have been imposed in terms of a tax levying Act on goods of that type or kind is payable on the goods; or

(b) that may be imposed in terms of a tax levying Act on goods of that type or kind will be payable on the goods. 40

(3) A tax refundable status conferred in terms of this Chapter on goods in relation to domestic tax¹¹⁸ indicates that domestic tax paid on the goods may be refundable subject to and in accordance with the applicable tax levying Act.

118. For instance tax such as VAT and excise duty paid on goods whilst in free circulation.

(2) 'n Persoon wat goedere wat nie in vry sirkulasie is nie vervoer, is aan 'n misdryf skuldig indien die goedere nie vervoer word nie ooreenkomstig enige stappe gedoen of lasgewings uitgereik deur die doeanegesag ingevolge artikel 123.

(3) 'n Persoon in artikel 126(2) bedoel, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon versuim om aan subartikel (1) van daardie artikel te voldoen. 5

(4) Die misdryf in subartikel (1)(c) of (2) bedoel, is 'n Kategorie 1 misdryf.

HOOFSTUK 6

BELASTINGSTATUS VAN GOEDERE

Doel en toepassing van hierdie Hoofstuk

133. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om vir doeleindes van enige belastingheffings-Wet wat van toepassing mag wees, 'n belastingstatus aan goedere te verleen— 10

(a) wanneer die goedere—

(i) vir binnelandse gebruik geklaar word; of

(ii) vir 'n doeaneprosedure geklaar word of andersins onder 'n doeaneprosedure kom; 15

(b) terwyl die goedere onder 'n doeaneprosedure is; of

(c) indien die goedere geag word vir binnelandse gebruik of regstreekse uitvoer geklaar te wees.

(2) (a) 'n Belastingstatus aan goedere ingevolge hierdie Hoofstuk verleen, geld vir die goedere slegs indien, en vir sover, daar nie anders in 'n belastingheffings-Wet wat enige tersaaklike belasting op daardie goedere reguleer, bepaal word nie. 20

(b) Indien 'n belastingheffings-Wet, met betrekking tot die belasting wat deur daardie Wet gereguleer word, enige beperking of kwalifikasie plaas op die omvang van die belastingstatus wat ingevolge hierdie Hoofstuk aan daardie goedere verleen word, geld die belastingstatus deur hierdie Hoofstuk verleen vir die goedere met betrekking tot daardie belasting slegs in die mate soos in daardie belastingheffings-Wet beperk of gekwalifiseer. 25

(c) In die geval van enige teenstrydigheid tussen hierdie Hoofstuk en 'n bepaling van 'n belastingheffings-Wet, geniet die bepaling van die belastingheffings-Wet voorrang. 30

Regsgevolg van belastingstatus

134. (1) 'n Belasting betaalbare status ingevolge hierdie Hoofstuk aan goedere met betrekking tot invoer- of uitvoerbelasting verleen, is aanduidend daarvan dat invoer- of uitvoerbelasting—

(a) op die goedere betaalbaar is indien die goedere van 'n klas of soort is waarop invoer- of uitvoerbelasting ingevolge 'n belastingheffings-Wet opgelê is; of 35

(b) op die goedere betaalbaar sal word indien invoer- of uitvoerbelasting ingevolge 'n belastingheffings-Wet op goedere van daardie klas of soort opgelê sou word.

(2) 'n Belastingvry status ingevolge hierdie Hoofstuk aan goedere met betrekking tot invoerbelasting, uitvoerbelasting of plaaslike belasting verleen, is aanduidend daarvan dat terwyl die goedere so 'n belastingvry status het geen invoer-, uitvoer- of plaaslike belasting— 40

(a) wat ingevolge 'n belastingheffings-Wet op goedere van daardie klas of soort opgelê is, op die goedere betaalbaar is nie; of 45

(b) wat ingevolge 'n belastingheffings-Wet op goedere van daardie klas of soort opgelê mag word, op die goedere betaalbaar sal wees nie.

(3) 'n Belasting terugbetaalbare status ingevolge hierdie Hoofstuk aan goedere met betrekking tot plaaslike belasting¹¹⁸ verleen, is aanduidend daarvan dat plaaslike belasting wat op die goedere betaal is, terugbetaalbaar mag wees behoudens en ooreenkomstig die tersaaklike belastingheffings-Wet. 50

¹¹⁸ Byvoorbeeld belasting soos BTW en aksynsreg betaal op goedere terwyl dit in vry sirkulasie is.

Part 1

Goods formally cleared

Tax status of goods cleared for home use under Chapter 8¹¹⁹

135. (1) Goods imported into the Republic acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to import tax if, and from the time, the goods are cleared for home use under Chapter 8.¹²⁰ 5

(2) Any import tax on imported goods that acquire a tax due status in terms of subsection (1) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant import tax.

Tax status of goods in free circulation cleared for outright export 10

136. (1) Goods in free circulation destined for outright export acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to export tax and a tax refundable status in relation to any domestic tax paid on the goods, as from the time the goods are cleared for outright export.¹²¹

(2) Any export tax on goods that acquire a tax due status in terms of subsection (1) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant export tax.

(3) Any domestic tax paid on goods before the goods acquired a tax refundable status in terms of subsection (1) may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant domestic tax. 20

Tax status of imported goods not in free circulation cleared for outright export

137. (1) Imported goods not in free circulation destined for outright export¹²² acquire, subject to section 133(2), as from the time the goods are cleared for outright export¹²³—

- (a) a tax due status in relation to export tax; and
- (b) a tax refundable status in relation to import tax. 25

(2) (a) Any export tax on goods that acquire a tax due status in terms of subsection (1)(a) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant export tax.

(b) Any import tax paid on the imported goods before the goods acquired a tax refundable status in terms of subsection (1)(b) may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant import tax. 30

119. This section only applies to goods cleared for home use under Chapter 8. Goods cleared for home use under a customs procedure, such as re-imported unaltered goods under the temporary export procedure, have a tax status applicable to the relevant customs procedure. See section 187(2).

120. See section 173 for time when goods are cleared.

121. See section 173 for time when goods are cleared.

122. Definition of “outright export” excludes goods exported under specific customs procedures such as temporary export, exports under the stores procedure, etc. This section will accordingly apply to goods such as warehoused goods that are outright exported, or where goods are exported on instruction of the customs authority, etc.

123. See section 173 for time when goods are cleared.

Deel 1

Goedere formeel geklaar

Belastingstatus van goedere vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar¹¹⁹

135. (1) Goedere wat in die Republiek ingevoer is, verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting indien, en vanaf die tydstip waarop, die goedere vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar word.¹²⁰ 5

(2) Enige invoerbelasting op ingevoerde goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (1) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke invoerbelasting reguleer. 10

Belastingstatus van goedere in vry sirkulasie vir regstreekse uitvoer geklaar

136. (1) Goedere in vry sirkulasie wat bestem is vir regstreekse uitvoer verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting en 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot enige plaaslike belasting op die goedere betaal, vanaf die tydstip waarop die goedere vir regstreekse uitvoer geklaar word.¹²¹ 15

(2) Enige uitvoerbelasting op goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (1) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke uitvoerbelasting reguleer. 20

(3) Enige plaaslike belasting wat op goedere betaal is voordat die goedere 'n belasting terugbetaalbare status ingevolge subartikel (1) verkry het, kan behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke plaaslike belasting reguleer van die Kommissaris verhaal word. 25

Belastingstatus van ingevoerde goedere nie in vry sirkulasie nie vir regstreekse uitvoer geklaar

137. (1) Ingevoerde goedere nie in vry sirkulasie nie wat bestem is vir regstreekse uitvoer¹²² verkry, behoudens artikel 133(2), vanaf die tydstip waarop die goedere vir regstreekse uitvoer geklaar word—¹²³ 30

(a) 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting; en

(b) 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot invoerbelasting.

(2) (a) Enige uitvoerbelasting op goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (1)(a) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke uitvoerbelasting reguleer. 35

(b) Enige invoerbelasting wat op die ingevoerde goedere betaal is voordat die goedere 'n belasting terugbetaalbare status ingevolge subartikel (1)(b) verkry het, kan behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke invoerbelasting reguleer van die Kommissaris verhaal word. 40

119. Hierdie artikel geld slegs vir goedere wat vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar word. Goedere wat vir binnelandse gebruik geklaar word onder 'n doeaneprosedure, soos heringevoerde onveranderde goedere onder die prosedure vir tydelike uitvoer, het 'n belastingstatus wat vir die betrokke doeaneprosedure geld. Kyk artikel 187(2).

120. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

121. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

122. Omskrywing van "regstreekse uitvoer" sluit nie in goedere uitgevoer onder bepaalde doeaneprosedures soos tydelike uitvoer, uitvoer onder die voorradeprosedure, ens. nie. Hierdie artikel sal gevolglik van toepassing wees op goedere soos pakhuisgoedere wat regstreeks uitgevoer word, of waar goedere in opdrag van die doeanegesag uitgevoer word, ens.

123. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

Tax status of goods manufactured in excise warehouses cleared for outright export

138. (1) Manufactured products destined for outright export which were obtained from manufacturing processes in excise warehouses in which imported goods were used or in which both such imported goods and goods that were in free circulation before they were delivered to the warehouse were used, acquire, subject to section 133(2), as from the time the goods are cleared for outright export¹²⁴— 5

- (a) a tax due status in relation to export tax;
- (b) a tax refundable status in relation to any import tax paid on those imported goods; and
- (c) if applicable, a tax refundable status in relation to any domestic tax paid on those other goods that were in free circulation before they were delivered to the warehouse. 10

(2) (a) Any export tax on manufactured products that acquire a tax due status in terms of subsection (1)(a) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant export tax. 15

(b) Any import tax paid on the imported goods referred to in subsection (1)(b) before the manufactured products acquired a tax refundable status in terms of that subsection in relation to import tax, may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant import tax.

(c) Any domestic tax paid on the goods referred to in subsection (1)(c) before the manufactured products acquired a tax refundable status in terms of that subsection in relation to domestic tax, may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant domestic tax. 20

(3) Manufactured products destined for outright export which were obtained from manufacturing processes in excise warehouses in which no imported goods were used, acquire, subject to section 133(2), as from the time the goods are cleared for outright export— 25

- (a) a tax due status in relation to export tax; and
- (b) a tax refundable status in relation to any domestic tax paid on the goods used in the manufacture of those products. 30

(4) (a) Any export tax on manufactured products that acquire a tax due status in terms of subsection (3)(a) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant export tax.

(b) Any domestic tax paid on goods used in the manufacture of the manufactured products before those products acquired a tax refundable status in terms of subsection (3)(b) may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant domestic tax. 35

Tax status of goods under national transit procedure

139. The national transit procedure confers, subject to section 133(2), a tax free status in relation to import tax on goods under that procedure and no import tax is payable on goods when cleared for¹²⁵ and whilst under that procedure. 40

Tax status of goods under international transit procedure

140. (1) The international transit procedure confers, subject to section 133(2), a tax free status in relation to import tax and export tax on goods under that procedure.

124. See section 173 for time when goods are cleared.
125. See section 173 for time when goods are cleared.

Belastingstatus van goedere in aksynspakhuisse vervaardig en vir regstreekse uitvoer geklaar

138. (1) Vervaardigde produkte bestem vir regstreekse uitvoer wat verkry is uit vervaardigingsprosesse in aksynspakhuisse waarin ingevoerde goedere gebruik is, of waarin beide sodanige ingevoerde goedere en goedere wat in vry sirkulasie was voor aflewering daarvan by die pakhuis, gebruik is, verkry, behoudens artikel 133(2), vanaf die tydstip waarop die goedere vir regstreekse uitvoer geklaar word—¹²⁴

- (a) 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting;
- (b) 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot enige invoerbelasting op daardie ingevoerde goedere betaal; en
- (c) indien van toepassing, 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot enige plaaslike belasting wat betaal is op daardie ander goedere wat in vry sirkulasie was voor aflewering daarvan by die pakhuis.

(2) (a) Enige uitvoerbelasting op vervaardigde produkte wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (1)(a) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke uitvoerbelasting reguleer.

(b) Enige invoerbelasting wat betaal is op die ingevoerde goedere bedoel in subartikel (1)(b) voordat die vervaardigde produkte 'n belasting terugbetaalbare status ingevolge daardie subartikel met betrekking tot invoerbelasting verkry het, kan behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke invoerbelasting reguleer van die Kommissaris verhaal word.

(c) Enige plaaslike belasting wat betaal is op die goedere bedoel in subartikel (1)(c) voordat die vervaardigde produkte 'n belasting terugbetaalbare status ingevolge daardie subartikel met betrekking tot plaaslike belasting verkry het, kan behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke plaaslike belasting reguleer van die Kommissaris verhaal word.

(3) Vervaardigde produkte bestem vir regstreekse uitvoer wat verkry is uit vervaardigingsprosesse in aksynspakhuisse waarin geen ingevoerde goedere gebruik is nie, verkry, behoudens artikel 133(2), vanaf die tydstip waarop die goedere vir regstreekse uitvoer geklaar word—

- (a) 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting; en
- (b) 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot enige plaaslike belasting wat betaal is op die goedere wat in die vervaardiging van daardie produkte gebruik is.

(4) (a) Enige uitvoerbelasting op vervaardigde produkte wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (3)(a) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke uitvoerbelasting reguleer.

(b) Enige plaaslike belasting wat betaal is op goedere gebruik in die vervaardiging van die vervaardigde produkte voordat daardie produkte 'n belasting terugbetalingstatus ingevolge subartikel (3)(b) verkry het, kan behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke plaaslike belasting reguleer van die Kommissaris verhaal word.

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir nasionale transito

139. Die prosedure vir nasionale transito verleen, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure en geen invoerbelasting is op goedere betaalbaar wanneer dit vir daardie prosedure geklaar word¹²⁵ en terwyl dit onder daardie prosedure is nie.

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir internasionale transito

140. (1) Die prosedure vir internasionale transito verleen, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting en uitvoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure.

¹²⁴. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.
¹²⁵. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

- (2) In terms of such tax free status—
- (a) no import tax is payable on goods when cleared for¹²⁶ and whilst under the international transit procedure; and
 - (b) no export tax is payable on goods when exported under that procedure.

Tax status of goods under excise warehouse transit procedure 5

- 141.** (1) The excise warehouse transit procedure confers, subject to section 133(2)—
- (a) a tax free status in relation to a duty or levy in terms of the Excise Duty Act on goods under that procedure; and
 - (b) a tax due status in relation to any other import tax on goods under that procedure. 10
- (2) Any import tax on imported goods that acquire a tax due status in terms of subsection (1)(b) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant import tax.

Tax status of goods under transhipment procedure

- 142.** (1) The transhipment procedure confers, subject to section 133(2), a tax free status in relation to import tax and export tax on goods under that procedure. 15
- (2) In terms of such tax free status—
- (a) no import tax is payable on goods when cleared for¹²⁷ and whilst under the transhipment procedure; and
 - (b) no export tax is payable on goods when exported under that procedure. 20

Tax status of goods under temporary admission procedure

- 143.** (1) The temporary admission procedure confers, subject to section 133(2), a tax free status in relation to import tax and export tax on goods under that procedure.
- (2) In terms of the tax free status referred to in subsection (1)—
- (a) no import tax is payable on goods— 25
 - (i) when cleared for¹²⁸ the temporary admission procedure;
 - (ii) which automatically come under that procedure when entering the Republic; and
 - (iii) whilst the goods are under that procedure; and
 - (b) no export tax is payable on goods referred to in— 30
 - (i) paragraph (a)(i) when cleared for export under the outbound leg of that procedure; or
 - (ii) paragraph (a)(ii) when those goods leave the Republic under the outbound leg of that procedure.

Tax status of imported goods under warehousing procedure 35

144. The warehousing procedure confers, subject to section 133(2), a tax free status in relation to import tax on goods under that procedure, and no import tax is payable on goods when cleared for¹²⁹ and whilst under that procedure.

126. See section 173 for time when goods are cleared.
127. See section 173 for time when goods are cleared.
128. See section 173 for time when goods are cleared.
129. See section 173 for time when goods are cleared.

- (2) Ingevolge sodanige belastingvry status—
- (a) is geen invoerbelasting op goedere betaalbaar wanneer dit vir die prosedure vir internasionale transito geklaar word¹²⁶ en terwyl dit onder daardie prosedure is nie; en
 - (b) is geen uitvoerbelasting op goedere betaalbaar wanneer dit onder daardie prosedure uitgevoer word nie. 5

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir aksynspakhuistransito

141. (1) Die prosedure vir aksynspakhuistransito verleen, behoudens artikel 133(2)—
- (a) 'n belastingvry status met betrekking tot 'n reg of heffing ingevolge die Wet op Aksynsreg aan goedere onder daardie prosedure; en 10
 - (b) 'n belasting betaalbare status met betrekking tot enige ander invoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure.
- (2) Enige invoerbelasting op ingevoerde goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge subartikel (1)(b) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke invoerbelasting reguleer. 15

Belastingstatus van goedere onder transverskepingsprosedure

142. (1) Die transverskepingsprosedure verleen, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting en uitvoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure. 20
- (2) Ingevolge sodanige belastingvry status—
- (a) is geen invoerbelasting op goedere betaalbaar wanneer dit vir die transverskepingsprosdure geklaar word¹²⁷ en terwyl dit onder daardie prosedure is nie; en
 - (b) is geen uitvoerbelasting op goedere betaalbaar wanneer dit onder daardie prosedure uitgevoer word nie. 25

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir tydelike toelating

143. (1) Die prosedure vir tydelike toelating verleen, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting en uitvoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure. 30
- (2) Ingevolge die belastingvry status in subartikel (1) bedoel—
- (a) is geen invoerbelasting betaalbaar op goedere—
 - (i) wanneer dit vir die prosedure vir tydelike toelating geklaar word nie;¹²⁸
 - (ii) wat outomaties onder daardie prosedure kom wanneer dit die Republiek binnekom nie; en 35
 - (iii) terwyl die goedere onder daardie prosedure is nie; en
 - (b) is geen uitvoerbelasting betaalbaar op goedere bedoel in—
 - (i) paragraaf (a)(i) wanneer dit vir uitvoer onder die uitwaartse fase van daardie prosedure geklaar word nie; of
 - (ii) paragraaf (a)(ii) wanneer daardie goedere die Republiek onder die uitwaartse fase van daardie prosedure verlaat nie. 40

Belastingstatus van ingevoerde goedere onder pakhuisbergingsprosedure

144. Die pakhuisbergingsprosedure verleen, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting aan goedere onder daardie prosedure, en geen invoerbelasting is op goedere betaalbaar wanneer dit vir daardie prosedure geklaar word¹²⁹ en terwyl dit onder daardie prosedure is nie. 45

126. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.
127. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.
128. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.
129. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

Tax status of goods under tax free shop procedure

- 145.** (1) The tax free shop procedure confers, subject to section 133(2)—
- (a) a tax free status in relation to import tax, export tax and domestic tax; and
 - (b) a tax refundable status in relation to domestic tax paid on goods that were in free circulation before the goods came under that procedure. 5
- (2) In terms of the tax free status referred to in subsection (1)—
- (a) no import tax is payable on imported goods when cleared for¹³⁰ and whilst under the tax free shop procedure;
 - (b) no domestic tax is payable on goods referred to in paragraph (a) or that were in free circulation before they came under that procedure, when those goods are sold whilst under and in accordance with that procedure; and 10
 - (c) no export tax is payable on goods referred to in paragraph (b) when exported under that procedure.
- (3) In terms of the tax refundable status referred to in subsection (1) any domestic tax paid on goods that were in free circulation before they came under the tax free shop procedure may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant domestic tax.¹³¹ 15

Tax status of goods under stores procedure

- 146.** (1) The stores procedure confers, subject to section 133(2)—
- (a) a tax free status in relation to import tax, domestic tax and export tax; and 20
 - (b) a tax refundable status in relation to domestic tax paid on goods that were in free circulation before the goods came under that procedure.
- (2) In terms of the tax free status referred to in subsection (1), except where provided otherwise in this Act¹³²—
- (a) no import tax is payable on imported goods— 25
 - (i) when cleared for¹³³ the stores procedure;
 - (ii) which automatically come under that procedure when entering the Republic; and
 - (iii) whilst under that procedure; and
 - (b) no export tax is payable on goods exported under that procedure. 30
- (3) In terms of the tax refundable status referred to in subsection (1) any domestic tax paid on goods that were in free circulation before they came under the stores procedure may be recovered from the Commissioner subject to and in accordance with the tax levying Act regulating the relevant domestic tax.

Tax status of goods under temporary export procedure 35

- 147.** (1) Goods under the temporary export procedure acquire, subject to section 133(2), a tax free status in relation to export tax and import tax as from the time the goods are cleared for that procedure¹³⁴ or otherwise come under that procedure.

130. See section 173 for time when goods are cleared.

131. Goods in free circulation can be supplied to a tax free shop without any clearance and release requirements, but once supplied come under the tax free shop procedure and acquire a tax free status.

132. See for instance section 349.

133. See section 173 for time when goods are cleared.

134. See section 173 for time when goods are cleared.

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir belastingvry-winkels

- 145.** (1) Die prosedure vir belastingvry-winkels verleen, behoudens artikel 133(2)—
- (a) 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting, uitvoerbelasting en plaaslike belasting; en
 - (b) 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot plaaslike belasting wat betaal is op goedere wat in vry sirkulasie was voordat dit onder daardie prosedure gekom het. 5
- (2) Ingevolge die belastingvry status bedoel in subartikel (1)—
- (a) is geen invoerbelasting op ingevoerde goedere betaalbaar wanneer dit vir die prosedure vir belastingvry-winkels geklaar word¹³⁰ en terwyl dit onder daardie prosedure is nie; 10
 - (b) is geen plaaslike belasting betaalbaar op goedere in paragraaf (a) bedoel of wat in vry sirkulasie was voordat dit onder daardie prosedure gekom het nie, wanneer daardie goedere verkoop word terwyl onder en ooreenkomstig daardie prosedure; en 15
 - (c) is geen uitvoerbelasting betaalbaar op goedere bedoel in paragraaf (b) wanneer dit onder daardie prosedure uitgevoer word nie.
- (3) Ingevolge die belasting terugbetaalbare status bedoel in subartikel (1) kan enige plaaslike belasting wat op goedere betaal is wat in vry sirkulasie was voordat dit onder die prosedure vir belastingvry-winkels gekom het, van die Kommissaris verhaal word 20 behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke plaaslike belasting reguleer.¹³¹

Belastingstatus van goedere onder voorradeprosedure

- 146.** (1) Die voorradeprosedure verleen, behoudens artikel 133(2)—
- (a) 'n belastingvry status met betrekking tot invoerbelasting, plaaslike belasting en uitvoerbelasting; en 25
 - (b) 'n belasting terugbetaalbare status met betrekking tot plaaslike belasting wat betaal is op goedere wat in vry sirkulasie was voordat dit onder daardie prosedure gekom het.
- (2) Ingevolge die belastingvry status in subartikel (1) bedoel, behalwe waar anders in hierdie Wet¹³² bepaal— 30
- (a) is geen invoerbelasting op ingevoerde goedere betaalbaar—
 - (i) wanneer dit vir die voorradeprosedure geklaar word nie;¹³³
 - (ii) wat outomaties onder daardie prosedure kom wanneer dit die Republiek binnekom nie; en 35
 - (iii) terwyl dit onder daardie prosedure is nie; en
 - (b) is geen uitvoerbelasting betaalbaar op goedere wat onder daardie prosedure uitgevoer word nie.
- (3) Ingevolge die belasting terugbetaalbare status bedoel in subartikel (1) kan enige plaaslike belasting wat betaal is op goedere wat in vry sirkulasie was voordat dit onder die voorradeprosedure gekom het, van die Kommissaris verhaal word behoudens en ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat die betrokke plaaslike belasting reguleer. 40

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir tydelike uitvoer

- 147.** (1) Goedere onder die prosedure vir tydelike uitvoer verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belastingvry status met betrekking tot uitvoerbelasting en invoerbelasting 45 vanaf die tydstop waarop die goedere vir daardie prosedure geklaar word¹³⁴ of andersins onder daardie prosedure kom.

130. Kyk artikel 173 vir tydstop waarop goedere geklaar word.

131. Goedere in vry sirkulasie kan aan 'n belastingvry-winkel sonder enige klarings- en vrystellingsvereistes verskaf word, maar sodra dit verskaf is, kom dit onder die prosedure vir belastingvry-winkels en verkry dit 'n belastingvry status.

132. Kyk byvoorbeeld artikel 349.

133. Kyk artikel 173 vir tydstop waarop goedere geklaar word.

134. Kyk artikel 173 vir tydstop waarop goedere geklaar word.

- (2) In terms of the tax free status referred to in subsection (1)—
- (a) no export tax is payable on goods—
 - (i) when cleared for and whilst under the temporary export procedure; or
 - (ii) which automatically come under that procedure when the goods leave the Republic; 5
 - (b) no import tax is payable on goods referred to in—
 - (i) paragraph (a)(i) when those goods are cleared under the inbound leg of that procedure as re-imported unaltered goods for home use, subject to subsection (3); or
 - (ii) paragraph (a)(ii) when those goods return to the Republic under the inbound leg of that procedure;¹³⁵ and 10
 - (c) any export tax paid on exported goods cleared for outright export may be recovered from the Commissioner if those goods are returned to the Republic and cleared and released under the temporary export procedure as re-imported unaltered goods for home use. 15
- (3) Subsection (2)(b) does not affect liability for unpaid import tax on imported goods exported under the temporary export procedure or exported under the export procedure and subsequently cleared for temporary export. When such goods are returned to the Republic on the inbound leg of that procedure, any unpaid import tax on the initial import of the goods becomes payable when the goods are cleared as unaltered goods for home use. 20

Tax status of goods under inward processing procedure

- 148.** (1) (a) Imported goods destined for inward processing acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to import tax as from the time the goods are cleared for the inward processing procedure.¹³⁶ 25
- (b) Any import tax on imported goods that acquire a tax due status in terms of paragraph (a) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant import tax.
- (2) Inward processed compensating products obtained from the processing of imported goods under the inward processing procedure have a tax free status in relation to export tax, and no export tax is payable on such products when cleared for export under the inward processing procedure as inward processed compensating products. 30

Tax status of goods under home use processing procedure

- 149.** (1) (a) Imported goods destined for home use processing acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to import tax as from the time the goods are cleared for the home use processing procedure.¹³⁷ 35
- (b) Any import tax on imported goods that acquire a tax due status in terms of paragraph (a) becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant import tax.
- (2) Home use compensating products obtained from the processing of imported goods under home use processing have a tax status applicable to goods in free circulation when becoming goods in free circulation in terms of section 445. 40

135. This applies to means of transport and reusable transport equipment in free circulation before leaving the Republic on the outbound leg of the procedure. See Part 5 of Chapter 17.

136. See section 173 for time when goods are cleared.

137. See section 173 for time when goods are cleared.

- (2) Ingevolge die belastingvry status bedoel in subartikel (1)—
- (a) is geen uitvoerbelasting betaalbaar op goedere—
 - (i) wanneer geklaar vir en terwyl onder die prosedure vir tydelike uitvoer nie; of
 - (ii) wat outomaties onder daardie prosedure kom wanneer die goedere die Republiek verlaat nie; 5
 - (b) is geen invoerbelasting betaalbaar op goedere bedoel in—
 - (i) paragraaf (a)(i) wanneer daardie goedere geklaar word onder die inwaartse fase van daardie prosedure as heringevoerde onveranderde goedere vir binnelandse gebruik nie, behoudens subartikel (3); of 10
 - (ii) paragraaf (a)(ii) wanneer daardie goedere na die Republiek onder die inwaartse fase van daardie prosedure teruggebring word nie;¹³⁵ en
 - (c) kan enige uitvoerbelasting betaal op uitgevoerde goedere geklaar vir regstreekse uitvoer van die Kommissaris verhaal word indien daardie goedere na die Republiek teruggebring en geklaar en vrygestel word onder die prosedure vir tydelike uitvoer as heringevoerde onveranderde goedere vir binnelandse gebruik. 15

(3) Subartikel (2)(b) raak nie aanspreeklikheid vir onbetaalde invoerbelasting op ingevoerde goedere wat onder die prosedure vir tydelike uitvoer uitgevoer is of wat onder die uitvoerprosedure uitgevoer is en daarna vir tydelike uitvoer geklaar word nie. 20
Wanneer sulke goedere onder die inwaartse fase van daardie prosedure na die Republiek teruggebring word, word enige onbetaalde invoerbelasting op die aanvanklike invoer van die goedere betaalbaar wanneer die goedere as onveranderde goedere vir binnelandse gebruik geklaar word.

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir inwaartse prosessering 25

148. (1) (a) Ingevoerde goedere bestem vir inwaartse prosessering verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf die tydstip waarop die goedere vir die prosedure vir inwaartse prosessering geklaar word.¹³⁶

(b) Enige invoerbelasting op ingevoerde goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge paragraaf (a) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke invoerbelasting reguleer. 30

(2) Inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte wat uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering verkry word, het 'n belastingvry status met betrekking tot uitvoerbelasting, en geen uitvoerbelasting is op sodanige produkte betaalbaar wanneer dit vir uitvoer onder die prosedure vir inwaartse prosessering as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar word nie. 35

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir binnelandse gebruikprosessering

149. (1) (a) Ingevoerde goedere bestem vir binnelandse gebruikprosessering verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf die tydstip waarop die goedere vir die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geklaar word.¹³⁷ 40

(b) Enige invoerbelasting op ingevoerde goedere wat 'n belasting betaalbare status ingevolge paragraaf (a) verkry, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke invoerbelasting reguleer. 45

(2) Binnelandse gebruik kompenserende produkte wat uit die prosessering van ingevoerde goedere onder binnelandse gebruikprosessering verkry word, het 'n belastingstatus van toepassing op goedere in vry sirkulasie wanneer dit ingevolge artikel 445 goedere in vry sirkulasie word. 50

135. Hierdie bepaling geld vir middels van vervoer en herbruikbare vervoertoerusting wat in vry sirkulasie was voordat dit die Republiek op die uitwaartse fase van die prosedure verlaat het. Kyk Deel 5 van Hoofstuk 17.

136. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

137. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

Tax status of goods under outward processing procedure

150. (1) (a) Goods in free circulation destined for export under the outward processing procedure acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to export tax as from the time the goods are cleared for the outward processing procedure.¹³⁸ 5

(b) Any export tax on goods in free circulation that are cleared for outward processing becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant export tax.

(2) (a) Outward processed compensating products obtained from the processing of goods under the outward processing procedure acquire, subject to section 133(2), a tax due status in relation to import tax as from the time the goods are cleared for home use under the outward processing procedure as outward processed compensating products.¹³⁹ 10

(b) Any import tax on imported goods that are cleared for home use under the outward processing procedure as outward processed compensating products becomes payable at such time and by such person or persons as determined in terms of the tax levying Act regulating the relevant import tax. 15

Duration of tax status conferred by customs procedures

151. (1) The tax status conferred on goods by a customs procedure applies for as long as the goods are under that customs procedure. 20

(2) When goods under a specific customs procedure are—

(a) cleared and released for another customs procedure, the goods acquire a tax status applicable to that other customs procedure as from the time the goods are cleared for that other procedure; or

(b) cleared for home use under Chapter 8, the goods acquire a tax status applicable to home use under that Chapter as from the time the goods are cleared for home use. 25

Part 2

Goods regarded to be cleared for home use

Tax status of goods imported or off-loaded otherwise than through or at places of entry 30

152. (1) If goods imported into the Republic, including any foreign-going vessel or aircraft, cross-border train or railway carriage or vehicle entering the Republic, are in terms of section 42 regarded for tax purposes to be cleared for home use under Chapter 8, those goods acquire a tax due status in relation to import tax as from— 35

(a) the date of import; or

(b) a date determined by the customs authority if the date of import for any reason cannot be determined.

(2) Any import tax¹⁴⁰ that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for home use under Chapter 8 on the date applied to the goods in terms of that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁴¹ at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁴² 40

138. See section 173 for time when goods are cleared.

139. See section 173 for time when goods are cleared.

140. See for instance section 84 of the Customs Duty Act for assessment of duties on goods regarded to be cleared for home use.

141. See for instance section 81(1)(b) of the Customs Duty Act.

142. See for instance section 28 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

Belastingstatus van goedere onder prosedure vir uitwaartse prosessering

150. (1) (a) Goedere in vry sirkulasie bestem vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting vanaf die tydstip waarop die goedere vir die prosedure vir uitwaartse prosessering geklaar word.¹³⁸ 5

(b) Enige uitvoerbelasting op goedere in vry sirkulasie wat vir uitwaartse prosessering geklaar word, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke uitvoerbelasting reguleer.

(2) (a) Uitwaarts geprosesseerde kompenseerende produkte wat uit die prosessering van goedere onder die prosedure vir uitwaartse prosessering verkry word, verkry, behoudens artikel 133(2), 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf die tydstip waarop die goedere vir binnelandse gebruik onder die prosedure vir uitwaartse prosessering as uitwaartse geprosesseerde kompenseerende produkte geklaar word.¹³⁹ 10

(b) Enige invoerbelasting op ingevoerde goedere wat vir binnelandse gebruik onder die prosedure vir uitwaartse prosessering as uitwaartse geprosesseerde kompenseerende produkte geklaar word, word betaalbaar op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die belastingheffings-Wet bepaal wat die betrokke invoerbelasting reguleer. 15

Duur van belastingstatus deur doeaneprosedures verleen 20

151. (1) Die belastingstatus op goedere deur 'n doeaneprosedure verleen, geld vir solank as wat die goedere onder daardie doeaneprosedure is.

(2) Wanneer goedere onder 'n spesifieke doeaneprosedure—

(a) vir 'n ander doeaneprosedure geklaar en vrygestel word, verkry die goedere 'n belastingstatus wat vir daardie ander doeaneprosedure geld, vanaf die tydstip waarop die goedere vir daardie ander prosedure geklaar word; of 25

(b) vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar word, verkry die goedere 'n belastingstatus wat vir binnelandse gebruik kragtens daardie Hoofstuk geld, vanaf die tydstip waarop die goedere vir binnelandse gebruik geklaar word. 30

Deel 2

Goedere geag vir binnelandse gebruik geklaar

Belastingstatus van goedere ingevoer of afgelaai anders as deur of by plekke van toegang

152. (1) Indien goedere wat in die Republiek ingevoer is, met inbegrip van enige land-uitgaande vaartuig of vliegtuig, oor-grens trein of spoorwegwa of voertuig wat die Republiek binnekom, ingevolge artikel 42 vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, verkry daardie goedere 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf— 35

(a) die datum van invoer; of 40

(b) 'n datum deur die doeanegesag bepaal indien die datum van invoer om enige rede nie bepaal kan word nie.

(2) Enige invoerbelasting¹⁴⁰ wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar was op die datum wat vir die goedere ingevolge daardie subartikel geld, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁴¹ op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁴² 45

138. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

139. Kyk artikel 173 vir tydstip waarop goedere geklaar word.

140. Kyk byvoorbeeld artikel 84 van die Wet op Doeanereg vir die aanslag van reg op goedere wat geag vir binnelandse gebruik geklaar te wees.

141. Kyk byvoorbeeld artikel 81(1)(b) van die Wet op Doeanereg.

142. Kyk byvoorbeeld artikel 28 van die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklik vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

Tax status of non-cleared imported goods

- 153.** (1) If goods imported into the Republic are in terms of section 92(1) regarded for tax purposes to be cleared for home use under Chapter 8, those goods acquire a tax due status in relation to import tax as from—
- (a) the date on which the applicable period for submission of a clearance declaration in respect of the goods expired in terms of section 90(1) or (3) or on which the clearance declaration had to be submitted in terms of that section; or 5
 - (b) a date determined by the customs authority if the date referred to in paragraph (a) for any reason cannot be determined. 10
- (2) Any import tax¹⁴³ that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for home use under Chapter 8 on the date applied to the goods in terms of that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁴⁴ at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁴⁵ 15

Tax status of goods under customs procedures regarded to be cleared for home use

- 154.** (1) If goods under a customs procedure are in terms of section 112 regarded for tax purposes to be cleared for home use under Chapter 8 those goods lose the tax status they had under that customs procedure and acquire a tax due status in relation to import tax as from the date on which those goods were cleared for, or otherwise came under, that customs procedure. 20
- (2) Any import tax¹⁴⁶ that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for home use under Chapter 8 on the date referred to in that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁴⁷ at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁴⁸ 25

Tax status of samples drawn from imported goods

- 155.** (1) Samples drawn from imported goods to which section 89 applies and which are in terms of section 514 regarded for tax purposes to be cleared for home use under Chapter 8, acquire a tax due status in relation to import tax as from the date when those samples are taken. 30
- (2) Any import tax that would have been payable on samples drawn from goods referred to in subsection (1) had the samples actually been cleared for home use under Chapter 8 on the date referred to in that subsection, must be paid— 35
- (a) on demand; and
 - (b) by the person who took the samples.

Goods regarded for tax purposes to be cleared for home use not to be treated as goods cleared for home use

- 156.** (1) If any goods are in terms of a provision of this Act regarded for tax purposes to be cleared for home use under Chapter 8, the goods may not be dealt with or released as if the goods were actually cleared for home use, but the customs authority may allow 40

143. See for instance section 84 of the Customs Duty Act for assessment of duties on goods regarded to be cleared for home use.

144. See for instance section 81(1)(b) of the Customs Duty Act.

145. See for instance section 31 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

146. See for instance section 84 of the Customs Duty Act for assessment of duties on goods regarded to be cleared for home use.

147. See for instance section 81(1)(b) of the Customs Duty Act.

148. See for instance sections 30 and 31 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

Belastingstatus van nie-geklaarde ingevoerde goedere

153. (1) Indien goedere wat in die Republiek ingevoer is ingevolge artikel 92(1) vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, verkry daardie goedere 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf— 5

- (a) die datum waarop die tydperk wat vir die indiening van 'n klaringsbrief ten opsigte van die goedere geld ingevolge artikel 90(1) of (3) verval of waarop die klaringsbrief ingevolge daardie artikel ingedien moes gewees het; of
- (b) 'n datum deur die doeanegesag bepaal indien die datum in paragraaf (a) bedoel om enige rede nie bepaal kan word nie. 10

(2) Enige invoerbelasting¹⁴³ wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik kragtens Hoofstuk 8 vir binnelandse gebruik geklaar was op die datum wat vir die goedere ingevolge daardie subartikel geld, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁴⁴ op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁴⁵ 15

Belastingstatus van goedere onder doeaneprosedures geag vir binnelandse gebruik geklaar

154. (1) Indien goedere onder 'n doeaneprosedure ingevolge artikel 112 vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, verloor daardie goedere die belastingstatus wat dit onder daardie doeaneprosedure gehad het en verkry die goedere 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf die datum waarop daardie goedere vir daardie doeaneprosedure geklaar is of andersins onder daardie doeaneprosedure gekom het. 20

(2) Enige invoerbelasting¹⁴⁶ wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar was op die datum bedoel in daardie subartikel, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁴⁷ op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁴⁸ 25

Belastingstatus van monsters van ingevoerde goedere geneem

155. (1) Monsters geneem van ingevoerde goedere waarop artikel 89 van toepassing is en wat ingevolge artikel 514 geag word vir belastingdoeleindes vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, verkry 'n belasting betaalbare status met betrekking tot invoerbelasting vanaf die datum waarop daardie monsters geneem is. 30

(2) Enige invoerbelasting wat op monsters geneem van goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die monsters werklik vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar was op die datum bedoel in daardie subartikel moet— 35

- (a) op aanvraag betaal word; en
- (b) betaal word deur die persoon wat die monsters geneem het.

Goedere vir belastingdoeleindes geag vir binnelandse gebruik geklaar te wees nie behandel te word as goedere vir binnelandse gebruik geklaar 40

156. (1) Indien enige goedere ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees, mag die goedere nie behandel of vrygestel word asof die goedere werklik vir binnelandse gebruik geklaar was nie, maar die doeanegesag kan die invoerder van die

143. Kyk byvoorbeeld artikel 84 van die Wet op Doeanereg vir die aanslag van reg op goedere wat geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees.

144. Kyk byvoorbeeld artikel 81(1)(b) van die Wet op Doeanereg.

145. Kyk byvoorbeeld artikel 31 van die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklik vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

146. Kyk byvoorbeeld artikel 84 van die Wet op Doeanereg vir aanslag van reg op goedere wat geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees.

147. Kyk byvoorbeeld artikel 81(1)(b) van die Wet op Doeanereg.

148. Kyk byvoorbeeld artikels 30 en 31 van die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklik vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

or direct the importer of the goods to formally clear the goods for home use within a period determined by the customs authority.

(2) The customs authority may not in terms of subsection (1) allow or direct goods to be cleared for home use where such clearance will be inconsistent with this Act¹⁴⁹ or other applicable legislation.¹⁵⁰

5

Part 3

Goods regarded to be cleared for outright export

Tax status of goods exported or loaded for export otherwise than through or at places of exit

157. (1) If goods in the process of being exported, or exported, from the Republic, including any foreign-going vessel or aircraft, cross-border train or railway carriage or vehicle leaving or which has left the Republic, are in terms of section 42 regarded for tax purposes to be cleared for outright export, those goods acquire a tax due status in relation to export tax as from—

- (a) a date five calendar days before the date of export of the goods, if the goods have been exported; or
- (b) a date determined by the customs authority—
 - (i) if the date referred to in paragraph (a) for any reason cannot be determined; or
 - (ii) if the goods are still in the process of being exported.

(2) Any export tax¹⁵¹ that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for outright export on the date applied to the goods in terms of that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁵² at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁵³

10

15

20

25

Tax status of goods exported without clearance

158. (1) If goods exported, or in the process of being exported, from the Republic are in terms of section 96(1) regarded for tax purposes to be cleared for outright export, those goods acquire a tax due status in relation to export tax as from a date determined by the customs authority.

(2) Any export tax¹⁵⁴ that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for outright export on the date applied to the goods in terms of that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁵⁵ at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁵⁶

30

35

Tax status of goods under customs procedures regarded to be cleared for outright export

159. (1) If goods were, or are being exported, from the Republic under a customs procedure other than outright export and those goods are in terms of section 114 regarded for tax purposes to be cleared for outright export, those goods lose the tax

40

149. For instance where the goods have been seized or abandoned to the Commissioner or where section 570(1) or (2), read with section 580, is applied to the goods.

150. For instance legislation applicable to prohibited, restricted or sectorally controlled goods.

151. See for instance section 84 of the Customs Duty Act for assessment of duties on goods regarded to be cleared for outright export.

152. See for instance section 81(2)(b) of the Customs Duty Act.

153. See for instance section 33 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

154. See for instance section 84 of the Customs Duty Act for assessment of duties on goods regarded to be cleared for outright export.

155. See for instance section 81(2)(b) of the Customs Duty Act.

156. See for instance section 34 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

goedere toelaat of gelas om die goedere formeel vir binnelandse gebruik te klaar binne 'n tydperk deur die doeanegesag bepaal.

(2) Die doeanegesag mag nie ingevolge subartikel (1) toelaat of gelas dat goedere vir binnelandse gebruik geklaar word waar so 'n klaring met hierdie Wet¹⁴⁹ of ander tersaaklike wetgewing onbestaanbaar sal wees nie.¹⁵⁰

5

Deel 3

Goedere geag vir regstreekse uitvoer geklaar

Belastingstatus van goedere uitgevoer of opgelaaï vir uitvoer anders as deur of by plekke van uitgang

157. (1) Indien goedere wat in die proses is om uitgevoer te word, of uitgevoer is, uit die Republiek, met inbegrip van enige land-uitgaande vaartuig of vliegtuig, oor-grens trein of spoorwegwa of voertuig wat die Republiek verlaat of verlaat het, ingevolge artikel 42 vir belastingdoeleindes geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, verkry daardie goedere 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting vanaf—

(a) 'n datum vyf kalenderdae voor die datum van uitvoer van die goedere, indien die goedere uitgevoer is; of

(b) 'n datum deur die doeanegesag bepaal—

(i) indien die datum bedoel in paragraaf (a) om enige rede nie bepaal kan word nie; of

(ii) indien die goedere nog in die proses is om uitgevoer te word.

(2) Enige uitvoerbelasting¹⁵¹ wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik vir regstreekse uitvoer geklaar was op die datum wat vir die goedere ingevolge daardie subartikel geld, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁵² op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁵³

Belastingstatus van goedere uitgevoer sonder klaring

158. (1) Indien goedere wat uitgevoer is, of in die proses is om uitgevoer te word, uit die Republiek, ingevolge artikel 96(1) vir belastingdoeleindes geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, verkry daardie goedere 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting vanaf 'n datum deur die doeanegesag bepaal.

(2) Enige uitvoerbelasting¹⁵⁴ wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik vir regstreekse uitvoer geklaar was op die datum wat vir die goedere ingevolge daardie subartikel geld, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁵⁵ op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁵⁶

Belastingstatus van goedere onder doeaneprosedures geag vir regstreekse uitvoer geklaar

159. (1) Indien goedere uitgevoer is, of in die proses is om uitgevoer te word, uit die Republiek onder 'n doeaneprosedure anders as regstreekse uitvoer en daardie goedere ingevolge artikel 114 vir belastingdoeleindes geag word vir regstreekse uitvoer geklaar

149. Byvoorbeeld waar daar op die goedere beslag gelê is of die goedere aan die Kommissaris oorgegee is of waar artikel 570(1) of (2), saamgelees met artikel 580, op die goedere toegepas word.

150. Byvoorbeeld wetgewing van toepassing op verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere.

151. Kyk byvoorbeeld artikel 84 van die Wet op Doeanereg vir die aanslag van reg op goedere wat geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees.

152. Kyk byvoorbeeld artikel 81(2)(b) van die Wet op Doeanereg.

153. Kyk byvoorbeeld artikel 33 van die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklike vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

154. Kyk byvoorbeeld artikel 84 van die Wet op Doeanereg vir die aanslag van reg op goedere wat geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees.

155. Kyk byvoorbeeld artikel 81(2)(b) van die Wet op Doeanereg.

156. Kyk byvoorbeeld artikel 34 van die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklik vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

status they had under that customs procedure in relation to export tax and acquire a tax due status in relation to export tax as from the date on which those goods came under that customs procedure.¹⁵⁷

(2) Any export tax that would have been payable on the goods referred to in subsection (1) had the goods actually been cleared for outright export on the date referred to in that subsection, becomes payable in respect of those goods at such rate,¹⁵⁸ at such time and by such person or persons as may be determined in terms of the applicable tax levying Act.¹⁵⁹ 5

Goods regarded for tax purposes to be cleared for outright export not to be treated as goods cleared for outright export 10

160. (1) If any goods are in terms of a provision of this Act regarded for tax purposes to be cleared for outright export, the goods may not be dealt with or released as if the goods were actually cleared for outright export, but the customs authority may allow or direct the exporter of the goods to formally clear the goods for outright export within a period determined by the customs authority. 15

(2) The customs authority may not in terms of subsection (1) allow or direct goods to be cleared for outright export where such clearance will be inconsistent with this Act¹⁶⁰ or other applicable legislation.¹⁶¹

(3) If goods in free circulation are in terms of a provision of this Act regarded for tax purposes to be cleared for outright export, no domestic tax paid on such goods that would have been refundable in terms of a tax levying Act regulating that tax had the goods actually been cleared for outright export is recoverable from the Commissioner.¹⁶² 20

Tax status of goods under customs procedures that revert to free circulation

161. (1) If goods under a customs procedure revert in terms of section 353(b) or 515, or are in terms of section 113 regarded to have reverted, to free circulation— 25

- (a) those goods lose any tax refundable status in relation to domestic tax they had under that customs procedure as from the date on which those goods came under that customs procedure;
- (b) those goods no longer qualify for a refund of any domestic tax paid on the goods that arose from their tax refundable status; and 30
- (c) the person who received any refund in respect of the goods because of the tax refundable status of the goods must in accordance with any applicable tax levying Act—
 - (i) pay the refund back to the Commissioner; and 35
 - (ii) pay to the Commissioner any interest on the amount of that refund from the date on which the refund was paid to that person.

(2) Any recovery of a refund and of any interest on the amount of the refund in terms of subsection (1)(c) is payable on demand.

157. If goods exported under a customs procedure are regarded to be cleared for outright export, only export tax is affected and the goods retain their tax refundable status in relation to domestic tax paid on the goods. In other words, if VAT paid on the goods was refunded because of the export of the goods, the refund is not affected by the fact that the goods were regarded to be cleared for outright export.

158. See for instance section 81(2)(b) of the Customs Duty Act.

159. See for instance section 35 of the Customs Duty Act for persons liable for duties on goods in these circumstances.

160. For instance where the goods have been seized or abandoned to the Commissioner or where section 570(1) or (2), read with section 580, is applied to the goods.

161. For instance legislation applicable to prohibited, restricted or sectorally controlled goods.

162. This provision affects tax such as VAT and excise duty paid on goods in free circulation that would have been refundable upon actual clearance of the goods for outright export.

te wees, verloor daardie goedere die belastingstatus wat dit gehad het onder daardie doeaneprosedure met betrekking tot uitvoerbelasting en verkry dit 'n belasting betaalbare status met betrekking tot uitvoerbelasting vanaf die datum waarop daardie goedere onder daardie doeaneprosedure gekom het.¹⁵⁷

(2) Enige uitvoerbelasting wat op die goedere bedoel in subartikel (1) betaalbaar sou gewees het indien die goedere werklik vir regstreekse uitvoer geklaar was op die datum bedoel in daardie subartikel, word betaalbaar ten opsigte van daardie goedere teen die skaal,¹⁵⁸ op die tydstip en deur die persoon of persone soos ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal.¹⁵⁹

Goedere vir belastingdoeleindes geag vir regstreekse uitvoer geklaar nie behandel te word as goedere vir regstreekse uitvoer geklaar

160. (1) Indien enige goedere ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet vir belastingdoeleindes geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, mag die goedere nie behandel of vrygestel word asof die goedere werklik vir regstreekse uitvoer geklaar is nie, maar die doeanegesag kan die uitvoerder van die goedere toelaat of gelas om die goedere formeel vir regstreekse uitvoer te klaar binne 'n tydperk deur die doeanegesag bepaal.

(2) Die doeanegesag mag nie ingevolge subartikel (1) toelaat of gelas dat goedere vir regstreekse uitvoer geklaar word waar so 'n klaring met hierdie Wet¹⁶⁰ of ander tersaaklike wetgewing onbestaanbaar sal wees nie.¹⁶¹

(3) Indien goedere in vry sirkulasie ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet vir belastingdoeleindes geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, is geen plaaslike belasting wat op daardie goedere betaal is wat terugbetaalbaar sou gewees het ingevolge 'n belastingheffings-Wet wat daardie belasting reguleer indien die goedere werklik vir regstreekse uitvoer geklaar was, van die Kommissaris verhaalbaar nie.¹⁶²

Belastingstatus van goedere onder doeaneprosedures wat tot vry sirkulasie terugval

161. (1) Indien goedere onder 'n doeaneprosedure ingevolge artikel 353(b) of 515 tot vry sirkulasie terugval of ingevolge artikel 113 geag word tot vry sirkulasie terug te geval het—

- (a) verloor daardie goedere enige belasting terugbetaalbare status met betrekking tot plaaslike belasting wat dit onder daardie doeaneprosedure gehad het, vanaf die datum waarop daardie goedere onder daardie doeaneprosedure gekom het;
- (b) kwalifiseer daardie goedere op grond van die belasting terugbetaalbare status van die goedere nie meer vir enige terugbetaling van enige plaaslike belasting wat op die goedere betaal is nie; en
- (c) moet die persoon wat enige terugbetaling ten opsigte van die goedere op grond van die belasting terugbetaalbare status van die goedere ontvang het, ooreenkomstig die betrokke belastingheffings-Wet—
 - (i) die terugbetaling aan die Kommissaris terugbetaal; en
 - (ii) aan die Kommissaris enige rente op die bedrag van daardie terugbetaling vanaf die datum waarop die terugbetaling aan daardie persoon betaal is, betaal.

(2) Enige verhaling van 'n terugbetaling en van enige rente op die bedrag van die terugbetaling ingevolge subartikel (1)(c) is op aanvraag betaalbaar.

157. Indien goedere uitgevoer onder 'n doeaneprosedure geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees, word slegs uitvoerbelasting geraak en behou die goedere hulle belasting terugbetaalbare status met betrekking tot plaaslike belasting op die goedere betaal. Met ander woorde, indien BTW betaal op die goedere terugbetaal is weens die uitvoer van die goedere, word die terugbetaling nie geraak deur die feit dat die goedere geag word vir regstreekse uitvoer geklaar te wees nie.

158. Kyk byvoorbeeld artikel 81(2)(b) van die Wet op Doeanereg.

159. Kyk byvoorbeeld artikel 35 of die Wet op Doeanereg vir persone aanspreeklike vir reg op goedere in hierdie omstandighede.

160. Byvoorbeeld waar daar op die goedere beslag gelê is of die goedere aan die Kommissaris oorgegee is of waar artikel 570(1) of (2), saamgelees met artikel 580, op die goedere toegepas word.

161. Byvoorbeeld wetgewing van toepassing op verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere.

162. Hierdie bepaling raak belasting soos BTW en aksynsreg betaal op goedere in vry sirkulasie wat terugbetaalbaar sou wees by werklike klaring van die goedere vir regstreekse uitvoer.

CHAPTER 7

STANDARD PROCESSES AND REQUIREMENTS FOR CLEARANCE AND RELEASE OF GOODS¹⁶³

Purpose and application of this Chapter

162. (1) The purpose of this Chapter is to determine standard processes and requirements applying generally to the clearance and release of goods for home use and the customs procedures. 5

(2) This Chapter applies to—

(a) all imported goods that must in terms of this Act be cleared for home use or a customs procedure; and 10

(b) all goods destined for export from the Republic that must in terms of this Act be cleared for export.

(3) This Chapter applies subject to any other provision of this Act applicable specifically to the clearance or release of goods for home use or a particular customs procedure, and in the event of any inconsistency between a provision of this Chapter and such other provision of this Act that other provision prevails. 15

Part 1

Standard clearance processes and requirements

Submission of clearance declarations

163. In order to clear goods for home use or a customs procedure, a clearance declaration in respect of those goods stating the purpose of the clearance and the other information required in connection with those goods in terms of this Act and any applicable tax levying Act must be submitted to the customs authority. 20

Types of clearance declarations

164. (1) A clearance declaration must either be— 25

(a) a regular clearance declaration;

(b) an incomplete clearance declaration;

(c) a provisional clearance declaration;

(d) a supplementary clearance declaration;

(e) a simplified clearance declaration; or 30

(f) another document that may in specific circumstances set out in this Act be used as a clearance declaration.

(2) A regular clearance declaration must be submitted except in circumstances where another type of clearance declaration is specifically allowed in terms of this Act.

(3) A document referred to in subsection (1)(f) must, as may be appropriate, for the purposes of this Act and a tax levying Act, be regarded to be a clearance declaration. 35

Persons entitled to submit clearance declarations

165. (1) A clearance declaration to clear goods for home use or a customs procedure may be submitted only by—

^{163.} This Chapter sets standard processes and requirements applying generally to the clearance and release of all goods imported into or destined for export from the Republic, mainly to avoid repeating the same requirements for the different customs procedures in the Chapters dealing with the specific procedures. The standard procedures provide the default position and apply unless the Chapters dealing with the specific procedures provide otherwise.

HOOFSTUK 7

GESTANDAARDISEERDE PROSESSE EN VEREISTES VIR KLARING EN VRYSTELLING VAN GOEDERE¹⁶³

Doel en toepassing van hierdie Hoofstuk

162. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om gestandaardiseerde prosesse en -vereistes te bepaal wat algemeen vir die klaring en vrystelling van goedere vir binnelandse gebruik en die doeaneprosedures geld. 5

(2) Hierdie Hoofstuk is van toepassing op—

(a) alle ingevoerde goedere wat ingevolge hierdie Wet vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure geklaar moet word; en 10

(b) alle goedere bestem vir uitvoer uit die Republiek wat ingevolge hierdie Wet vir uitvoer geklaar moet word.

(3) Hierdie Hoofstuk is van toepassing behoudens enige ander bepaling van hierdie Wet wat spesifiek vir die klaring of vrystelling van goedere vir binnelandse gebruik of 'n bepaalde doeaneprosedure geld, en in die geval van enige teenstrydigheid tussen 'n bepaling van hierdie Hoofstuk en so 'n ander bepaling van hierdie Wet, geniet daardie ander bepaling voorrang. 15

Deel 1

Standaardklaringsprosesse en -vereistes

Indiening van klaringsbriewe 20

163. Ten einde goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure te klaar, moet 'n klaringsbrief ten opsigte van daardie goedere by die doeanegesag ingedien word, wat die doel van die klaring en die ander inligting in verband met daardie goedere moet vermeld wat ingevolge hierdie Wet en enige belastingheffings-Wet wat van toepassing mag wees, vereis word. 25

Tipes klaringsbriewe

164. (1) 'n Klaringsbrief moet een van die volgende wees:

- (a) 'n Gewone klaringsbrief;
- (b) 'n onvolledige klaringsbrief;
- (c) 'n voorlopige klaringsbrief; 30
- (d) 'n aanvullende klaringsbrief;
- (e) 'n verkorte klaringsbrief; of
- (f) 'n ander dokument wat in spesifieke omstandighede in hierdie Wet uiteengesit as 'n klaringsbrief gebruik mag word.

(2) 'n Gewone klaringsbrief moet ingedien word behalwe in omstandighede waar 'n ander tipe klaringsbrief spesifiek ingevolge hierdie Wet toelaatbaar is. 35

(3) 'n Dokument bedoel in subartikel (1)(f) moet, waar gepas, vir doeleindes van hierdie Wet en 'n belastingheffings-Wet geag word 'n klaringsbrief te wees.

Persone wat klaringsbriewe mag indien

165. (1) 'n Klaringsbrief om goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure te klaar, kan ingedien word slegs deur— 40

¹⁶³ Hierdie Hoofstuk bepaal die standaardprosesse en -vereistes wat algemeen vir die klaring en vrystelling van alle goedere ingevoer in, of bestem vir uitvoer uit, die Republiek geld, hoofsaaklik om herhaling van dieselfde vereistes vir verskillende doeaneprosedures in die Hoofstukke wat met die verskillende prosedures handel, te voorkom. Die standaardprosedures bepaal die verstekposisie en is van toepassing tensy die Hoofstukke wat met die spesifieke prosedures handel anders bepaal.

- (a) a person who in terms of a provision of this Act is entitled to submit clearance declarations for home use or that customs procedure;¹⁶⁴ or
 - (b) a licensed customs broker duly authorised to submit a clearance declaration on behalf of a person referred to in paragraph (a).
- (2) A person referred to in subsection (1)(a) may submit a clearance declaration only if that person is a registered person or a licensee. 5
- (3) If a clearance declaration is submitted by a customs broker on behalf of a person referred to in subsection (1)(a) the customs broker must, on request by the customs authority, submit a certified copy of the authorisation in terms of which that customs broker submits the clearance declaration on behalf of that person. 10

Persons by whom goods are cleared

166. (1) A person who submits a clearance declaration in terms of section 165 to clear goods for home use or a customs procedure must for purposes of this Act and a tax levying Act be regarded to be the person clearing the goods, except where provided otherwise in this Act or a tax levying Act. 15

(2) If a clearance declaration is submitted by a customs broker on behalf of a person referred to in section 165(1)(a), that person and not the customs broker must for purposes of this Act and a tax levying Act be regarded to be the person clearing the goods.¹⁶⁵

Contents of clearance declarations 20

167. (1) A regular clearance declaration must state—

- (a) the nature and quantity of the goods, and, in the case of goods imported into or destined for export from the Republic by sea, the cargo status of the goods;
- (b) the number of the transport document issued in respect of the goods;
- (c) the container number, in the case of containerised goods; 25
- (d) the date and time of actual or expected arrival of the goods, as may be applicable, at a place referred to in—
 - (i) section 90, in the case of imported goods; or
 - (ii) section 94, in the case of goods to be exported from the Republic;
- (e) the tariff classification ascribed to the goods by the person clearing the goods in terms of a requirement of each applicable tax levying Act, and the reference number of—
 - (i) any tariff determination or re-determination that may be applicable to the goods in terms of each of those Acts; or
 - (ii) any advance tariff ruling that may be applicable to the goods in terms of each of those Acts; 35
- (f) the customs value ascribed to the goods in terms of section 116(1) of the Customs Duty Act,¹⁶⁶ and the reference number of—
 - (i) any customs ruling on a valuation criterion that may be applicable to the goods in terms of section 123(2) of that Act; or 40
 - (ii) any advance ruling on a valuation criterion that may be applicable to the goods in terms of section 190(1) of that Act;
- (g) the origin ascribed to the goods in terms of section 152(1) of the Customs Duty Act, and the reference number of—
 - (i) any origin determination or re-determination that may be applicable to the goods in terms of section 159(1)(b) of that Act; or 45
 - (ii) any advance origin ruling that may be applicable to the goods in terms of section 190(1) of that Act;

164. The registered persons and licensees entitled to submit clearance declarations for home use or a specific customs procedure are specified in the Chapter on home use or that specific customs procedure.

165. See also sections 201(2).

166. The customs value of imported goods determined for purposes of the Customs Duty Act must in terms of the Excise Duty Act and the VAT Act also be used as the value of the goods to determine the amount of excise duty and VAT payable on those goods.

- (a) 'n persoon wat ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet die reg het om klaringsbriewe vir binnelandse gebruik of daardie doeaneprosedure in te dien;¹⁶⁴ of
- (b) 'n gelisensieerde doeanemakelaar behoorlik daartoe gemagtig om 'n klaringsbrief ten behoeve van 'n persoon bedoel in paragraaf (a) in te dien. 5
- (2) 'n Persoon bedoel in subartikel (1)(a) kan 'n klaringsbrief indien slegs indien daardie persoon 'n geregistreerde persoon of 'n lisensiehouer is.
- (3) Indien 'n klaringsbrief deur 'n doeanemakelaar ten behoeve van 'n persoon bedoel in subartikel (1)(a) ingedien word, moet die doeanemakelaar, op versoek van die doeanegesag, 'n gesertifiseerde afskrif van die magtiging voorlê ingevolge waarvan daardie doeanemakelaar die klaringsbrief ten behoeve van daardie persoon indien. 10

Persone deur wie goedere geklaar word

166. (1) 'n Persoon wat 'n klaringsbrief ingevolge artikel 165 indien om goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure te klaar, word vir doeleindes van hierdie Wet en 'n belastingheffings-Wet geag die persoon te wees wat die goedere klaar, behalwe waar daar anders in hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet bepaal word. 15

(2) Indien 'n klaringsbrief deur 'n doeanemakelaar ten behoeve van 'n persoon bedoel in artikel 165(1)(a) ingedien word, moet daardie persoon, en nie die doeanemakelaar nie, vir doeleindes van hierdie Wet en 'n belastingheffings-Wet geag word die persoon te wees wat die goedere klaar.¹⁶⁵ 20

Inhoud van klaringsbriewe

167. (1) 'n Gewone klaringsbrief moet die volgende vermeld:

- (a) Die aard en hoeveelheid van die goedere, en, in die geval van goedere ingevoer in, of bestem vir uitvoer uit, die Republiek per see, die vragstatus van die goedere; 25
- (b) die nommer van die vervoerdokument ten opsigte van die goedere uitgereik;
- (c) die houernommer, in die geval van behouerde goedere;
- (d) die datum en tyd van werklike of verwagte aankoms van die goedere, soos ook al van toepassing mag wees, by 'n plek bedoel in— 30
- (i) artikel 90, in die geval van ingevoerde goedere; of
- (ii) artikel 94, in die geval van goedere wat uit die Republiek uitgevoer word;
- (e) die tariefindeling wat deur die persoon wat die goedere klaar aan die goedere toegewys is ingevolge 'n vereiste van elk van die belastingheffings-Wette wat van toepassing is, en die verwysingsnommer van— 35
- (i) enige tariefbepaling of -herbepaling wat vir die goedere ingevolge elk van daardie Wette mag geld; of
- (ii) enige vooruit-tariefbeslissing wat vir die goedere ingevolge elk van daardie Wette mag geld;
- (f) die doeanewaarde wat ingevolge artikel 116(1) van die Wet op Doeanereg¹⁶⁶ aan die goedere toegewys is, en die verwysingsnommer van— 40
- (i) enige doeanebeslissing oor 'n waardasiemaatstaf wat vir die goedere ingevolge artikel 123(2) van daardie Wet mag geld; of
- (ii) enige vooruit-beslissing oor 'n waardasiemaatstaf wat vir die goedere ingevolge artikel 190(1) van daardie Wet mag geld;
- (g) die oorsprong wat ingevolge artikel 152(1) van die Wet op Doeanereg aan die goedere toegeken is, en die verwysingsnommer van— 45
- (i) enige oorsprongbepaling of -herbepaling wat vir die goedere ingevolge artikel 159(1)(b) van daardie Wet mag geld; of
- (ii) enige vooruit-oorsprongbeslissing wat vir die goedere ingevolge artikel 190(1) van daardie Wet mag geld; 50

164. Die geregistreerde persone en lisensiehouers wat die reg het om klaringsbriewe vir binnelandse gebruik of 'n spesifieke doeaneprosedure in te dien, word gespesifiseer in die Hoofstuk oor binnelandse gebruik of daardie spesifieke doeaneprosedure.

165. Kyk ook artikel 201(2).

166. Die doeanewaarde van ingevoerde goedere wat vir doeleindes van die Wet op Doeanereg bepaal word, moet ingevolge die Wet op Aksynsreg en die BTW-Wet ook gebruik word as die waarde van die goedere om die bedrag van aksynsreg en BTW te bepaal wat op daardie goedere betaalbaar is.

- (h) whether any import or export tax is payable on the goods in terms of any tax levying Act, and if so—
 - (i) the kind of tax payable; and
 - (ii) the amount of the tax determined in accordance with a self-assessment in terms of the applicable tax levying Act; 5
 - (i) the customs code and name of the person submitting the declaration, and, if submitted by a customs broker, carrier or registered agent acting in accordance with this Act on behalf of another, also the customs code and name of the principal on whose behalf the declaration is submitted;
 - (j) in the case of goods under a customs procedure that are to be cleared for another customs procedure or for home use, the reference number of the clearance declaration submitted for clearing the goods for that customs procedure; and 10
 - (k) such additional information as may be required on the prescribed form or by this Act or a tax levying Act. 15
- (2) Any other type of clearance declaration must contain the information—
- (a) required for a regular clearance declaration in terms of subsection (1) except—
 - (i) as provided otherwise in this Act; or
 - (ii) to the extent exempted by rule; or 20
 - (b) required for that type of clearance declaration in terms of this Act or as may be prescribed by rule.
- (3) Clearance declarations of the different types must be in a form and format as may be prescribed by rule,¹⁶⁷ except where determined otherwise in terms of this Act for the specific type of clearance declaration. 25

How and where to submit clearance declarations

- 168.** (1) A clearance declaration must be submitted to the customs authority electronically in accordance with section 913 unless the person submitting the declaration is authorised in terms of that section, or falls within a category of persons authorised by rule, to submit a document manually in paper format. 30
- (2) A clearance declaration submitted in paper format must—
- (a) be completed, signed and certified by the person who submits the clearance declaration;
 - (b) consist of the signed original and a number of copies as may be prescribed by rule; and 35
 - (c) be submitted to the customs authority—
 - (i) at the Customs Office serving the customs controlled area where the goods are to be released for home use or a customs procedure; or
 - (ii) at any other Customs Office designated in terms of section 14 to receive clearance declarations. 40

Time of day when clearance declarations may be submitted

- 169.** A clearance declaration—
- (a) transmitted electronically in accordance with section 913, may be transmitted at any time; or
 - (b) submitted in paper format may be submitted to the customs authority at the Customs Office referred to in section 168(2)(c) only during that Office's hours of business. 45

Submission of clearance declarations before arrival of goods at place of entry

- 170.** (1) A clearance declaration in relation to goods imported or to be imported into the Republic may be submitted to the customs authority before the arrival of the goods at the place referred to in section 90, provided that the goods have already been loaded on board the vessel, aircraft, railway carriage or vehicle transporting those goods to the Republic. 50

¹⁶⁷. See section 906.

- (h) of enige invoer- of uitvoerbelasting op die goedere ingevolge enige belastingheffings-Wet betaalbaar is, en indien wel—
- (i) die soort belasting betaalbaar; en
 - (ii) die bedrag van die belasting ooreenkomstig 'n self-aanslag ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet bepaal; 5
- (i) die doeanekode en naam van die persoon wat die klaringsbrief indien, en, indien dit ingedien word deur 'n doeanemakelaar, vervoerder of geregistreerde agent handelende ooreenkomstig hierdie Wet ten behoeve van 'n ander, ook die doeanekode en naam van die prinsipaal ten behoeve van wie die klaringsbrief ingedien word; 10
- (j) in die geval van goedere onder 'n doeaneprosedure wat vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geklaar word, die verwysingsnommer van die klaringsbrief wat vir die klaring van die goedere vir daardie doeaneprosedure ingedien is; en
- (k) die bykomende inligting soos op die voorgeskrewe vorm of deur hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet vereis mag word. 15
- (2) 'n Klaringsbrief van enige ander tipe moet die inligting bevat—
- (a) wat vir 'n gewone klaringsbrief ingevolge subartikel (1) vereis word, behalwe—
 - (i) soos anders in hierdie Wet bepaal; of 20
 - (ii) in soverre by reël daarvan onthef; of
 - (b) wat vir daardie tipe klaringsbrief ingevolge hierdie Wet vereis word of by reël voorgeskryf mag word.
- (3) Klaringsbriewe van die verskillende tipes moet in 'n vorm en formaat wees soos by reël voorgeskryf mag word¹⁶⁷ behalwe waar daar anders ingevolge hierdie Wet vir die bepaalde tipe klaringsbrief bepaal word. 25

Hoe en waar om klaringsbriewe in te dien

168. (1) 'n Klaringsbrief moet elektronies ooreenkomstig artikel 913 by die doeanegesag ingedien word tensy die persoon wat die klaringsbrief indien ingevolge daardie artikel gemagtig is, of binne 'n kategorie persone val wat by reël gemagtig is, om 'n dokument per hand in papiervorm in te dien. 30
- (2) 'n Klaringsbrief in papiervorm ingedien, moet—
- (a) voltooi, geteken en gesertifiseer word deur die persoon wat die klaringsbrief indien;
 - (b) bestaan uit die getekende oorspronklike en 'n aantal afskrifte soos by reël voorgeskryf mag word; en 35
 - (c) ingedien word by die doeanegesag—
 - (i) by die Doeanekantoor wat die doeanebeheergebied bedien waar die goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure vrygestel sal word; of 40
 - (ii) by enige ander Doeanekantoor ingevolge artikel 14 aangewys om klaringsbriewe te ontvang.

Tyd van dag wanneer klaringsbriewe ingedien mag word

169. 'n Klaringsbrief wat—
- (a) elektronies ooreenkomstig artikel 913 versend word, kan te eniger tyd versend word; of 45
 - (b) in papiervorm ingedien word, kan by die doeanegesag by die Doeanekantoor bedoel in artikel 168(2)(c) ingedien word slegs gedurende daardie Kantoor se besigheidsure.

Indiening van klaringsbriewe voor aankoms van goedere by plek van toegang 50

170. (1) 'n Klaringsbrief met betrekking tot goedere wat in die Republiek ingevoer is of word, kan by die doeanegesag ingedien word voor die aankoms van die goedere by die plek bedoel in artikel 90, mits die goedere reeds aan boord gelaai is van die vaartuig, vliegtuig, spoorwegwa of voertuig wat daardie goedere na die Republiek vervoer.

167. Kyk artikel 906.

(2) If a clearance declaration is received before the goods arrive at the place referred to in section 90, the customs authority may proceed with processing and validating the declaration despite the fact that the goods have not yet arrived at that place but may not release the goods before their arrival at that place.

Acceptance of clearance declarations by customs authority 5

171. (1) The customs authority must accept a clearance declaration submitted to it and issue a receipt to the person who submitted the declaration if—

- (a) the declaration is in the form and format prescribed for the specific type of clearance declaration;¹⁶⁸
- (b) all the information required on the form or otherwise prescribed for the specific type of clearance declaration is furnished;¹⁶⁹ 10
- (c) the declaration is signed by or on behalf of the person submitting the declaration, if required for the specific type of clearance declaration; and
- (d) the declaration is submitted by a person entitled to submit the declaration.¹⁷⁰ 15

(2) The customs authority must refuse acceptance of a clearance declaration if the declaration does not comply with subsection (1). 15

(3) Acceptance of a clearance declaration in terms of subsection (1) may not be regarded as release of the goods for home use or the required customs procedure.

Validity of clearance declarations

172. (1) A clearance declaration accepted in terms of section 171(1) is despite such acceptance invalid if any of the information required on the form or otherwise prescribed for the specific type of clearance declaration¹⁷¹ is incorrect but the declaration may be validated by an amendment in terms of section 174. 20

(2) An amendment of a clearance declaration validates the declaration from the date of submission of the original declaration, but such validation of the declaration does not affect any criminal proceedings that may be instituted, any administrative penalty that may be imposed or any other steps that may be taken as a result of the submission of an incorrect declaration. 25

Determination of time of clearance of goods

173. (1) For the purposes of this Act or a tax levying Act, the time of clearance of goods for home use or a customs procedure must be taken as the time when a clearance declaration in respect of the goods which complies with the requirements set out in section 171(1) is accepted by the customs authority in terms of that section.

(2) The time of clearance in terms of subsection (1) is not affected if the clearance declaration is amended in terms of section 174. 35

(3) If the clearance of goods is substituted in terms of section 97 or 107 the time of clearance of the goods must be taken as the time applicable to the goods in terms of section 97(3) or 107(3).

Amendment of clearance declarations

174. (1) (a) If a person clearing goods for home use or a customs procedure becomes aware, whether before or after the release of the goods, of any incorrect or incomplete information or other error on the declaration, that person must promptly submit to the 40

168. See section 913 for electronic submission of clearance declarations.

169. The official form should require at least all the information referred to in section 167.

170. See section 165 and other relevant sections specifying the persons who are entitled to submit clearance declarations.

171. For information required on the official form for clearance declarations, see section 167.

(2) Indien 'n klaringsbrief ontvang word voordat die goedere by die plek in artikel 90 bedoel aankom, kan die doeanebeslag voortgaan met die prosessering en validering van die klaringsbrief ondanks die feit dat die goedere nog nie by daardie plek aangekom het nie, maar mag nie die goedere vrystel voordat dit by daardie plek aangekom het nie.

Aanvaarding van klaringsbriewe deur doeanebeslag

5

171. (1) Die doeanebeslag moet 'n klaringsbrief wat by die doeanebeslag ingedien is, aanvaar en 'n ontvangsbewys daarvoor aan die persoon uitreik wat die klaringsbrief ingedien het indien—

- (a) die klaringsbrief in 'n vorm en formaat is wat vir die spesifieke tipe klaringsbrief voorgeskryf word;¹⁶⁸ 10
- (b) al die inligting verskaf word wat op die vorm vereis word of andersins vir die spesifieke tipe klaringsbrief voorgeskryf word;¹⁶⁹
- (c) die klaringsbrief deur of namens die persoon onderteken is wat die klaringsbrief indien, indien ondertekening 'n vereiste vir die spesifieke tipe klaringsbrief is; en 15
- (d) die klaringsbrief deur 'n persoon ingedien is wat die reg het om die klaringsbrief in te dien.¹⁷⁰

(2) Die doeanebeslag moet weier om 'n klaringsbrief te aanvaar indien die klaringsbrief nie aan subartikel (1) voldoen nie.

(3) Aanvaarding van 'n klaringsbrief ingevolge subartikel (1) word nie geag 20
vrystelling van die goedere vir binnelandse gebruik of die vereiste doeane-prosedure te wees nie.

Geldigheid van klaringsbriewe

172. (1) 'n Klaringsbrief wat ingevolge artikel 171(1) aanvaar is, is ondanks daardie aanvaarding ongeldig indien enige van die inligting wat op die vorm vereis word of vir daardie spesifieke tipe klaringsbrief¹⁷¹ voorgeskryf is, onjuis is, maar die klaringsbrief kan deur 'n wysiging ingevolge artikel 174 geldig gemaak word. 25

(2) 'n Wysiging van 'n klaringsbrief maak die klaringsbrief geldig vanaf die datum van indiening van die oorspronklike klaringsbrief, maar so 'n geldigmaking van die klaringsbrief raak nie enige strafregtelike verrigtinge wat ingestel, enige 30
administratiewe boete wat opgelê of ander stappe wat gedoen mag word as gevolg van die indiening van 'n foutiewe klaringsbrief nie.

Bepaling van tyd van klaring van goedere

173. (1) By die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet, moet die tydstip van klaring van goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeane-prosedure geneem 35
word die tydstip te wees waarop 'n klaringsbrief ten opsigte van die goedere, wat aan die vereistes vermeld in artikel 171(1) voldoen, deur die doeanebeslag ingevolge daardie artikel aanvaar word.

(2) Die tydstip van klaring ingevolge subartikel (1) word nie geraak indien die klaringsbrief ingevolge artikel 174 gewysig word nie. 40

(3) Indien die klaring van goedere ingevolge artikel 97 of 107 vervang word, moet die tydstip van klaring van die goedere geneem word die tydstip te wees wat ingevolge artikel 97(3) of 107(3) vir die goedere geld.

Wysiging van klaringsbriewe

174. (1) (a) Indien 'n persoon wat goedere vir binnelandse gebruik of 'n 45
doeane-prosedure klaar, bewus word, hetsy voor of na die vrystelling van die goedere, van enige onjuiste of onvolledige inligting of ander fout op die klaringsbrief, moet daardie persoon onverwyld 'n gewysigde weergawe van die klaringsbrief by die

168. Kyk artikel 913 vir elektroniese indiening van klaringsbriewe.

169. Die amptelike vorm moet minstens al die inligting in artikel 167 bedoel, vereis.

170. Kyk artikel 165 en ander tersaaklike artikels wat die persone spesifiseer wat die reg het om klaringsbriewe in te dien.

171. Vir inligting vir klaringsbriewe op die amptelike vorm vereis, kyk artikel 167.

customs authority an amended version of the clearance declaration to replace the version of the declaration containing the error.¹⁷²

(b) The customs authority may accept or refuse to accept an amended clearance declaration submitted to it in terms of paragraph (a) but may not refuse such acceptance if it has not yet commenced with either the verification of the information on the clearance declaration that is to be amended or the inspection of the goods to which that clearance declaration relates. 5

(2) If any of the circumstances pertaining to goods cleared for home use or a customs procedure change, the person clearing the goods must update any information on the clearance declaration to reflect the changed circumstances by promptly submitting to the customs authority an amended version of the clearance declaration reflecting the change to replace the existing version of the declaration.¹⁷³ 10

(3) If the customs authority becomes aware, whether before or after the release of any goods, of any incorrect or incomplete information or other error, or any out-dated information, on the clearance declaration submitted in respect of the goods, it may direct the person clearing the goods to correct the error or to update the information by submitting to it, within a period specified in the direction, an amended version of the clearance declaration to replace the version of the declaration containing the error or the out-dated information. 15

(4) An amended version of a clearance declaration of goods that— 20

(a) have not yet been released replaces the existing version of the declaration when the customs authority releases the goods; or

(b) have already been released replaces the existing version of the declaration when the customs authority issues a new release notification replacing the previous release notification. 25

(5) This section—

(a) may be applied for amending—

(i) clearance declarations accepted by the customs authority in terms of section 171(1); or

(ii) amended clearance declarations submitted in terms of this section; and 30

(b) may not be applied for replacing—

(i) a clearance for home use with a clearance for a customs procedure; or

(ii) a clearance for a customs procedure with a clearance for another customs procedure or for home use.¹⁷⁴ 35

Withdrawal of clearance declarations 35

175. (1) A person clearing goods for home use or a customs procedure may withdraw a clearance declaration submitted in respect of the goods if—

(a) the goods are cleared in terms of section 90(4) or 170 and the goods do not arrive at the place of entry referred to in that section;

(b) that clearance declaration is a duplicate clearance declaration that was erroneously submitted in respect of the same goods; 40

(c) in the case of goods under a customs procedure, the goods are intended to remain under the customs procedure for which the goods are currently released;

(d) this Act provides for the withdrawal of a clearance declaration in any specific circumstances; or 45

(e) the customs authority on any other justifiable grounds gives permission to that person to withdraw the clearance declaration.

172. The submission of an amended declaration does not affect the time of clearance. See section 173(2).

173. For instance if part of the goods were destroyed or lost, or if part of the goods are cleared for another customs procedure or for home use, or if part of the goods are abandoned.

174. Clearance substitutions cannot be effected through mere amendment of the existing clearance declaration. In such cases the clearance declaration must be replaced by a new clearance declaration reflecting the new clearance. See section 97 for clearance substitutions of goods *before* release of the goods, section 107 for clearance substitutions of goods *after* release of the goods, and section 110 for clearance of goods under a customs procedure.

doanegesag indien ter vervanging van die weergawe van die klaringsbrief wat die fout bevat.¹⁷²

(b) Die doanegesag kan 'n gewysigde klaringsbrief wat ingevolge paragraaf (a) by die doanegesag ingedien is, aanvaar of weier om dit te aanvaar, maar mag nie aanvaarding daarvan weier nie indien die doanegesag nog nie met óf die validering van die inligting op die klaringsbrief wat gewysig word óf die inspeksie van die goedere waarop daardie klaringsbrief betrekking het, begin het nie. 5

(2) Indien enige van die omstandighede wat betrekking het op goedere wat geklaar is vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure verander, moet die persoon wat die goedere klaar enige inligting op die klaringsbrief opdateer om die veranderde omstandighede aan te toon deur onverwyld 'n gewysigde weergawe van die klaringsbrief wat die wysiging aantoon ter vervanging van die bestaande weergawe van die klaringsbrief by die doanegesag in te dien.¹⁷³ 10

(3) Indien die doanegesag bewus word, hetsy voor of na die vrystelling van enige goedere, van enige onjuiste of onvolledige inligting of ander fout, of enige verouderde inligting, op die klaringsbrief wat ten opsigte van die goedere ingedien is, kan die doanegesag die persoon wat die goedere klaar, gelas om die fout reg te stel of die inligting op te dateer deur, binne 'n tydperk in die lasgewing bepaal, 'n gewysigde weergawe van die klaringsbrief ter vervanging van die weergawe van die klaringsbrief wat die fout of verouderde inligting bevat, in te dien. 15 20

(4) 'n Gewysigde weergawe van 'n klaringsbrief van goedere wat—

- (a) nog nie vrygestel is nie, vervang die bestaande weergawe van die klaringsbrief wanneer die doanegesag die goedere vrystel; of
- (b) reeds vrygestel is, vervang die bestaande weergawe van die klaringsbrief wanneer die doanegesag 'n nuwe vrystellingskennisgewing ter vervanging van die vorige vrystellingskennisgewing uitreik. 25

(5) Hierdie artikel—

- (a) kan toegepas word om—
 - (i) klaringsbriewe deur die doanegesag ingevolge artikel 171(1) aanvaar, te wysig; of 30
 - (ii) gewysigde klaringsbriewe ingevolge hierdie artikel ingedien, te wysig; en
- (b) mag nie toegepas word om—
 - (i) 'n klaring vir binnelandse gebruik deur 'n klaring vir 'n doeaneprosedure te vervang nie; of 35
 - (ii) 'n klaring vir 'n doeaneprosedure deur 'n klaring vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik te vervang nie.¹⁷⁴

Terugtrekking van klaringsbriewe

175. (1) 'n Persoon wat goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprosedure klaar, kan 'n klaringsbrief wat ten opsigte van die goedere ingedien is, terugtrek indien— 40

- (a) die goedere ingevolge artikel 90(4) of 170 geklaar is en die goedere nie by die plek van aankoms bedoel in daardie artikel aankom nie;
- (b) daardie klaringsbrief 'n duplikaat klaringsbrief is wat foutiewelik ten opsigte van dieselfde goedere ingedien is;
- (c) in die geval van goedere onder 'n doeaneprosedure, die goedere bestem is om te bly onder die doeaneprosedure waarvoor die goedere huidiglik vrygestel is; 45
- (d) hierdie Wet voorsiening maak vir die terugtrekking van 'n klaringsbrief in enige spesifieke omstandighede; of
- (e) die doanegesag op enige ander regverdigbare gronde toestemming aan daardie persoon verleen om die klaringsbrief terug te trek. 50

172. Die indiening van 'n gewysigde klaringsbrief raak nie die tydstip van klaring nie. Kyk artikel 173(2).

173. Byvoorbeeld indien 'n gedeelte van die goedere vernietig is of verlore gegaan het, of indien 'n gedeelte van die goedere vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geklaar word, of indien 'n gedeelte van die goedere aan die Kommissaris oorgegee word.

174. Klaringvervangings kan nie gedoen word deur blote wysiging van die bestaande klaringsbrief nie. In sulke gevalle moet die klaringsbrief vervang word deur 'n nuwe klaringsbrief wat die nuwe klaring weergee. Kyk artikel 97 vir klaringvervangings van goedere voor vrystelling van die goedere, artikel 107 vir klaringvervangings van goedere na vrystelling van die goedere, en artikel 110 vir klaring van goedere onder 'n doeaneprosedure.

(2) The customs authority may in any of the circumstances referred to in subsection (1)(a) to (d) direct the person clearing the goods to withdraw the clearance declaration.

Supporting documents

176. (1) No person may clear goods for home use or a customs procedure unless the clearance is supported by—¹⁷⁵ 5

- (a) an invoice issued in respect of the goods by the person who—
 - (i) exports the goods to or from the Republic; or
 - (ii) supplied the goods that are exported to or from the Republic;
- (b) a transport document that has been issued in respect of the goods;
- (c) in the case of a clearance through a customs broker, the clearance instruction 10 of the principal; and
- (d) any other documents as may be required in terms of another provision of this Act or the rules, a tax levying Act or other applicable legislation for the clearance of goods generally or for the specific purpose for which the goods 15 are cleared.

(2) No document referred to in subsection (1) may be used as a document to support the clearance of goods for home use or a customs procedure as required by that subsection unless it contains the information required by this Act or a tax levying Act or as may be prescribed by rule.

(3) Subsection (1) applies subject to any exemption applicable in terms of a provision 20 of this Act or granted by rule in respect of goods cleared for home use or a customs procedure in circumstances referred to in such provision or rule.

Invoices

177. (1) An invoice referred to in section 176(1)(a) must—

- (a) be a true reflection of the transaction which is the cause for the goods to be 25 exported to or from the Republic, as the case may be, including of—
 - (i) the nature of the transaction;
 - (ii) the goods to which the transaction relates; and
 - (iii) the amount paid or payable in terms of the transaction;
- (b) describe the goods to which it relates, which must include a distinctive and 30 permanent identification number, code, description, character or other mark allocated in respect of the goods by the person who issued the invoice;
- (c) be the last invoice issued in respect of those goods, if more than one invoice was issued in respect of those goods as at the time of clearance¹⁷⁶ or, in the case of a clearance in terms of section 90(4) or 170, as at the time of arrival of 35 the goods at the place of entry referred to in that section; and
- (d) show—
 - (i) the date of issue;
 - (ii) the name and physical address of the issuer;
 - (iii) the name of the person to whom the invoice is issued, and the name of the 40 consignee if the person to whom the invoice is issued is not the consignee;
 - (iv) the price paid or payable;
423. (1) Inward processed compensating products must be exported from the Republic unless the imported goods from which those compensating products were obtained are in terms of section 110, read with subsection (2), cleared and released for home use before the expiry of the timeframe applicable to those compensating products in terms of section 418. 20

(2) A clearance declaration to clear imported goods for home use as contemplated in subsection (1) may be submitted to the customs authority only if—

- (a) the person who cleared those imported goods for inward processing has submitted to the customs authority a motivated application for permission to clear the goods for home use; and 25
- (b) the customs authority has granted permission to that person to clear the goods for home use.

(3) If an application submitted to the customs authority in terms of subsection (2) is refused, the inward processed compensating products obtained from those imported goods must— 30

- (a) before the expiry of the timeframe applicable to those products in terms of section 418 be cleared for export; and
- (b) be exported from the Republic.

By-products and commercially valuable waste

424. (1) If by-products or commercially valuable waste is, in addition to compensating products, obtained from the processing of imported goods under the inward processing procedure, the by-products or waste must within the timeframe referred to in section 418 be cleared for export in terms of Part 3 as if the by-products or waste were inward processed compensating products.³¹¹ 35

(2) By-products or commercially valuable waste may, despite subsection (1), be allowed into free circulation provided— 40

- (a) the clearance declaration submitted to clear the imported goods for inward processing is amended to exclude from that declaration a quantity of the imported goods which in accordance with a conversion rate determined in terms of section 425 equals the quantity of such by-products or waste; and 45
- (b) the quantity of imported goods excluded from that clearance declaration in

310. See sections 99 and 100.

311. The effect of this provision is that by-products and waste must be cleared for export in accordance with the provisions applicable to the clearance of inward processed compensating products.

Deel 4

Bepalings ter regulering van goedere onder prosedure vir inwaartse prosessering

Verpligte gebruik van ingevoerde goedere onder prosedure vir inwaartse prosessering slegs vir produksie van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte 5

422. (1) Ingevoerde goedere wat vir inwaartse prosessering geklaar en vrygestel is, mag slegs vir die produksie van goedere vir uitvoer as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte, behoudens subartikel (2) en artikel 424, gebruik word.

(2) Indien goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering om enige rede nie meer bestem is om gebruik te word, of nie gebruik word, vir die doel in subartikel (1) vermeld nie, moet die persoon wat die goedere klaar daardie goedere onverwyld ingevolge artikel 110 vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik klaar, indien sodanige klaring in die omstandighede toelaatbaar is. 10

(3) Artikel 106 is van toepassing indien goedere ingevolge subartikel (2) vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geklaar word en die vrystelling van die goedere vir daardie doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geweier word.³¹⁰ 15

Verpligte uitvoer van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte

423. (1) Inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte moet uit die Republiek uitgevoer word tensy die ingevoerde goedere waarvan daardie kompenserende produkte verkry is ingevolge artikel 110, saamgelees met subartikel (2), vir binnelandse gebruik geklaar en vrygestel word voor die verstryking van die tydsraam wat ingevolge artikel 418 vir daardie kompenserende produkte geld. 20

(2) 'n Klaringsbrief om ingevoerde goedere vir binnelandse gebruik te klaar soos in subartikel (1) beoog, mag by die doeanegesag ingedien word slegs indien—

- (a) die persoon wat daardie ingevoerde goedere vir inwaartse prosessering geklaar het 'n gemotiveerde aansoek om toestemming vir die klaring van die goedere vir binnelandse gebruik by die doeanegesag ingedien het; en 25
- (b) die doeanegesag toestemming aan daardie persoon verleen het om die goedere vir binnelandse gebruik te klaar.

(3) Indien 'n aansoek wat by die doeanegesag ingevolge subartikel (2) ingedien is, geweier word, moet die inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte wat van daardie ingevoerde goedere verkry is— 30

- (a) voor die verstryking van die tydsraam wat ingevolge artikel 418 op daardie produkte geld, vir uitvoer geklaar word; en
- (b) uit die Republiek uitgevoer word. 35

Byprodukte en kommersieel waardevolle afval

424. (1) Indien byprodukte of kommersieel waardevolle afval, benewens kompenserende produkte, uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering verkry is, moet die byprodukte of afval binne die tydsraam in artikel 418 bedoel, ingevolge Deel 3 vir uitvoer geklaar word asof die byprodukte of afval inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte was.³¹¹ 40

(2) Byprodukte of kommersieel waardevolle afval kan, ondanks subartikel (1), in vry sirkulasie toegelaat word mits—

- (a) die klaringsbrief wat ingedien is om die ingevoerde goedere vir inwaartse prosessering te klaar, gewysig word om van daardie klaring 'n hoeveelheid van die ingevoerde goedere uit te sluit wat, volgens 'n omrekeningskaal ingevolge artikel 425 bepaal, gelyk is aan die hoeveelheid van sodanige byprodukte of afval; en 45
- (b) die hoeveelheid ingevoerde goedere wat ingevolge paragraaf (a) uit daardie klaringsbrief uitgesluit word, kragtens Hoofstuk 8 vir binnelandse gebruik 50

310. Kyk artikels 99 en 100.

311. Die uitwerking van hierdie bepaling is dat byprodukte en afval geklaar moet word vir uitvoer ooreenkomstig die bepalings wat op die klaring van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte van toepassing is.

terms of paragraph (a) is cleared for home use under Chapter 8 within the timeframe applicable to the goods in terms of section 418.

(3) A clearance in terms of subsection (2)(b) takes effect from the time the goods were cleared for inward processing.³¹²

Conversion rates

5

425. (1) The licensee of the inward processing premises where imported goods are processed under the inward processing procedure must determine a conversion rate, approved by the customs authority, that must for purposes of this Chapter be used for determining—

- (a) the quantity of compensating products, and of by-products or waste, that should in the ordinary course of processing the imported goods for the relevant purpose be obtained from a specific quantity of those goods; or
- (b) the quantity of those imported goods that, in the ordinary course of processing the goods for the relevant purpose, would have been used in order to obtain a specific quantity of compensating products, by-products or waste.

(2) Quantities may for purposes of subsection (1) be determined by number, weight, volume or any other measuring unit, as may be appropriate.

(3) In determining a conversion rate, account must be taken of any—

- (a) evaporation;
- (b) drying-out;
- (c) any other losses that may result from the nature of the goods used; and
- (d) any other relevant factors.

Identification measures

426. The customs authority may take such steps as are necessary for the identification of goods to be exported as inward processed compensating products, including by—

- (a) recording any specific marks or numbers on the imported goods that are cleared for inward processing;
- (b) affixing any seals, stamps or individual marks to such goods;
- (c) taking any samples or making use of any illustrations or technical descriptions of such goods; and
- (d) requesting any documentary evidence concerning the processing of the goods.

Records and stocktaking

427. (1) The licensee of inward processing premises where imported goods are processed under the inward processing procedure must keep such records and submit such reports to the customs authority in respect of the imported goods and the compensating products, by-products and commercially valuable waste obtained from the imported goods, as may be prescribed by rule or as the customs authority may require in a specific case.

(2) A customs officer may at any time during an inspection in terms of Chapter 33—

- (a) examine records kept in terms of subsection (1); and
- (b) take stock of—
 - (i) imported goods cleared and released for inward processing;
 - (ii) any compensating products, by-products and waste obtained from those goods; and
 - (iii) any other goods present on the licensed inward processing premises where the imported goods are processed.

³¹². For time of clearance of goods, see section 173.

geklaar word binne die tydsraam wat ingevolge artikel 418 vir die goedere geld.

(3) 'n Klaring ingevolge subartikel (2)(b), word van krag vanaf die tydstip waarop die goedere vir inwaartse prosessering geklaar is.³¹²

Omrekeningskale

5

425. (1) Die lisensiehouer van die inwaartse prosesseringperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering geprosesseer word, moet 'n omrekeningskaal, deur die doeanegesag goedgekeur, bepaal wat vir doeleindes van hierdie Hoofstuk gebruik moet word vir die bepaling van—

- (a) die hoeveelheid van kompenserende produkte, en van byprodukte of afval, wat in die gewone loop van prosessering van die ingevoerde goedere vir die betrokke doel van 'n spesifieke hoeveelheid van daardie goedere verkry behoort te word; of 10
- (b) die hoeveelheid van daardie ingevoerde goedere wat in die gewone loop van prosessering van die goedere vir die betrokke doel gebruik sou moes word ten einde 'n spesifieke hoeveelheid kompenserende produkte, byprodukte of afval te verkry. 15

(2) Hoeveelhede kan by die toepassing van subartikel (1) bepaal word per aantal, gewig, volume of enige ander maateenheid, soos ook al gepas mag wees.

(3) By die bepaling van 'n omrekeningskaal, moet daar rekening gehou word met enige— 20

- (a) verdamping;
- (b) uitdroging;
- (c) enige ander verliese as gevolg van die aard van die goedere wat gebruik word; en 25
- (d) enige ander tersaaklike faktore.

Identifiseringsmaatreëls

426. Die doeanegesag kan die stappe doen soos wat nodig is vir die identifisering van goedere wat as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte uitgevoer word, met inbegrip daarvan om— 30

- (a) aantekening te hou van enige spesifieke merke of nommers op die ingevoerde goedere wat vir inwaartse prosessering geklaar word;
- (b) enige seëls, stempels of individuele merke op sodanige goedere aan te bring;
- (c) enige monsters te neem of gebruik te maak van enige illustrasies of tegniese beskrywings van sodanige goedere; en 35
- (d) enige dokumentêre bewys betreffende die prosessering van die goedere te versoek.

Rekords en voorraadopname

427. (1) Die lisensiehouer van 'n inwaartse prosesseringperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering geprosesseer word, moet die rekords hou en die verslae aan die doeanegesag verstrek ten opsigte van die ingevoerde goedere en die kompenserende produkte, byprodukte en kommersieel waardevolle afval wat van die ingevoerde goedere verkry word, soos by reël voorgeskryf of deur die doeanegesag in 'n spesifieke geval benodig mag word. 40

(2) 'n Doeanebeampte kan te eniger tyd gedurende 'n inspeksie ingevolge Hoofstuk 33— 45

- (a) rekords ingevolge subartikel (1) gehou, ondersoek; en
- (b) 'n voorraadopname doen van— 50
 - (i) ingevoerde goedere wat vir inwaartse prosessering geklaar en vrygestel is;
 - (ii) enige kompenserende produkte, byprodukte en afval wat van daardie goedere verkry is; en
 - (iii) enige ander goedere wat op die gelisensieerde inwaartse prosesseringperseel waar die ingevoerde goedere geprosesseer word, teenwoordig is.

³¹². Vir tydstip van klaring van goedere, kyk artikel 173.

(3) If during any stocktaking imported goods under the inward processing procedure are found to be—

- (a) greater than the quantity, weight or volume that should be on hand on the inward processing premises where the goods are processed, the excess must be taken as stock on hand; or
- (b) less than the quantity, weight or volume that should be on hand on the premises, the shortfall must be dealt with in terms of Chapter 25 as goods unaccounted for.

5

Subcontracting of inward processing operations

428. (1) (a) The licensee of inward processing premises where imported goods are processed under the inward processing procedure may only with the approval of the customs authority³¹³ appoint a person as a subcontractor to undertake any aspect of such processing.³¹⁴

(b) Paragraph (a) does not apply if the premises where the subcontracted processing is to be carried out are licensed inward processing premises and the subcontractor is the licensee of those premises.

(2) The premises on which the subcontracted processing is to be carried out must be licensed inward processing premises if the annual business turnover on those premises exceeds an amount as may be prescribed by rule.

(3) Application for an approval in terms of subsection (1)(a) must be made—

- (a) to the customs authority before the goods are delivered to the subcontractor; and
- (b) in the form and format, and in accordance with such requirements, as may be prescribed by rule.

20

Use of equivalent goods

25

429. (1) The customs authority may grant permission³¹⁵ to the licensee of the inward processing premises where goods are processed under the inward processing procedure to replace imported goods that are cleared and released for inward processing with goods in free circulation identical in description, quality, technical characteristics and quantity for use in the production of inward processed compensating products.

(2) If the customs authority has granted permission in terms of subsection (1) for equivalent goods to be used, those equivalent goods must for all purposes be regarded to be the imported goods cleared and released for inward processing.

30

Part 5

Other matters

35

Additional grounds for regarding goods under inward processing procedure to be cleared for home use³¹⁶

430. (1) Imported goods under the inward processing procedure must in terms of section 125(1) for tax purposes be regarded to be cleared for home use under Chapter 8—³¹⁷

- (a) if the goods are in breach of section 422 used for a purpose other than the

40

313. See section 918 for granting of approvals on conditions.

314. Where a subcontractor undertakes any aspect of the inward processing of goods, the licensee appointing the subcontractor remains liable for the completion of the inward processing procedure.

315. See section 918 for granting of permissions on conditions.

316. See section 112 for general grounds on which goods under a customs procedure must or may be regarded to be cleared for home use.

317. For tax consequences if goods are regarded to be cleared for home use, see section 154; for other consequences of non-compliance with customs procedures, see section 115.

(3) Indien daar gedurende enige voorraadopname ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering gevind word—

- (a) wat meer is as die hoeveelheid, gewig of volume wat op die inwaartse prosesseringsperseel waar die goedere geprosesseer word op hande behoort te wees, moet die surplus as voorraad op hande geneem word; of 5
- (b) wat minder is as die hoeveelheid, gewig of volume wat op die perseel op hande behoort te wees, moet daar met die tekort ingevolge Hoofstuk 25 as rekenskaplose goedere gehandel word.

Subkontraktering van inwaartse prosesseringsoperasies

428. (1) (a) Die lisensiehouer van 'n inwaartse prosesseringsperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering geprosesseer word, kan slegs met die goedkeuring van die doeanegesag³¹³ 'n persoon as 'n subkontraakteur aanstel om enige aspek van sodanige prosessering te onderneem.³¹⁴ 10

(b) Paragraaf (a) geld nie indien die perseel waar die gesubkontraakteerde prosessering onderneem sal word 'n gelisensieerde inwaartse prosesseringsperseel is en die subkontraakteur die lisensiehouer van daardie perseel is nie. 15

(2) Die perseel waarop die gesubkontraakteerde prosessering onderneem sal word, moet 'n gelisensieerde inwaartse prosesseringsperseel wees indien die jaarlikse besigheidsomset van daardie perseel 'n bedrag, soos by reël voorgeskryf mag word, oorskry. 20

(3) Aansoek om goedkeuring ingevolge subartikel (1)(a) moet gedoen word—

- (a) by die doeanegesag voordat die goedere aan die subkontraakteur gelewer word; en
- (b) in die vorm en formaat, en ooreenkomstig die vereistes, soos by reël voorgeskryf mag word. 25

Gebruik van gelyksoortige goedere

429. (1) Die doeanegesag kan aan die lisensiehouer van die inwaartse prosesseringsperseel waar goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering geprosesseer word, toestemming verleen³¹⁵ om ingevoerde goedere wat vir inwaartse prosessering geklaar en vrygestel is, te vervang met goedere in vry sirkulasie wat identies is in beskrywing, kwaliteit, tegniese eienskappe en hoeveelheid vir gebruik in die produksie van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte. 30

(2) Indien die doeanegesag ingevolge subartikel (1) toestemming verleen het dat gelyksoortige goedere gebruik mag word, moet daardie gelyksoortige goedere vir alle doeleindes geag word die ingevoerde goedere te wees wat vir inwaartse prosessering geklaar en vrygestel is. 35

Deel 5

Ander aangeleenthede

Bykomende gronde waarop goedere onder prosedure vir inwaartse prosessering geag moet word vir binnelandse gebruik geklaar te wees³¹⁶ 40

430. (1) Ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering moet ingevolge artikel 125(1) vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees—³¹⁷

- (a) indien die goedere in stryd met artikel 422 gebruik word vir 'n doel anders as die produksie van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte van die 45

313. Kyk artikel 918 vir die verlening van goedkeurings onderworpe aan voorwaardes.

314. Waar 'n subkontraakteur enige aspek van die inwaartse prosessering van goedere onderneem, bly die lisensiehouer wat die subkontraakteur aanstel aanspreeklik vir die afhandeling van die prosedure vir inwaartse prosessering.

315. Kyk artikel 918 vir die verlening van toestemming onderworpe aan voorwaardes.

316. Kyk artikel 112 vir algemene gronde waarop goedere onder 'n doeaneprosedure geag moet of mag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees.

317. Vir belastinggevolge indien goedere geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees, kyk artikel 154; vir ander gevolge van nie-voldoening aan doeaneprosedures, kyk artikel 115.

- production of inward processed compensating products of the class or kind stated in the inward processing clearance declaration of the goods; or
- (b) if compensating products obtained from the processing of those goods—
- (i) are for any reason not cleared for export as inward processed compensating products within the timeframe applicable to those compensating products in terms of section 418, subject to section 423(1); 5
 - (ii) are diverted for home use;
 - (iii) are cleared and released for export as inward processed compensating products but not exported from the Republic within a timeframe prescribed by rule; or 10
 - (iv) are damaged, destroyed, lost or unaccounted for and it is not proved in accordance with Part 2 of Chapter 25—
 - (aa) that the compensating products were damaged, destroyed, lost or unaccounted for due to a recognised cause³¹⁸; or
 - (bb) in the case of compensating products lost due to a recognised cause, that the products, after having been lost, have not gone into home use in any way. 15

(2) Subsection (1)(b) applies to by-products and commercially valuable waste derived from the processing of imported goods under the inward processing procedure as if such by-products or waste were inward processed compensating products, except when such by-products or waste are dealt with in terms of section 424(2). 20

(3) (a) When applying section 112(1) to any imported goods under the inward processing procedure in circumstances where the ground for regarding the imported goods to be cleared for home use pertains only to a part of the compensating products obtained from the imported goods, only a proportionate part of the imported goods must in terms of that section be regarded to be cleared for home use. 25

(b) In determining the proportionate part of the imported goods that must be regarded to be cleared for home use in terms of paragraph (a), a conversion rate determined in terms of section 425 must be used.

Effect on compensating products when goods under inward processing procedure regarded to be cleared for home use 30

431. (1) Compensating products obtained from imported goods under the inward processing procedure lose their tax free status³¹⁹ as inward processed compensating products if, and to the extent that, the imported goods are in terms of section 112 regarded to be cleared for home use. 35

(2) In applying subsection (1) a conversion rate determined in terms of section 425 must be used.

Rules to facilitate implementation of this Chapter

432. Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules— 40

- (a) regulating—
- (i) the processing of goods under the inward processing procedure to prevent diversion of goods for home use or tax evasion;
 - (ii) the appointment of persons as subcontractors to undertake any aspect of the processing of goods on behalf of a person carrying out the processing of those goods under the inward processing procedure; and 45
 - (iii) the movement of the goods, and of inward processed compensating products, by-products and waste obtained from those goods, between different locations;

318. See definition of “recognised cause” in section 1.

319. In relation to export tax, see section 148(2).

- klas of soort in die inwaartse prosessering klaringsbrief van die goedere vermeld; of
- (b) indien kompenserende produkte uit die prosessering van daardie goedere verkry—
- (i) om enige rede nie vir uitvoer as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar word binne die tydsraam wat ingevolge artikel 418 vir daardie kompenserende produkte geld nie, behoudens artikel 423(1); 5
 - (ii) afgewend word vir binnelandse gebruik;
 - (iii) vir uitvoer as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar en vrygestel word maar nie binne 'n tydsraam by reël voorgeskryf uit die Republiek uitvoer word nie; of 10
 - (iv) beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos raak en daar nie ooreenkomstig Deel 2 van Hoofstuk 25 bewys word—
 - (aa) dat die kompenserende produkte beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het weens 'n erkende oorsaak nie³¹⁸; of 15
 - (bb) in die geval van kompenserende produkte wat weens 'n erkende oorsaak verlore geraak het, dat die produkte, nadat dit verlore geraak het, nie op enige wyse in binnelandse gebruik gegaan het nie.
- (2) Subartikel (1)(b) geld vir byprodukte en kommersieel waardevolle afval uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering verkry asof die byprodukte of afval inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte was, behalwe waar daar met die byprodukte of afval ingevolge artikel 424(2) gehandel word. 20
- (3) (a) By die toepassing van artikel 112(1) op enige ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering in omstandighede waar die grond waarop die ingevoerde goedere geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees, betrekking het slegs op 'n gedeelte van die kompenserende produkte wat van die ingevoerde goedere verkry is, moet slegs 'n proporsionele gedeelte van die ingevoerde goedere ingevolge daardie artikel geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees. 25
- (b) By die bepaling van die proporsionele gedeelte van die ingevoerde goedere wat ingevolge paragraaf (a) geag moet word vir binnelandse gebruik geklaar te wees, moet 'n omrekeningskaal bepaal ingevolge artikel 425 gebruik word. 30

Effek op kompenserende produkte wanneer goedere onder prosedure vir inwaartse prosessering geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees

- 431.** (1) Kompenserende produkte wat van ingevoerde goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering verkry word, verloor hul belastingvry status³¹⁹ as inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte indien, en in soverre, die ingevoerde goedere ingevolge artikel 112 geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees. 35
- (2) By die toepassing van subartikel (1) moet 'n omrekeningskaal bepaal ingevolge artikel 425 gebruik word. 40

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

- 432.** Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit—
- (a) ter regulering van—
- (i) die prosessering van goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering ten einde afwending van goedere vir binnelandse gebruik of belastingontduiking te voorkom; 45
 - (ii) die aanstelling van persone as subkontraakteurs om enige aspek van die prosessering van goedere ten behoeve van 'n persoon te onderneem wat die prosessering van daardie goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering uitvoer; en 50
 - (iii) die beweging tussen verskillende plekke van die goedere en van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte en afval van daardie goedere verkry;

318. Kyk omskrywing van “erkende oorsaak” in artikel 1.

319. Met betrekking tot uitvoerbelasting, kyk artikel 148(2).

- (b) prescribing the circumstances in which and the conditions on which—
 - (i) equivalent goods may be used in the production of inward processed compensating products; or
 - (ii) by-products or commercially valuable waste obtained from the processing of goods under the inward processing procedure may be allowed into free circulation; 5
- (c) ensuring that inward processed compensating products obtained from the processing of goods under the inward processing procedure are exported within the applicable timeframes;
- (d) prescribing reports to be submitted to the customs authority by licensees of inward processing premises concerning— 10
 - (i) all goods received, stored or processed for inward processing at or removed from those premises during a reporting period;
 - (ii) all inward processed compensating products, by-products or waste obtained from those goods or removed from those premises during a reporting period; 15
 - (iii) any surpluses or shortfalls on goods received for inward processing or on inward processed compensating products, by-products or waste obtained from those goods, as at the end of a reporting period; and
 - (iv) any goods or inward processed compensating products, by-products or waste damaged, destroyed, lost or unaccounted for during a reporting period; 20
- (e) prescribing the periods for and the timeframes within which such reports must be submitted to the customs authority;
- (f) prescribing for purposes of section 122(c), any persons, other than carriers, permitted to transport under the inward processing procedure imported goods or compensating products, by-products or waste obtained from the imported goods; and 25
- (g) to ensure effective customs control when imported goods or compensating products, by-products or waste obtained from the imported goods are stored or transported under the inward processing procedure. 30

Offences in terms of this Chapter

- 433.** (1) A person is guilty of an offence if that person contravenes section 415(1)(c).
- (2) A person clearing goods for inward processing is guilty of an offence— 35
- (a) if section 418(2), 422(1), 423(1) or (3) or 424(1) is contravened or not complied with; or
 - (b) if that person contravenes or fails to comply with—
 - (i) a condition or requirement referred to in section 415(2) applicable to that person; or
 - (ii) section 422(2). 40
- (3) A licensee of inward processing premises is guilty of an offence if that person contravenes or fails to comply with—
- (a) a condition or requirement referred to in section 415(2) applicable to that licensee; or
 - (b) section 415(1)(b)(ii), 425(1) or 427(1). 45
- (4) A carrier transporting goods under the inward processing procedure is guilty of an offence if that carrier fails to comply with section 415(1)(b)(i).
- (5) A contravention of or failure to comply with section 415(1)(c) or 422(1) or (2) is a Category 1 offence.

- (b) wat voorskryf die omstandighede waarin en die voorwaardes waarop—
 - (i) gelyksoortige goedere in die produksie van inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte gebruik mag word; of
 - (ii) byprodukte of kommersieel waardevolle afval verkry uit die prosessering van goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering in vry sirkulasie toegelaat mag word; 5
- (c) wat verseker dat inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte verkry uit die prosessering van goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering, binne die toepaslike tydsrame uitgevoer word;
- (d) wat die verslae voorskryf wat deur lisensiehouers van inwaartse prosesseringpersele aan die doeane gesag verstrek moet word betreffende—
 - (i) alle goedere vir inwaartse prosessering ontvang, geberg of geprosesseer by of verwyder van daardie persele gedurende 'n verslagtydperk; 10
 - (ii) alle inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte of afval verkry van daardie goedere of verwyder vanaf daardie persele gedurende 'n verslagtydperk; 15
 - (iii) enige surplusse of tekorte op goedere ontvang vir inwaartse prosessering of op inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte of afval verkry van daardie goedere, soos aan die einde van 'n verslagtydperk; en 20
 - (iv) enige goedere of inwaarts geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte of afval wat gedurende die verslagtydperk beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het;
- (e) wat die tydperke waarvoor en die tydsrame waarbinne sodanige verslae aan die doeane gesag verstrek moet word, voorskryf; 25
- (f) wat vir doeleindes van artikel 122(c) voorskryf watter persone, anders as vervoerders, gemagtig is om ingevoerde goedere of kompenserende produkte, byprodukte of afval verkry van die ingevoerde goedere, onder die prosedure vir inwaartse prosessering te vervoer; en
- (g) om doeltreffende doeanebeheer te verseker wanneer ingevoerde goedere of kompenserende produkte, byprodukte of afval van die ingevoerde goedere verkry, onder die prosedure vir inwaartse prosessering geberg of vervoer word. 30

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk

433. (1) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon artikel 415(1)(c) oortree. 35
- (2) 'n Persoon wat goedere vir inwaartse prosessering klaar, is aan 'n misdryf skuldig—
- (a) indien artikel 418(2), 422(1), 423(1) of (3) of 424(1) oortree word of nie aan voldoen word nie; of 40
 - (b) indien daardie persoon—
 - (i) 'n voorwaarde of vereiste in artikel 415(2) bedoel wat op daardie persoon van toepassing is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
 - (ii) artikel 422(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen.
- (3) 'n Lisensiehouer van 'n inwaartse prosesseringperseel is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon— 45
- (a) 'n voorwaarde of vereiste in artikel 415(2) bedoel wat op daardie lisensiehouer van toepassing is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
 - (b) artikel 415(1)(b)(ii), 425(1) of 427(1) oortree of versuim om daaraan te voldoen. 50
- (4) 'n Vervoerder wat goedere onder die prosedure vir inwaartse prosessering vervoer, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie vervoerder versuim om aan artikel 415(1)(b)(i) te voldoen.
- (5) 'n Oortreding van, of versuim om te voldoen aan, artikel 415(1)(c) of 422(1) of (2) is 'n Kategorie 1 misdryf. 55

CHAPTER 19

HOME USE PROCESSING PROCEDURE

Part 1

Introductory provisions

Purpose of this Chapter 5

434. The purpose of this Chapter is to regulate the home use processing procedure.

Home use processing procedure³²⁰

435. (1) Home use processing is a customs procedure that allows—

- (a) imported goods—
 - (i) to be processed on home use processing premises³²¹ without clearing the goods for home use in terms of Chapter 8; and 10
 - (ii) for purposes of such processing—
 - (aa) to be transported without clearing the goods for national transit; or
 - (bb) to be stored without clearing the goods for warehousing; and
- (b) products obtained from the processing of those imported goods— 15
 - (i) upon fulfilment of the conditions subject to which the imported goods were released for that procedure, to become goods in free circulation without clearing those products for home use; or
 - (ii) before those products become goods in free circulation, to be stored without clearing the products for warehousing or to be transported 20 without clearing the products for national transit.

(2) The home use processing procedure is available only for imported goods referred to in section 439(a).

Commencement and completion of home use processing procedure

436. (1) (a) Imported goods come under the home use processing procedure when the goods are cleared for home use processing. 25

(b) The home use processing procedure is, subject to subsection (2), completed upon fulfilment of the conditions subject to which those goods were released for that procedure.

(2) The home use processing procedure ends before its completion if— 30

- (a) the imported goods before completion of the procedure are cleared and released for another customs procedure or for home use, as may be permissible in the circumstances; or
- (b) completion of the procedure is interrupted by an occurrence referred to in section 109(2). 35

Extent to which Chapters 4, 5 and 7 apply

437. Chapters 4, 5 and 7, except insofar as a provision of those Chapters is modified, qualified or deviated from in this Chapter, apply to all goods under the home use processing procedure, including to the clearance and release of imported goods for home use processing. 40

320. For tax status of goods under the home use processing procedure, see section 149.

321. It is to be noted that the definition of “home use processing premises” excludes excise warehouses.

HOOFSTUK 19

PROSEDURE VIR BINNELANDSE GEBRUIKPROSESSERING

Deel 1

Inleidende bepalings

Doel van hierdie Hoofstuk 5

434. Die doel van hierdie Hoofstuk is om die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering te reguleer.

Prosedure vir binnelandse gebruikprosessering³²⁰

435. (1) Binnelandse gebruikprosessering is 'n doeaneprosedure ingevolge waarvan— 10

- (a) ingevoerde goedere—
 - (i) geprosesseer mag word op 'n binnelandse gebruikprosesseringsperseel³²¹ sonder om die goedere ingevolge Hoofstuk 8 vir binnelandse gebruik te klaar; en
 - (ii) vir doeleindes van sodanige prosessering— 15
 - (aa) vervoer mag word sonder om die goedere vir nasionale transito te klaar; of
 - (bb) geberg mag word sonder om die goedere vir pakhuisberging te klaar; en
- (b) produkte verkry uit die prosessering van daardie ingevoerde goedere— 20
 - (i) by vervulling van die voorwaardes waarop die ingevoerde goedere vir daardie prosedure vrygestel is, goedere in vry sirkulasie word sonder om daardie produkte vir binnelandse gebruik te klaar; of
 - (ii) voordat daardie produkte goedere in vry sirkulasie word, geberg mag word sonder om die produkte vir pakhuisberging te klaar of vervoer mag word sonder om die produkte vir nasionale transito te klaar. 25

(2) Die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering is slegs vir ingevoerde goedere bedoel in artikel 439(a) beskikbaar.

Begin en afhandeling van prosedure vir binnelandse gebruikprosessering

436. (1) (a) Ingevoerde goedere kom onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering wanneer die goedere vir binnelandse gebruikprosessering geklaar word. 30

(b) Die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering is, behoudens subartikel (2), afgehandel by vervulling van die voorwaardes waarop daardie goedere vir daardie prosedure vrygestel is. 35

(2) Die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering eindig voor die afhandeling daarvan indien—

- (a) die ingevoerde goedere voor afhandeling van die prosedure vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik, soos in die omstandighede toelaatbaar mag wees, geklaar en vrygestel word; of 40
- (b) afhandeling van die prosedure deur 'n gebeurtenis bedoel in artikel 109(2) onderbreek word.

Mate waarin Hoofstukke 4, 5 en 7 van toepassing is

437. Hoofstukke 4, 5 en 7, behalwe in soverre 'n bepaling van daardie Hoofstukke aangepas, gekwalifiseer of van afgewyk word in hierdie Hoofstuk, is van toepassing op alle goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering, asook op die klaring en vrystelling van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering. 45

320. Vir belastingstatus van goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruik prosessering, kyk artikel 149.

321. Let wel dat die omskrywing van “binnelandse gebruikprosesseringsperseel” aksynspakhuise uitsluit.

Part 2

Clearance and release of imported goods for home use processing

Clearance of imported goods for home use processing

438. Imported goods to be cleared for home use processing must be cleared in accordance with section 437. 5

Conditions for clearance of imported goods for home use processing

- 439.** Imported goods may be cleared for home use processing only if—
- (a) those goods are of a class or kind authorised in the Customs Tariff as goods that may be cleared for home use processing;
 - (b) the requirements applicable to the clearance for that procedure of goods of that class or kind have been complied with, including any requirements and conditions as may be—
 - (i) prescribed by rule;
 - (ii) specified in the Customs Tariff; or
 - (iii) determined in terms of any relevant tax levying Act or other applicable legislation; 15
 - (c) the premises where the home use processing of the goods is to be carried out are licensed as premises for home use processing;
 - (d) the licensee of those premises who is to carry out the home use processing of the goods—
 - (i) undertakes to comply with the requirements applicable to the home use processing of such goods, including—
 - (aa) any conditions subject to which the goods may be released for that procedure in terms of section 442; and
 - (bb) any requirements and conditions as may be prescribed by rule, specified in the Customs Tariff or determined in terms of the Customs Duty Act or other applicable legislation; and 25
 - (ii) has granted permission for the home use processing of the goods on those premises and has advised the customs authority electronically in accordance with section 913 of such permission, if that licensee is not the person who cleared the goods for home use processing; and 30
 - (e) any import tax that may become payable on the goods is covered by security.

Persons entitled to submit home use processing clearance declarations

- 440.** Only the following persons may, subject to section 165(2), submit clearance declarations to clear imported goods for home use processing:³²² 35
- (a) The importer of the goods, provided that the importer is licensed in terms of Chapter 29 to import goods for home use processing;
 - (b) the licensee of the home use processing premises where the home use processing of the goods is to be carried out; and
 - (c) a customs broker referred to in section 165(1)(b). 40

Contents of home use processing clearance declarations

441. A clearance declaration for home use processing of imported goods must, in addition to the information required in terms of section 167, state—

³²². See section 165(1)(a).

Deel 2

Klaring en vrystelling van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering

Klaring van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering

438. Ingevoerde goedere bestem vir klaring vir binnelandse gebruikprosessering moet volgens voorskrif van artikel 437 geklaar word. 5

Voorwaardes vir klaring van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering

439. Ingevoerde goedere mag vir binnelandse gebruikprosessering geklaar word slegs indien—

- (a) daardie goedere van 'n klas of soort is wat in die Doeanetarief as goedere gemagtig word wat vir binnelandse gebruikprosessering geklaar mag word; 10
- (b) daar aan die vereistes van toepassing op die klaring vir daardie prosedure van goedere van daardie klas of soort voldoen is, met inbegrip van enige vereistes en voorwaardes wat—
 - (i) by reël voorgeskryf mag word; 15
 - (ii) in die Doeanetarief gespesifiseer mag word; of
 - (iii) ingevolge enige betrokke belastingheffings-Wet of ander toepaslike wetgewing bepaal mag word;
- (c) die perseel waar die binnelandse gebruikprosessering van die goedere onderneem sal word as 'n perseel vir binnelandse gebruikprosessering gelisensieer is; 20
- (d) die lisensiehouer van daardie perseel wat die binnelandse gebruikprosessering van die goedere sal onderneem—
 - (i) onderneem het om aan die vereistes van toepassing op die binnelandse gebruikprosessering van sodanige goedere te voldoen, met inbegrip van—
 - (aa) enige voorwaardes onderworpe waaraan die goedere ingevolge artikel 442 vir daardie prosedure vrygestel mag word; en
 - (bb) enige vereistes en voorwaardes soos by reël voorgeskryf, in die Doeanetarief gespesifiseer of ingevolge die Wet op Doeanereg of ander toepaslike wetgewing bepaal mag word; en 30
 - (ii) toestemming verleen het vir die binnelandse gebruikprosessering van die goedere op daardie perseel en die doeanegesag elektronies ooreenkomstig artikel 913 van sodanige toestemming in kennis gestel het, indien daardie lisensiehouer nie die persoon is wat die goedere vir binnelandse gebruikprosessering geklaar het nie; en 35
- (e) enige invoerbelasting wat op die goedere betaalbaar mag word deur sekuriteit gedek word.

Persone wat klaringsbriewe vir binnelandse gebruikprosessering mag indien

440. Slegs die volgende persone mag, behoudens artikel 165(2), klaringsbriewe indien om ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering te klaar.³²² 40

- (a) Die invoerder van die goedere, mits die invoerder ingevolge Hoofstuk 29 gelisensieer is om goedere vir binnelandse gebruikprosessering in te voer;
- (b) die lisensiehouer van die binnelandse gebruikprosesseringsperseel waar die binnelandse gebruikprosessering van die goedere onderneem sal word; en 45
- (c) 'n doeanemakelaar in artikel 165(1)(b) bedoel.

Inhoud van klaringsbriewe vir binnelandse gebruikprosessering

441. 'n Klaringsbrief vir binnelandse gebruikprosessering van ingevoerde goedere moet, benewens die inligting wat ingevolge artikel 167 vereis word, die volgende vermeld: 50

³²². Kyk artikel 165(1)(a).

- (a) that the goods are cleared for the home use processing procedure;
- (b) the customs code of the licensed home use processing premises where the home use processing of the goods is to be carried out;
- (c) the item number in the Customs Tariff authorising the clearance of goods of the relevant class or kind for home use processing; and 5
- (d) details of any permit, permission or authorisation granted in respect of the goods in terms of any condition prescribed by rule, specified in the Customs Tariff or determined in terms of any other applicable legislation.

Release of imported goods for home use processing

442. (1) Imported goods cleared for home use processing may only be released for that procedure on condition— 10

- (a) that the requirements relating to home use processing are complied with, including any requirements and conditions as may be—
 - (i) prescribed by rule;
 - (ii) specified in the Customs Tariff or determined in terms of any other applicable legislation; or 15
 - (iii) determined by the customs authority in terms of section 104 in a specific case; and
- (b) that compensating products obtained from those imported goods are dealt with in accordance with those requirements and conditions. 20

(2) (a) When goods are released for the home use processing procedure the goods must be delivered to the licensed home use processing premises where the home use processing of the goods is to be carried out unless the customs authority authorises³²³ the goods to be taken to another location.

(b) When goods released for home use processing are delivered to the licensed premises where the home use processing of the goods is to be carried out or to that other location— 25

- (i) the carrier that transported the goods must notify the customs authority of the delivery; and
- (ii) the licensee must notify the customs authority of the receipt of the goods, if the goods were delivered to those licensed premises. 30

(c) No person may redirect goods that are cleared for home use processing to a place other than the licensed premises or that other location.

Part 3

Provisions regulating home use processing procedure 35

Goods under home use processing procedure only to be used for production of home use compensating products

443. (1) Imported goods cleared and released for home use processing may be used only for the production of home use compensating products of the class or kind stated in the clearance declaration of the goods, subject to section 446. 40

(2) If imported goods under the home use processing procedure are for any reason no longer intended to be used for the purpose referred to subsection (1), the person clearing the goods must promptly clear those goods in terms of section 110 for another customs procedure or for home use, as may be permissible in the circumstances.³²⁴

323. See section 918 for authorisations granted on conditions.

324. Failure to comply with this subsection may result in steps under section 115 or 92 which may include seizure of the goods.

- (a) Dat die goedere vir die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geklaar word;
- (b) die doeanekode van die gelisensieerde binnelandse gebruikprosesseringsperseel waar die binnelandse gebruikprosessering van die goedere onderneem sal word; 5
- (c) die itemnommer in die Doeanetarief wat die klaring van goedere van die betrokke klas of soort vir binnelandse gebruikprosessering magtig; en
- (d) besonderhede van enige permit, toestemming of magtiging wat ten opsigte van die goedere verleen is ingevolge enige voorwaarde by reël voorgeskryf, in die Doeanetarief gespesifiseer of ingevolge ander toepaslike wetgewing bepaal. 10

Verstelling van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering

- 442.** (1) Ingevoerde goedere wat vir binnelandse gebruikprosessering geklaar is, mag vir daardie prosedure vrygestel word slegs op voorwaarde—
- (a) dat daar aan die vereistes met betrekking tot binnelandse gebruikprosessering voldoen word, met inbegrip van enige vereistes en voorwaardes wat—
 - (i) by reël voorgeskryf mag word;
 - (ii) in die Doeanetarief gespesifiseer mag word of ingevolge enige ander toepaslike wetgewing bepaal mag word; of
 - (iii) in 'n spesifieke geval deur die doeanegesag ingevolge artikel 104 bepaal mag word; en 20
 - (b) dat daar met kompenserende produkte wat van daardie ingevoerde goedere verkry word volgens voorskrif van daardie vereistes en voorwaardes gehandel word.
- (2) (a) Wanneer goedere vir die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering vrygestel word, moet die goedere gelewer word by die gelisensieerde binnelandse gebruikprosesseringsperseel waar die binnelandse gebruikprosessering van die goedere onderneem sal word, tensy die doeanegesag magtiging verleen³²³ dat die goedere na 'n ander plek geneem mag word. 25
- (b) Wanneer goedere wat vir binnelandse gebruikprosessering vrygestel is by die gelisensieerde perseel waar die binnelandse gebruikprosessering van die goedere onderneem sal word, of by sodanige ander plek, gelewer word— 30
- (i) moet die vervoerder wat die goedere vervoer het die doeanegesag van die lewering in kennis stel; en
 - (ii) moet die lisensiehouer die doeanegesag van die ontvangs van die goedere in kennis stel, indien die goedere by daardie gelisensieerde perseel gelewer is. 35
- (c) Geen persoon mag goedere wat vir binnelandse gebruikprosessering geklaar is na 'n plek anders as die gelisensieerde perseel of so 'n ander plek herdestineer nie.

Deel 3

Bepalings ter regulering van prosedure vir binnelandse gebruikprosessering 40

Verpligte gebruik van goedere onder prosedure vir binnelandse gebruikprosessering slegs vir produksie van binnelandse gebruik kompenserende produkte

- 443.** (1) Ingevoerde goedere wat vir binnelandse gebruikprosessering geklaar en vrygestel is, mag slegs vir die produksie van binnelandse gebruik kompenserende produkte van die klas of soort in die klaringsbrief van die goedere vermeld, behoudens artikel 446, gebruik word. 45
- (2) Indien ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering om enige rede nie meer bestem is om vir die doel vermeld in subartikel (1) gebruik te word nie, moet die persoon wat die goedere klaar daardie goedere onverwyld ingevolge artikel 110 vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik, soos in die omstandighede toelaatbaar mag wees, klaar.³²⁴ 50

323. Kyk artikel 918 vir magtigings wat onderworpe aan voorwaardes verleen word.

324. Versuim om aan hierdie subartikel te voldoen, kan stappe kragtens artikel 115 of 92 tot gevolg hê, insluitende beslaglegging op die goedere.

(3) Section 106 applies if goods are cleared in terms of subsection (2) for another customs procedure or for home use and the release of the goods for that customs procedure or for home use is refused.³²⁵

Time limits on completion of home use processing of goods

444. (1) The processing of imported goods under the home use processing procedure into home use compensating products must be completed— 5

- (a) within a timeframe as may be determined in the Customs Tariff for the specific class or kind of goods; or
- (b) if not determined in the Customs Tariff, within two years from the date of import of the first constituent goods from which the compensating products were obtained. 10

(2) A person who cleared goods for home use processing must immediately notify the customs authority of any failure to comply with subsection (1).

(3) A timeframe referred to in subsection (1)(a) or (b) is subject to extension or shortening in terms of section 908 or 909. 15

Home use compensating products to be dealt with as goods in free circulation

445. (1) Unless otherwise specified in terms of a tax levying Act, compensating products obtained from the processing of imported goods under the home use processing procedure may, subject to subsection (2), be—

- (a) dealt with as goods in free circulation without any clearance and release of the goods for home use; or 20
- (b) be cleared and released for export as goods in free circulation, and exported from the Republic, in accordance with the export procedure.

(2) Subsection (1) applies to compensating products obtained from the processing of imported goods under the home use processing procedure only if the products were obtained in accordance with— 25

- (a) the provisions of this Act relating to home use processing; and
- (b) the conditions applicable to the goods in terms of section 442.

(3) This section may not be read as affecting any provisions of a tax levying Act providing for the imposition and collection of taxes on such imported goods or compensating products. 30

By-products and commercially valuable waste

446. (1) If by-products or commercially valuable waste is, in addition to compensating products, obtained from the processing of imported goods under the home use processing procedure, the by-products or waste may be allowed into free circulation, provided— 35

- (a) the clearance declaration in terms of which the imported goods are cleared for home use processing is amended to exclude from that declaration a quantity of the imported goods which in accordance with a conversion rate determined in terms of section 447 equals the quantity of such by-products or waste; and 40
- (b) the quantity of imported goods excluded from the original clearance in terms of paragraph (a) is cleared for home use in terms of Chapter 8 within the period applicable to the goods in terms of section 444.

(2) A clearance in terms of subsection (1)(b) takes effect from the time of original clearance of the goods for home use processing. 45

³²⁵. See sections 99 and 100.

(3) Artikel 106 is van toepassing indien goedere ingevolge subartikel (2) vir 'n ander doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geklaar word en die vrystelling van die goedere vir daardie doeaneprosedure of vir binnelandse gebruik geweier word.³²⁵

Tydsbeperkings op afhandeling van binnelandse gebruikprosessering van goedere

444. (1) Die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering tot binnelandse gebruik kompenserende produkte moet afgehandel wees—

- (a) binne 'n tydsraam soos in die Doeanetarief vir die spesifieke klas of soort goedere bepaal mag word; of
- (b) indien nie in die Doeanetarief bepaal nie, binne twee jaar vanaf die datum van invoer van die eerste samestellende goedere waarvan die kompenserende produkte verkry is.

(2) 'n Persoon wat goedere vir binnelandse gebruikprosessering geklaar het, moet die doeanegesag onmiddellik in kennis stel van enige versuim om aan subartikel (1) te voldoen.

(3) 'n Tydperk bedoel in subartikel (1)(a) of (b) is aan verlenging of verkorting ingevolge artikel 908 of 909 onderhewig.

Binnelandse gebruik kompenserende produkte mee gehandel te word as goedere in vry sirkulasie

445. (1) Tensy daar ingevolge 'n belastingheffings-Wet anders bepaal word, kan kompenserende produkte wat uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering verkry is, behoudens subartikel (2)—

- (a) mee gehandel word as goedere in vry sirkulasie sonder enige klaring en vrystelling van die goedere vir binnelandse gebruik; of
- (b) geklaar en vrygestel word vir uitvoer as goedere in vry sirkulasie, en uit die Republiek uitgevoer word, ooreenkomstig die uitvoerprosedure.

(2) Subartikel (1) geld vir kompenserende produkte uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering verkry slegs indien die produkte verkry is ooreenkomstig—

- (a) die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot binnelandse gebruikprosessering; en
- (b) die voorwaardes wat ingevolge artikel 442 op die goedere van toepassing is.

(3) Hierdie artikel mag nie uitgelê word op 'n wyse wat afbreuk doen aan enige bepalings van 'n belastingheffings-Wet wat voorsiening maak vir die oplê en invordering van belasting op sodanige ingevoerde goedere of kompenserende produkte nie.

Byprodukte en kommersieel waardevolle afval

446. (1) Indien byprodukte of kommersieel waardevolle afval, benewens kompenserende produkte, uit die prosessering van ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering verkry word, kan die byprodukte of afval in vry sirkulasie toegelaat word mits—

- (a) die klaringsbrief ingevolge waarvan die ingevoerde goedere vir binnelandse gebruikprosessering geklaar is, gewysig word om daarvan uit te sluit 'n hoeveelheid van die ingevoerde goedere wat, volgens 'n omrekeningskaal ingevolge artikel 447 bepaal, gelyk is aan die hoeveelheid van sodanige byprodukte of afval; en
- (b) die hoeveelheid ingevoerde goedere ingevolge paragraaf (a) uit die oorspronklike klaring uitgesluit, ingevolge Hoofstuk 8 vir binnelandse gebruik geklaar word binne die tydperk wat ingevolge artikel 444 vir die goedere geld.

(2) 'n Klaring ingevolge subartikel (1)(b) word van krag vanaf die tydstip van oorspronklike klaring van die goedere vir binnelandse gebruikprosessering.

³²⁵. Kyk artikels 99 en 100.

Conversion rates

447. (1) The licensee of the home use processing premises where imported goods are processed under the home use processing procedure must determine a conversion rate, approved by the customs authority, that must for purposes of this Chapter be used for determining— 5
- (a) the quantity of compensating products, and of by-products or waste, that should in the ordinary course of processing the imported goods for the relevant purpose be obtained from a specific quantity of those goods; or
 - (b) the quantity of those imported goods that, in the ordinary course of processing the goods for the relevant purpose, would have been used in order to obtain a specific quantity of compensating products, by-products or waste. 10
- (2) Quantities may for purposes of subsection (1) be determined by number, weight, volume or any other measuring unit, as may be appropriate.
- (3) In determining a conversion rate, account must be taken of any— 15
- (a) evaporation;
 - (b) drying-out;
 - (c) any other losses that may result from the nature of the goods used; and
 - (d) any other relevant factors.

Records and stocktaking

448. (1) The licensee of the home use processing premises where imported goods are processed under the home use processing procedure must keep such records and submit such regular reports to the customs authority in respect of the goods and the compensating products, by-products and commercially valuable waste obtained from the goods, as may be prescribed by rule or as the customs authority may require in a specific case. 20 25
- (2) A customs officer may at any time during an inspection in terms of Chapter 33—
- (a) examine the records kept in terms of subsection (1); and
 - (b) take stock of — 30
 - (i) imported goods cleared and released for the home use processing procedure;
 - (ii) any compensating products, by-products and waste obtained from those goods; and
 - (iii) any other goods present on the licensed home use processing premises where the imported goods are processed.
- (3) If during any stocktaking imported goods under the home use processing procedure are found to be— 35
- (a) greater than the quantity, weight or volume that should be on hand on the home use processing premises where the goods are processed, the excess must be taken as stock on hand; or
 - (b) less than the quantity, weight or volume that should be on hand on the premises, the shortfall must be dealt with in terms of Chapter 25 as goods unaccounted for. 40

Sub-contracting of home use processing operations

449. (1) (a) The licensee of home use processing premises where imported goods are processed under the home use processing procedure may only with the approval of the customs authority³²⁶ appoint a person as a subcontractor to undertake any aspect of such processing.³²⁷ 45

326. See section 918 for granting of approvals on conditions.

327. Where a subcontractor undertakes any aspect of the home use processing of goods, the licensee appointing the subcontractor remains liable for the completion of the home use processing procedure.

Omrekeningskale

447. (1) Die lisensiehouer van die binnelandse gebruikprosesseringperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geprosesseer word, moet 'n omrekeningskaal, goedgekeur deur die doeanegesag, bepaal wat vir doeleindes van hierdie Hoofstuk gebruik moet word vir die bepaling van— 5
- (a) die hoeveelheid van kompenserende produkte, en van byprodukte of afval, wat in die gewone loop van prosessering van die ingevoerde goedere vir die betrokke doel uit 'n spesifieke hoeveelheid van daardie goedere verkry behoort te word; of
 - (b) die hoeveelheid van daardie ingevoerde goedere wat in die gewone loop van prosessering van die goedere vir die betrokke doel gebruik sou moes word ten einde 'n spesifieke hoeveelheid kompenserende produkte, byprodukte of afval te verkry. 10
- (2) Hoeveelhede kan vir doeleindes van subartikel (1) bepaal word per aantal, gewig, volume of enige ander maateenheid, soos ook al gepas mag wees. 15
- (3) By die bepaling van 'n omrekeningskaal, moet daar rekening gehou word met enige—
- (a) verdamping;
 - (b) uitdroging;
 - (c) enige ander verliese as gevolg van die aard van die goedere wat gebruik word; 20
 - (d) enige ander tersaaklike faktore.

Rekords en voorraadopname

448. (1) Die lisensiehouer van die binnelandse gebruikprosesseringperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geprosesseer word, moet die rekords hou en die gereelde verslae aan die doeanegesag verstrek ten opsigte van die goedere en die kompenserende produkte, byprodukte en kommersieel waardevolle afval uit die goedere verkry, soos by reël voorgeskryf of deur die doeanegesag in 'n spesifieke geval benodig mag word. 25
- (2) 'n Doeanebeampte kan te eniger tyd gedurende 'n inspeksie ingevolge Hoofstuk 33— 30
- (a) die rekords ingevolge subartikel (1) gehou, ondersoek; en
 - (b) 'n voorraadopname doen van— 35
 - (i) ingevoerde goedere wat vir die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geklaar en vrygestel is;
 - (ii) enige kompenserende produkte, byprodukte en afval wat van daardie goedere verkry is; en
 - (iii) enige ander goedere wat op die gelisensieerde binnelandse gebruikprosesseringperseel waar die ingevoerde goedere geprosesseer word, teenwoordig is. 40
- (3) Indien daar gedurende enige voorraadopname, ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering gevind word—
- (a) wat meer is as die hoeveelheid, gewig of volume wat op die binnelandse gebruikprosesseringperseel waar die goedere geprosesseer word op hande behoort te wees, moet die surplus as voorraad op hande geneem word; of 45
 - (b) wat minder is as die hoeveelheid, gewig of volume wat op die perseel op hande behoort te wees, moet daar met die tekort ingevolge Hoofstuk 25 as rekenskaplose goedere gehandel word.

Subkontraktering van binnelandse gebruikprosesseringoperasies

449. (1) (a) Die lisensiehouer van 'n binnelandse gebruikprosesseringperseel waar ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geprosesseer word, kan slegs met die goedkeuring van die doeanegesag³²⁶ 'n persoon as 'n subkontraakteur aanstel om enige aspek van sodanige prosessering³²⁷ te onderneem. 50

326. Kyk artikel 918 vir die verlening van goedkeurings onderworpe aan voorwaardes.

327. Waar 'n subkontraakteur enige aspek van die binnelandse gebruikprosessering van goedere onderneem, bly die lisensiehouer wat die subkontraakteur aanstel aanspreeklik vir die afhandeling van die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering.

(b) Paragraph (a) does not apply if the premises where the subcontracted processing is to be carried out are licensed home use processing premises and the subcontractor is the licensee of those premises.

(2) The premises where the subcontracted processing is to be carried out must be licensed home use processing premises if the annual business turnover on those premises exceeds an amount as may be prescribed by rule. 5

(3) Application for an approval in terms of subsection (1)(a) must be made—

- (a) to the customs authority before the goods are delivered to the subcontractor; and
- (b) in the form and format, and in accordance with such requirements, as may be prescribed by rule. 10

Part 4

Other matters

Additional grounds for regarding goods under home use processing procedure to be cleared for home use³²⁸ 15

450. Imported goods that are cleared and released for home use processing must in terms of section 112(1) for tax purposes be regarded to be cleared for home use under Chapter 8—³²⁹

- (a) if the goods are in breach of section 443 used for a purpose other than the production of home use compensating products of the class or kind stated in the home use processing clearance declaration of those goods; or 20
- (b) if the processing of the imported goods into home use compensating products is not completed within the timeframe applicable to the goods in terms of section 444.

Rules to facilitate implementation of this Chapter 25

451. Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules—

- (a) regulating—
 - (i) the processing of goods under the home use processing procedure to prevent diversion of goods for home use or tax evasion; 30
 - (ii) the appointment of persons as subcontractors to undertake any aspect of the processing of goods on behalf of a person carrying out the processing of those goods under the home use processing procedure, and the obligations of such subcontractors; and
 - (iii) the movement of the goods, and of home use compensating products, by-products and waste obtained from those goods, between different locations; 35
- (b) prescribing reports to be submitted to the customs authority by licensees of home use processing premises concerning—
 - (i) all goods received, stored or processed for home use processing at or removed from those premises during a reporting period; 40
 - (ii) all home use compensating products, by-products or waste obtained from those goods or removed from those premises during a reporting period;
 - (iii) any surpluses or shortfalls on goods received for home use processing or

328. See section 112 for general grounds on which goods under a customs procedure must or may be regarded to be cleared for home use.

329. For tax consequences if goods are regarded to be cleared for home use, see section 154; for other consequences of non-compliance with customs procedures, see section 115.

(b) Paragraaf (a) geld nie indien die perseel waar die gesubkontraakteerde prosessering onderneem sal word 'n gelisensieerde binnelandse gebruikprosesseringsperseel is en die subkontraakteur die lisensiehouer van daardie perseel is nie.

(2) Die perseel waar die gesubkontraakteerde prosessering onderneem sal word, moet 'n gelisensieerde binnelandse gebruikprosesseringsperseel wees indien die jaarlikse besigheidsomset van daardie perseel 'n bedrag soos by reël voorgeskryf mag word, oorskry. 5

(3) Aansoek om goedkeuring ingevolge subartikel (1)(a) moet gedoen word—

(a) by die doeanegesag voordat die goedere aan die subkontraakteur gelewer word; en 10

(b) in die vorm en formaat, en ooreenkomstig die vereistes, soos by reël voorgeskryf mag word.

Deel 4

Ander aangeleenthede

Bykomende gronde waarop goedere onder prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geag moet word vir binnelandse gebruik geklaar te wees³²⁸ 15

450. Ingevoerde goedere wat vir binnelandse gebruikprosessering geklaar en vrygestel is, moet ingevolge artikel 112(1) vir belastingdoeleindes geag word vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 geklaar te wees—³²⁹

(a) indien die goedere in stryd met artikel 443 gebruik word vir 'n doel anders as die produksie van binnelandse gebruik kompenserende produkte van die klas of soort in die binnelandse gebruikprosessering klaringsbrief van daardie goedere vermeld; of 20

(b) indien die prosessering van die ingevoerde goedere tot binnelandse gebruik kompenserende produkte nie afgehandel word binne die tydperk wat ingevolge artikel 444 vir daardie goedere geld nie. 25

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

451. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit—

(a) ter regulering van— 30

(i) die prosessering van goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering ten einde afwending van goedere vir binnelandse gebruik of belastingontduiking te voorkom;

(ii) die aanstelling van persone as subkontrakteurs om enige aspek van die prosessering van goedere te onderneem ten behoeve van 'n persoon wat die prosessering van daardie goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering uitvoer, en die verpligtinge van sulke subkontrakteurs; en 35

(iii) die beweging tussen verskillende plekke van die goedere en van binnelandse gebruik kompenserende produkte, byprodukte en afval wat van daardie goedere verkry word; 40

(b) wat verslae voorskryf wat deur lisensiehouers van binnelandse gebruikprosesseringspersele aan die doeanegesag verstrekk moet word betreffende—

(i) alle goedere vir binnelandse gebruikprosessering ontvang, geberg of geprosesseer by, of verwyder van, daardie perseel gedurende 'n verslagtydperk; 45

(ii) alle binnelandse gebruik geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte of afval verkry van daardie goedere, of verwyder van daardie perseel, gedurende 'n verslagtydperk;

(iii) enige surplusse of tekorte op goedere vir binnelandse gebruikprosessering ontvang of op binnelandse gebruik geprosesseerde kompense- 50

328. Kyk artikel 112 vir algemene gronde waarop goedere onder 'n doeaneprosedure geag moet of mag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees.

329. Vir belastinggevolge indien goedere geag word vir binnelandse gebruik geklaar te wees, kyk artikel 154; vir ander gevolge van nie-voldoening aan doeaneprosedures, kyk artikel 115.

- on home use compensating products, by-products or waste obtained from those goods, as at the end of a reporting period; and
- (iv) any goods or home use compensating products, by-products or waste damaged, destroyed, lost or unaccounted for during a reporting period;
- (c) prescribing the periods for and the timeframes within which such reports must be submitted to the customs authority; 5
- (d) prescribing for purposes of section 122(c), any persons, other than carriers, permitted to transport under the home use processing procedure imported goods or products obtained from the imported goods before those products become goods in free circulation; and 10
- (e) to ensure effective customs control when imported goods, or products obtained from the imported goods before those products become goods in free circulation, are stored or transported under the home use processing procedure.

Offences in terms of this Chapter 15

- 452.** (1) A person is guilty of an offence if that person contravenes section 442(2)(c).
(2) A person clearing goods for home use processing is guilty of an offence if that person contravenes or fails to comply with—
- (a) a condition or requirement referred to in section 442(1)(a) or (b) applicable to that person; or 20
 - (b) section 443(1) or (2), 444(2), 446(1) or 447(1).
- (3) A licensee of any home use processing premises is guilty of an offence if that person contravenes or fails to comply with—
- (a) a condition or requirement referred to in section 442(1)(a) or (b) applicable to that licensee; or 25
 - (b) section 442(2)(b)(ii), 447(1) or 448(1).
- (4) A carrier transporting goods under the home use processing procedure is guilty of an offence if that carrier fails to comply with section 442(2)(b)(i).
(5) A contravention or failure to comply with section 442(2)(c) or 443(2) is a Category 1 offence. 30

CHAPTER 20

OUTWARD PROCESSING PROCEDURE

Part 1

Introductory provisions

Purpose of this Chapter 35

453. The purpose of this Chapter is to regulate the outward processing procedure.

Outward processing procedure³³⁰

- 454.** (1) Outward processing is a customs procedure that allows—
- (a) goods to be exported from the Republic under this procedure for processing abroad; and 40
 - (b) products obtained from the processing of those goods to be imported into the

³³⁰. For tax status of goods under the outward processing procedure, see section 150.

- rende produkte, byprodukte of afval uit daardie goedere verkry, soos aan die einde van 'n verslagtydperk; en
- (iv) enige goedere of binnelandse gebruik geprosesseerde kompenserende produkte, byprodukte of afval wat gedurende 'n verslagtydperk beskadig, vernietig, verlore of rekenskaploos geraak het; 5
- (c) wat die tydperke waarvoor en die tydsrame waarbinne sodanige verslae aan die doeanegesag verstrek moet word, voorskryf;
- (d) wat vir doeleindes van artikel 122(c), voorskryf watter persone, anders as vervoerders, gemagtig is om ingevoerde goedere of produkte wat van die ingevoerde goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering verkry is voordat daardie produkte goedere in vry sirkulasie word, te vervoer; en 10
- (e) om doeltreffende doeanebeheer te verseker wanneer ingevoerde goedere, of produkte van die ingevoerde goedere verkry, onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering geberg of vervoer word voordat daardie produkte goedere in vry sirkulasie word. 15

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk

452. (1) 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon artikel 442(2)(c) oortree. 20
- (2) 'n Persoon wat goedere vir binnelandse gebruikprosessering klaar, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon—
- (a) 'n voorwaarde of vereiste bedoel in artikel 442(1)(a) of (b) wat op daardie persoon van toepassing is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (b) artikel 443(1) of (2), 444(2), 446(1) of 447(1) oortree of versuim om daaraan te voldoen. 25
- (3) 'n Lisensiehouer van enige binnelandse gebruikprosesseringsperseel is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon—
- (a) 'n voorwaarde of vereiste bedoel in artikel 442(1)(a) of (b) wat op daardie lisensiehouer van toepassing is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of 30
- (b) artikel 442(2)(b)(ii), 447(1) of 448(1) oortree of versuim om daaraan te voldoen.
- (4) 'n Vervoerder wat goedere onder die prosedure vir binnelandse gebruikprosessering vervoer, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie vervoerder versuim om aan artikel 442(2)(b)(i) te voldoen. 35
- (5) 'n Oortreding of versuim om te voldoen aan artikel 442(2)(c) of 443(2) is 'n Kategorie 1 misdryf.

HOOFSTUK 20

PROSEDURE VIR UITWAARTSE PROSESSERING

Deel 1 40

Inleidende bepalings

Doel van hierdie Hoofstuk

453. Die doel van hierdie Hoofstuk is om die prosedure vir uitwaartse prosessering te reguleer.

Prosedure vir uitwaartse prosessering³³⁰ 45

454. (1) Uitwaartse prosessering is 'n doeaneprosedure ingevolge waarvan—
- (a) goedere uit die Republiek onder hierdie prosedure uitgevoer mag word vir prosessering in die buiteland; en
- (b) produkte verkry uit die prosessering van daardie goedere, onder hierdie prosedure in die Republiek ingevoer mag word en vir binnelandse gebruik as 50

330. Vir belastingstatus van goedere onder die prosedure vir uitwaartse prosessering, kyk artikel 150.

Republic and cleared and released for home use under this procedure as outward processed compensating products.

(2) The outward processing procedure is available only for goods referred to in section 458(a).

Commencement and completion of outward processing procedure 5

455. (1) (a) Goods come under the outward processing procedure when the goods are cleared for export under the outward processing procedure.

(b) The outward processing procedure is, subject to subsection (2), completed when products obtained from those goods are imported into the Republic and cleared and released for home use as outward processed compensating products. 10

(2) The outward processing procedure ends before its completion if completion of the procedure is interrupted by an occurrence referred to in section 109(2).

Extent to which Chapters 4, 5 and 7 apply

456. Chapters 4, 5 and 7, except insofar as a provision of those Chapters is modified, qualified or deviated from in this Chapter, apply to all goods under the outward processing procedure,³³¹ including to the clearance and release of— 15

- (a) goods for export for outward processing; and
- (b) imported goods for home use as outward processed compensating products.

Part 2

Clearance and release of goods for outward processing 20

Clearance of goods for outward processing procedure

457. Goods to be cleared for outward processing must be cleared for export for outward processing in accordance with Chapter 16³³² read with section 456(a).

Conditions for clearance of goods for outward processing

458. Goods may be cleared for outward processing only if— 25

- (a) those goods are of a class or kind authorised in any of the tax levying Acts as goods that may be cleared for outward processing;
- (b) the requirements applicable to the clearance for outward processing of goods of that class or kind have been complied with, including requirements and conditions as may be— 30
 - (i) prescribed by rule;
 - (ii) specified in a tax levying Act referred to in paragraph (a); or
 - (iii) determined in terms of any other applicable legislation;
- (c) the person who clears the goods for outward processing— 35
 - (i) undertakes to comply with the requirements applicable to the outward processing of goods and the importation of outward processed compensating products obtained from those goods, including requirements and conditions as may be prescribed by rule, specified in a tax levying Act referred to in paragraph (a) or determined in terms of any other applicable legislation; and 40

331. In the case of an inconsistency between a provision of this Chapter and a general provision contained in Chapter 4 or 7 the provision of this Chapter prevails. See sections 88(3) and 162(3).

332. See also section 361(2)(b)(iii) which states that Chapter 16 applies to goods destined for export under the outward processing procedure.

uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar en vrygestel mag word.

(2) Die prosedure vir uitwaartse prosessering is beskikbaar slegs vir goedere in artikel 458(a) bedoel.

Begin en afhandeling van prosedure vir uitwaartse prosessering 5

455. (1) (a) Goedere kom onder die prosedure vir uitwaartse prosessering wanneer die goedere vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering geklaar word.

(b) Die prosedure vir uitwaartse prosessering is, behoudens subartikel (2), afgehandel wanneer die produkte van daardie goedere verkry in die Republiek ingevoer word en vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar en vrygestel word. 10

(2) Die prosedure vir uitwaartse prosessering eindig voor die afhandeling daarvan indien afhandeling van die prosedure deur 'n gebeurtenis bedoel in artikel 109(2) onderbreek word.

Mate waarin Hoofstukke 4, 5 en 7 van toepassing is 15

456. Hoofstukke 4, 5 en 7, behalwe in soverre 'n bepaling van daardie Hoofstukke aangepas, gekwalifiseer of van afgewyk word in hierdie Hoofstuk, is van toepassing op alle goedere onder die prosedure vir uitwaartse prosessering,³³¹ asook op die klaring en vrystelling van—

- (a) goedere vir uitvoer vir uitwaartse prosessering; en 20
- (b) ingevoerde goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte.

Deel 2

Klaring en vrystelling van goedere vir uitwaartse prosessering

Klaring van goedere vir prosedure vir uitwaartse prosessering 25

457. Goedere bestem vir klaring vir uitwaartse prosessering moet vir uitvoer vir uitwaartse prosessering geklaar word volgens voorskrif van Hoofstuk 16³³² saamgelees met artikel 456(a).

Voorwaardes vir klaring van goedere vir uitwaartse prosessering

458. Goedere mag vir uitwaartse prosessering geklaar word slegs indien— 30

- (a) daardie goedere van 'n klas of soort is wat in enige van die belastingheffings-Wette gemagtig word as goedere wat vir uitwaartse prosessering geklaar mag word;
- (b) daar aan die vereistes van toepassing op die klaring vir uitwaartse prosessering van goedere van daardie klas of soort voldoen word, met inbegrip van vereistes en voorwaardes wat— 35
 - (i) by reël voorgeskryf mag word;
 - (ii) in 'n belastingheffings-Wet bedoel in paragraaf (a) gespesifiseer mag word; of
 - (iii) ingevolge enige ander toepaslike wetgewing bepaal mag word; 40
- (c) die persoon wat die goedere vir uitwaartse prosessering klaar— 45
 - (i) onderneem het om aan die vereistes van toepassing op die uitwaartse prosessering van goedere en die invoer van uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte verkry van daardie goedere te voldoen, met inbegrip van vereistes en voorwaardes soos by reël voorgeskryf, in 'n belastingheffings-Wet bedoel in paragraaf (a) gespesifiseer of ingevolge enige ander toepaslike wetgewing bepaal mag word; en

331. In die geval van enige onbestaanbaarheid tussen 'n bepaling van hierdie Hoofstuk en 'n algemene bepaling in Hoofstuk 4 of 7 vervat, geniet die bepaling van hierdie Hoofstuk voorrang. Kyk artikels 88(3) en 162(3).

332. Kyk ook artikel 361(2)(b)(iii) wat bepaal dat Hoofstuk 16 van toepassing is op goedere bestem vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering.

- (ii) gives security for the payment of any export tax that may become payable on the goods; and
- (d) measures have been taken to ensure that when goods are cleared for home use as outward processed compensating products obtained from the exported goods, those goods could be verified as compensating products obtained from those goods. 5

Persons entitled to submit clearance declarations for export of goods for outward processing

459. Only the following persons may, subject to section 165(2), submit clearance declarations to clear goods for export under the outward processing procedure:³³³ 10

- (a) The exporter of the goods, if that exporter is located in the Republic;
- (b) the registered agent in the Republic of the exporter, if that exporter is not located in the Republic; or
- (c) a customs broker referred to in section 165(1)(b).

Contents of clearance declarations for export of goods for outward processing 15

460. An export clearance declaration submitted in terms of Part 2 of Chapter 16 for the export of goods for outward processing must, in addition to the information required in terms of section 167, state—

- (a) that the goods are cleared for export for outward processing;
- (b) the item number in a tax levying Act referred to in section 458(a) authorising the clearance of goods of the relevant class or kind for outward processing; 20
- (c) details of any permit, permission or authorisation granted in respect of the goods in terms of any condition prescribed by rule or specified in a tax levying Act referred to in section 458(a) or determined in terms of any other applicable legislation; 25
- (d) the name and street address of the person to whom any such permit, permission or authorisation was granted; and
- (e) the kind of compensating products that will be obtained from the outward processing of those goods.

Release not to be limited to owners of goods 30

461. The customs authority may not limit the release of goods for export for outward processing to the owner of the goods, but may grant such release to any person complying with the requirements applicable to the outward processing of goods of that class or kind, including any requirements and conditions as may be prescribed by rule, specified in a tax levying Act referred to in section 458(a) or determined in terms of any other applicable legislation. 35

Release of goods for export under outward processing procedure

462. The release of the goods for export under the outward processing procedure is subject to compliance with any conditions or requirements—

- (a) referred to in section 458(c); 40
- (b) as may be prescribed by rule; or
- (c) as may be determined by the customs authority in terms of section 104 in a specific case.

³³³. See section 165(1)(a).

- (ii) sekuriteit stel vir die betaling van enige uitvoerbelasting wat op die goedere betaalbaar mag word; en
- (d) stappe gedoen is om te verseker dat wanneer goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte uit die uitgevoerde goedere verkry, geklaar word daardie goedere geverifieer kan word as kompenserende produkte van daardie goedere verkry. 5

Persone wat klaringsbriewe vir uitvoer van goedere vir uitwaartse prosessering mag indien

459. Slegs die volgende persone mag, behoudens artikel 165(2), klaringsbriewe indien om goedere vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering te klaar:³³³ 10

- (a) Die uitvoerder van die goedere, indien daardie uitvoerder in die Republiek gesetel is;
- (b) die geregistreerde agent in die Republiek van die uitvoerder, indien daardie uitvoerder nie in die Republiek gesetel is nie; of 15
- (c) 'n doeanemakelaar in artikel 165(1)(b) bedoel.

Inhoud van klaringsbriewe vir uitvoer van goedere vir uitwaartse prosessering

460. 'n Uitvoerklaringsbrief ingevolge Deel 2 van Hoofstuk 16 ingedien vir die uitvoer van goedere vir uitwaartse prosessering moet, benewens die inligting wat ingevolge artikel 167 vereis word, die volgende vermeld: 20

- (a) Dat die goedere vir uitvoer vir uitwaartse prosessering geklaar word;
- (b) die itemnommer in 'n belastingheffings-Wet bedoel in artikel 458(a) wat die klaring van goedere van die betrokke klas of soort vir uitwaartse prosessering magtig;
- (c) besonderhede van enige permit, toestemming of magtiging wat ten opsigte van die goedere verleen is ingevolge enige voorwaarde by reël voorgeskryf of in 'n belastingheffings-Wet bedoel in artikel 458(a) gespesifiseer of ingevolge enige ander toepaslike wetgewing bepaal; 25
- (d) die naam en straatadres van die persoon aan wie so 'n permit, toestemming of magtiging verleen is; en 30
- (e) die soort van kompenserende produkte wat uit die uitwaartse prosessering van daardie goedere verkry sal word.

Vrystelling nie beperk tot eienaars van goedere

461. Die doeanegesag mag nie die vrystelling van goedere vir uitvoer vir uitwaartse prosessering tot die eenaar van die goedere beperk nie, maar kan so 'n vrystelling verleen aan enige persoon wat aan die vereistes voldoen wat op die uitwaartse prosessering van goedere van daardie klas of soort van toepassing is, met inbegrip van enige vereistes en voorwaardes soos by reël voorgeskryf, in 'n belastingheffings-Wet bedoel in artikel 458(a) gespesifiseer of ingevolge enige ander toepaslike wetgewing bepaal mag word. 40

Vrystelling van goedere vir uitvoer onder prosedure vir uitwaartse prosessering

462. Die vrystelling van die goedere vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering is onderworpe aan voldoening aan enige voorwaardes of vereistes—

- (a) in artikel 458(c) bedoel;
- (b) soos by reël voorgeskryf mag word; of 45
- (c) soos in 'n spesifieke geval deur die doeanegesag ingevolge artikel 104 bepaal mag word.

³³³. Kyk artikel 165(1)(a).

Part 3

Clearance and release for home use of outward processed compensating products

Clearance of imported goods for home use as outward processed compensating products

463. Imported goods to be cleared for home use as outward processed compensating products must be cleared in accordance with section 456(b). 5

Conditions for clearance for home use of outward processed compensating products

464. Goods may be cleared for home use as outward processed compensating products only if— 10

- (a) those goods were obtained from goods exported from the Republic under the outward processing procedure;
- (b) the requirements applicable to the outward processing of the goods from which the compensating products were obtained have been complied with; and 15
- (c) any conditions subject to which those goods were released for export under the outward processing procedure in terms of section 462 have been complied with.

Time limits on clearance for home use of outward processed compensating products 20

465. (1) Compensating products obtained from goods exported from the Republic under the outward processing procedure may be cleared for home use as outward processed compensating products only if those compensating products were imported into the Republic —

- (a) within a timeframe as may be determined in a tax levying Act referred to in section 458(a) for the class or kind of goods from which those products were obtained or, if two or more tax levying Acts authorise the same class or kind of goods to be cleared for outward processing, within a period determined uniformly in those tax levying Acts for that class or kind of goods; or 25
- (b) if no period is in terms of paragraph (a) determined for the relevant class or kind of goods, within two years from the time of clearance³³⁴ for outward processing of the goods from which those compensating products were obtained. 30

(2) A timeframe referred to in subsection (1)(a) or (b) is subject to extension or shortening in terms of section 908 or 909. 35

Importation of outward processed compensating products

466. Goods may be cleared and released for home use as outward processed compensating products despite the fact that—

- (a) only a part of the compensating products obtained from the goods exported for outward processing are imported; 40
- (b) the compensating products are imported in separate consignments, provided that a separate clearance declaration must be submitted in respect of each consignment; or
- (c) the compensating products are imported at a place of entry other than the place of exit from where the goods from which the products were obtained were originally exported. 45

³³⁴. See section 173 for time of clearance.

Deel 3

Klaring en vrystelling vir binnelandse gebruik van uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte

Klaring van ingevoerde goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte 5

463. Ingevoerde goedere wat bestem is vir klaring vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte moet volgens voorskrif van artikel 456(b) geklaar word.

Voorwaardes vir klaring vir binnelandse gebruik van uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte 10

464. Goedere mag vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar word slegs indien—

- (a) daardie goedere verkry is van goedere wat uit die Republiek onder die prosedure vir uitwaartse prosessering uitgevoer is;
- (b) daar aan die vereistes voldoen is wat van toepassing is op die uitwaartse prosessering van die goedere waarvan die kompenserende produkte verkry is; en
- (c) daar aan enige voorwaardes voldoen is onderworpe waaraan daardie goedere vir uitvoer onder die prosedure vir uitwaartse prosessering ingevolge artikel 462 vrygestel is. 15 20

Tydsbeperkings op klaring vir binnelandse gebruik van uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte

465. (1) Kompenserende produkte verkry van goedere wat uit die Republiek onder die prosedure vir uitwaartse prosessering uitgevoer is, mag vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar word slegs indien daardie kompenserende produkte in die Republiek ingevoer word— 25

- (a) binne 'n tydsraam soos in 'n belastingheffings-Wet bedoel in artikel 458(a) bepaal mag word vir die klas of soort goedere waarvan daardie produkte verkry is of, indien twee of meer belastingheffings-Wette magtiging verleen vir die klaring vir uitwaartse prosessering van dieselfde klas of soort goedere, binne 'n tydperk wat eenvormig in daardie belastingheffings-Wette vir daardie klas of soort goedere bepaal word; of 30
- (b) indien geen tydperk ingevolge paragraaf (a) vir die betrokke klas of soort goedere bepaal word nie, binne twee jaar vanaf die tydstip van klaring³³⁴ vir uitwaartse prosessering van die goedere waarvan daardie kompenserende produkte verkry is, of die korter tydperk soos by reël voorgeskryf mag word. 35

(2) 'n Tydperk bedoel in subartikel (1)(a) of (b) is aan verlenging of verkorting ingevolge artikel 908 of 909 onderhewig.

Invoer van uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte

466. Goedere kan vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar en vrygestel word ondanks die feit dat— 40

- (a) slegs 'n gedeelte van die kompenserende produkte verkry van die goedere wat vir uitwaartse prosessering uitgevoer is, ingevoer word;
- (b) die kompenserende produkte in afsonderlike besendings ingevoer word, mits 'n afsonderlike klaringsbrief ten opsigte van elke besending ingedien word; of
- (c) die kompenserende produkte ingevoer word by 'n plek van toegang anders as die plek van uitgang waar die goedere waarvan die produkte verkry is oorspronklik uitgevoer is. 45

334. Kyk artikel 173 vir tydstip van klaring.

Persons entitled to submit home use clearance declarations for outward processed compensating products

467. Only the following persons may, subject to section 165(2), submit clearance declarations to clear goods for home use as outward processed compensating products:³³⁵ 5

- (a) The person who originally cleared the goods from which the compensating products were obtained for outward processing; or
- (b) a customs broker referred to in section 165(1)(b).

Contents of home use clearance declarations for outward processed compensating products 10

468. (1) A clearance declaration to clear goods for home use as outward processed compensating products must, in addition to the matters required in terms of section 167, state—

- (a) that the goods are cleared for home use as outward processed compensating products; 15
- (b) the reference number and date of the clearance declaration submitted in respect of the export for outward processing of the goods from which those compensating products were obtained;
- (c) the street address of the person to whom the compensating products are consigned; and 20
- (d) the date, number and particulars of any permit or other authorisation issued in terms of any legislation in respect of the import of the compensating products, if such a permit or authorisation is a requirement for the import of the products.

(2) The person clearing goods for home use as outward processed compensating products must on request by the customs authority submit a statement stating in relation to the exported goods from which those compensating products were obtained—

- (a) whether the exporter or any other person reclaimed any import or domestic tax paid on the goods when exported, and if so— 30
 - (i) the kind of tax; and
 - (ii) the amount of tax reclaimed; and
- (b) whether any benefit was paid to the exporter or other person under any export incentive scheme applicable to the goods, whether in the form of a tax reduction or relief, an export or other subsidy, a rebate or reward or other benefit. 35

Part 4

Provisions regulating outward processing procedure

Conversion rates for goods to compensating products

469. (1) The customs authority may in respect of any goods exported under the outward processing procedure approve a conversion rate that must for purposes of this Chapter be used for determining— 40

- (a) the quantity of compensating products that should in the ordinary course of processing the exported goods for the relevant purpose be obtained from those goods; or
- (b) the quantity of those exported goods that, in the ordinary course of processing the goods for the relevant purpose, would have been used in order to obtain a specific quantity of compensating products. 45

(2) Quantities may for purposes of subsection (1) be determined by number, weight, volume or any other measuring unit, as may be appropriate.

- (3) In determining a conversion rate, account must be taken of any— 50
 - (a) evaporation;

335. See section 165(1)(a).

Persone wat binnelandse gebruik klaringsbriewe vir uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte mag indien

467. Slegs die volgende persone mag, behoudens artikel 165(2), klaringsbriewe indien om goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte te klaar:³³⁵ 5

- (a) Die persoon wat oorspronklik die goedere waarvan die kompenserende produkte verkry is vir uitwaartse prosessering geklaar het; of
- (b) 'n doeanemakelaar in artikel 165(1)(b) bedoel.

Inhoud van binnelandse gebruik klaringsbriewe vir uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte 10

468. (1) 'n Klaringsbrief om goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte te klaar, moet, benewens die aangeleentheid wat ingevolge artikel 167 vereis word, die volgende vermeld:

- (a) Dat die goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte geklaar word; 15
- (b) die verwysingsnommer en datum van die klaringsbrief wat ingedien is ten opsigte van die uitvoer vir uitwaartse prosessering van die goedere waarvan daardie kompenserende produkte verkry is;
- (c) die straatadres van die persoon aan wie die kompenserende produkte versend word; en 20
- (d) die datum, nommer en besonderhede van enige permit of ander magtiging wat ingevolge enige wetgewing ten opsigte van die invoer van die kompenserende produkte uitgereik is, indien sodanige permit of magtiging 'n vereiste vir die invoer van die produkte is.

(2) Die persoon wat goedere vir binnelandse gebruik as uitwaarts geprosesseerde kompenserende produkte klaar, moet op versoek van die doeanegesag 'n verklaring indien wat met betrekking tot die uitgevoerde goedere waarvan daardie kompenserende produkte verkry is die volgende vermeld: 25

- (a) Of die uitvoerder of enige ander persoon enige invoer- of plaaslike belasting wat op die goedere betaal is, by uitvoer teruggeëis het, en indien wel— 30
 - (i) die soort belasting; en
 - (ii) die bedrag van belasting teruggeëis; en
- (b) of enige voordeel aan die uitvoerder of enige ander persoon onder enige uitvoer-aansporingskema van toepassing op die goedere betaal is, hetsy in die vorm van 'n belastingvermindering of -verligting, 'n uitvoer- of ander 35 subsidie, 'n korting of vergoeding of ander voordeel.

Deel 4

Bepalings ter regulering van prosedure vir uitwaartse prosessering

Omrekeningskale vir goedere na kompenserende produkte

469. (1) Die doeanegesag kan ten opsigte van enige goedere wat onder die prosedure vir uitwaartse prosessering uitgevoer is, 'n omrekeningskaal goedkeur wat vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk gebruik moet word om— 40

- (a) die hoeveelheid kompenserende produkte te bepaal wat in die gewone loop van prosessering van die uitgevoerde goedere vir die betrokke doel, uit daardie goedere verkry behoort te word; of 45
- (b) die hoeveelheid van daardie uitgevoerde goedere bepaal wat in die gewone loop van prosessering van die goedere vir die betrokke doel, gebruik sou moes word ten einde 'n spesifieke hoeveelheid kompenserende produkte te verkry.

(2) Hoeveelhede kan vir doeleindes van subartikel (1) bepaal word per aantal, gewig, volume of enige ander maateenheid soos ook al gepas mag wees. 50

(3) By die bepaling van 'n omrekeningskaal moet daar rekening gehou word met enige—

- (a) verdamping;

335. Kyk artikel 165(1)(a).

- (b) drying-out;
- (c) any other losses that may result from the nature of the goods used; or
- (d) any other relevant factors.

Identification measures

470. The customs authority may take such steps as are necessary for the accurate identification of compensating products obtained from goods exported under the outward processing procedure when those products are cleared for home use as outward processed compensating products, including by— 5

- (a) recording any specific marks or numbers on goods exported under the outward processing procedure before their export; 10
- (b) taking any samples or making use of any illustrations or technical descriptions; and
- (c) requesting any documentary evidence concerning the processing abroad of the exported goods.

Part 5 15

Other matters

Specific grounds for regarding goods exported under outward processing procedure to be cleared for outright export³³⁶

471. Goods exported under the outward processing procedure must in terms of section 114(1) for tax purposes be regarded to be cleared for outright export³³⁷ if— 20

- (a) the exported goods are not used for outward processing;
- (b) ownership of—
 - (i) the exported goods is transferred after the goods have been exported from the Republic; or
- 488.** (1) The Commissioner may by rule prescribe a channel or other customs processing system to facilitate the processing at places of entry or exit of persons entering or leaving the Republic.
- (2) In terms of such a system—
- (a) persons who have items in their accompanied baggage that must be declared in terms of section 479 or 484, must be processed separately from persons who do not have any items in their accompanied baggage that must be declared; and
 - (b) persons who do not have any items in their accompanied baggage that must be declared in terms of section 479 or 484, must be allowed to proceed without customs formalities unless a customs officer intervenes in terms of this Act.
- (3) Unless the customs authority demands otherwise in relation to a specific person—
- (a) section 478(1)(a) need not be complied with at a place of entry where a channel system is in force; and
 - (b) section 483(1)(a) need not be complied with at a place of exit where a channel system is in force.

³⁵⁶. It is to be noted that this subsection only applies to items declared in terms of section 484(1)(e)(ii).

- (b) moet so 'n uitvoerbelasting op aanvraag betaal word tensy die belastingheffings-Wet wat daardie belasting reguleer spesifiek anders vir belasbare vergeselde of onvergeselde bagasie-items bepaal.
- (2) 'n Persoon kan in stede daarvan om 'n bedrag aan uitvoerbelasting bepaal ooreenkomstig subartikel (1)(a) te betaal op enige items in sy of haar vergeselde of onvergeselde bagasie wat ingevolge artikel 484(1)(e) verklaar is en wat bestaan uit goedere van die klasse of soorte waarop die belastingvrytoelae toegepas mag word, verkies om uitvoerbelasting op daardie items soos volg te betaal:³⁵⁶
- (a) Items deur daardie persoon geselekteer waarvan die gekombineerde doanewaarde binne die belastingvrytoelae vir uitvoer bagasie-items is: geen uitvoerbelasting op daardie items betaalbaar nie;
- (b) items deur daardie persoon geselekteer uit items wat nie reeds ingevolge paragraaf (a) geselekteer is nie, waarvan die gekombineerde doanewaarde nie 'n boonste limiet in die Wet op Doanereg vasgestel, oorskry nie: uitvoerbelasting op daardie items betaalbaar teen 'n vaste skaal van belasting in die Wet op Doanereg vasgestel; en
- (c) enige oorblywende items nie reeds ingevolge paragraaf (a) of (b) geselekteer nie: uitvoerbelasting op daardie items betaalbaar teen die skale wat ingevolge die Wet op Doanereg betaalbaar is.

Plek waar uitgaande reisiger- en bemanningsdeklarاسies ingedien moet word 20

487. Daar moet aan artikel 483(1) en (2) voldoen word—

- (a) in die geval van 'n persoon wat die Republiek in 'n land-uitgaande vaartuig gaan verlaat, by die doeaneseehawe waar daardie persoon aan boord van die vaartuig gaan;
- (b) in die geval van 'n persoon wat die Republiek in 'n land-uitgaande vliegtuig gaan verlaat, by die doanelughawe waar daardie persoon aan boord van die vliegtuig gaan;
- (c) in die geval van 'n persoon wat die Republiek in 'n oor-grens spoorwegwa gaan verlaat, by die spoorreisigersterminaal waar daardie persoon aan boord van die spoorwegwa gaan; of
- (d) in die geval van 'n persoon wat die Republiek in 'n voertuig of te voet gaan verlaat, by die land-grenspos waar die persoon die Republiek gaan verlaat.

Deel 3

Ander aangeleenthede

Kanaliserings- of ander stelsel 35

488. (1) Die Kommissaris kan by reël 'n kanalisering- of ander doeaneproseseringstelsel voorskryf om die prosessering by plekke van toegang en uitgang van persone wat die Republiek binnekom of verlaat, te fasiliteer.

(2) Ingevolge so 'n stelsel—

- (a) moet persone wat items in hulle vergeselde bagasie het wat ingevolge artikel 479 of 484 verklaar moet word, afsonderlik geprosesseer word van persone wat nie enige items in hulle vergeselde bagasie het wat verklaar moet word nie; en
- (b) moet persone wat nie enige items in hulle vergeselde bagasie het wat ingevolge artikel 479 of 484 verklaar moet word nie, toegelaat word om sonder doeaneformaliteite deur te gaan tensy 'n doeaneebeampte ingevolge hierdie Wet intree.

(3) Tensy die doeanegesag met betrekking tot 'n bepaalde persoon anders gelas, hoef daar nie—

- (a) aan artikel 478(1)(a) voldoen te word by 'n plek van toegang waar 'n kanaliseringstelsel in werking is nie; en
- (b) aan artikel 483(1)(a) voldoen te word by 'n plek van uitgang waar 'n kanaliseringstelsel in werking is nie.

³⁵⁶ Daar dien op gelet te word dat hierdie subartikel slegs van toepassing is op items wat ingevolge artikel 484(1)(e)(ii) verklaar is.

Rules to facilitate implementation of this Chapter

- 489.** Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules prescribing—
- (a) processes and timeframes for declaring items in the unaccompanied baggage of a person entering or leaving the Republic, and the handling and storage of such items; 5
 - (b) the goods or persons, or categories of goods or persons, that are excluded from this Chapter or any provision of this Chapter; and
 - (c) expedited procedures for the processing of pre-approved trusted or frequent travellers. 10

Offences in terms of this Chapter

- 490.** (1) A person entering the Republic is guilty of an offence if that person contravenes or fails to comply with section 478(1) or (2).
- (2) A person in the process of leaving the Republic is guilty of an offence if that person contravenes or fails to comply with section 483(1) or (2). 15

CHAPTER 22

INTERNATIONAL POSTAL ARTICLES HANDLED BY SOUTH AFRICAN POST OFFICE

Part 1

Introductory provisions 20

Purpose and application of this Chapter

- 491.** (1) The purpose of this Chapter is to regulate—
- (a) the clearance and release of international postal articles handled by the South African Post Office;
 - (b) the handling and inspection of such international postal articles for customs purposes; and 25
 - (c) the assessment of tax on such international postal articles.
- (2) This Chapter applies only to international postal articles—
- (a) imported into the Republic for— 30
 - (i) delivery in the Republic by the South African Post Office; or
 - (ii) transit to another country through the South African Post Office; or
 - (b) posted in the Republic for export from the Republic through the South African Post Office.³⁵⁷

Prohibited, restricted or sectorally controlled goods

- 492.** Chapter 35 applies if an international postal article consists of or contains prohibited, restricted or sectorally controlled goods. 35

Part 2

Clearance and release of international postal articles

Clearance of imported international postal articles

- 493.** (1) (a) Imported international postal articles that are not in terms of section 91 exempted from clearance requirements for imported goods, must be cleared for home use or a permissible customs procedure as required by section 89. 40

357. As this Chapter applies only to international postal articles handled by the South African Post Office, international postal articles imported or exported through private couriers must be treated as ordinary imported or exported goods.

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

489. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit wat die volgende voorskryf:

- (a) Prosesse en tydsrame vir die verklaring van items in die onvergeselde bagasie van 'n persoon wat die Republiek binnekom of verlaat, en die hantering en berging van sodanige items; 5
- (b) die goedere of persone, of kategorieë goedere of persone, wat van hierdie Hoofstuk of enige bepaling van hierdie Hoofstuk uitgesluit word; en
- (c) versnelde prosedures vir die prosessering van vooraf-goedgekeurde betroubare of gereelde reisigers. 10

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk

490. (1) 'n Persoon wat die Republiek binnekom, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon artikel 478(1) of (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen.

(2) 'n Persoon wat in die proses is om die Republiek te verlaat, is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon artikel 483(1) of (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen. 15

HOOFSTUK 22

INTERNASIONALE POSSTUKKE DEUR SUID-AFRIKAANSE POSKANTOOR HANTEER

Deel 1 20

Inleidende bepalings

Doel en toepassing van hierdie Hoofstuk

491. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om—

- (a) die klaring en vrystelling van internasionale posstukke te reguleer wat deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor hanteer word; 25
 - (b) die hantering en inspeksie van sodanige internasionale posstukke vir doeanedoeleindes te reguleer; en
 - (c) die aanslaan van belasting op sodanige internasionale posstukke te reguleer.
- (2) Hierdie Hoofstuk is van toepassing slegs op internasionale posstukke wat—
- (a) in die Republiek ingevoer word vir— 30
 - (i) aflewering in die Republiek deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor; of
 - (ii) transito na 'n ander land deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor; of
 - (b) in die Republiek gepos word vir uitvoer uit die Republiek deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor.³⁵⁷

Verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere 35

492. Hoofstuk 35 is van toepassing indien 'n internasionale posstuk verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere is of bevat.

Deel 2

Klaring en vrystelling van internasionale posstukke

Klaring van ingevoerde internasionale posstukke 40

493. (1) (a) Ingevoerde internasionale posstukke wat nie ingevolge artikel 91 van klaringsvereistes vir ingevoerde goedere uitgesluit is nie, moet soos deur artikel 89 vereis vir binnelandse gebruik of 'n toelaatbare doeaneprosedure geklaar word.

357. Aangesien hierdie Hoofstuk slegs van toepassing is op internasionale posstukke wat deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor hanteer word, moet internasionale posstukke ingevoer of uitgevoer deur private koerierdienste behandel word as gewone ingevoerde of uitgevoerde goedere.

(b) The provisions of this Act regulating the regular clearance and release of imported goods apply, subject to subsection (2) and the other provisions of this Chapter, to the clearance and release of imported international postal articles referred to in paragraph (a).

(2) (a) If an international postal article with a customs value not exceeding an upper limit prescribed by the Minister by notice in the *Gazette* is to be cleared for home use under Chapter 8, the postal declaration accompanying that postal article in terms of section 497 must for purposes of the clearance be regarded to be a clearance declaration for home use under Chapter 8. 5

(b) International postal articles cleared for home use in accordance with the simplified clearance process provided for in paragraph (a) may be exempted by rule from any provision of this Act applicable to the regular clearance or release of goods for home use. 10

Clearance of international postal articles destined for export

494. (1) (a) International postal articles destined for export from the Republic that are not in terms of section 95 exempted from clearance requirements for goods destined for export, must be cleared for export as required by section 93. 15

(b) The provisions of this Act regulating the regular clearance and release of goods destined for export apply, subject to subsection (2) and the other provisions of this Chapter, to the clearance and release of international postal articles referred to in paragraph (a) destined for export. 20

(2) (a) If an international postal article with a customs value not exceeding an upper limit prescribed by the Minister by notice in the *Gazette* is to be cleared for outright export, the postal declaration accompanying that postal article in terms of section 497 must for purposes of the clearance be regarded to be a clearance declaration for outright export under the export procedure.³⁵⁸ 25

(b) The simplified clearance process provided for in paragraph (a) does not apply if the exporter of a postal article intends to apply in terms of Chapter 4 of the Customs Duty Act for a drawback of duty exceeding R100.

(c) International postal articles cleared for outright export in accordance with the simplified clearance process provided for in paragraph (a) may be exempted by rule from any provision of this Act applicable to the regular clearance or release of goods for outright export. 30

Part 3

Customs processing of international postal articles 35

Removal of international postal articles to international postal clearance depots

495. All international postal articles received by the South African Post Office must be removed to a licensed international postal clearance depot before—

- (a) delivered in the Republic, in the case of international postal articles imported for delivery in the Republic; or 40
- (b) exported from the Republic, in the case of international postal articles posted in the Republic for delivery outside the Republic.

Presentation of international postal articles to customs authority

496. The South African Post Office must present all international postal articles handled by it at a licensed international postal clearance depot to the customs authority at that depot, except postal articles excluded from clearance requirements in terms of section 91(1)(i) or 95(1)(j). 45

³⁵⁸. This simplified clearance process would not apply if the postal article is to be exported in terms of a customs procedure other than outright export, such as temporary export.

(b) Die bepalings van hierdie Wet wat die gewone klaring en vrystelling van ingevoerde goedere reguleer, is, behoudens subartikel (2) en die ander bepalings van hierdie Hoofstuk, van toepassing op die klaring en vrystelling van ingevoerde internasionale posstukke in paragraaf (a) bedoel.

(2) (a) Indien 'n internasionale posstuk met 'n doeanewaarde wat nie 'n boonste limiet deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorgeskryf, oorskry nie kragtens Hoofstuk 8 vir binnelandse gebruik geklaar word, moet die posdeklarasië wat daardie posstuk ingevolge artikel 497 vergesel vir doeleindes van die klaring geag word 'n klaringsbrief vir binnelandse gebruik kragtens Hoofstuk 8 te wees.

(b) Internasionale posstukke wat vir binnelandse gebruik geklaar word ooreenkomstig die verkorte klaringsproses soos in paragraaf (a) voorgeskryf, kan by reël onthef word van enige bepaling van hierdie Wet wat vir die gewone klaring of vrystelling van goedere vir binnelandse gebruik geld.

Klaring van internasionale posstukke bestem vir uitvoer

494. (1) (a) Internasionale posstukke bestem vir uitvoer uit die Republiek wat nie ingevolge artikel 95 van klaringsvereistes vir goedere bestem vir uitvoer uitgesluit is nie, moet soos deur artikel 93 vereis vir uitvoer geklaar word.

(b) Die bepalings van hierdie Wet wat die gewone klaring en vrystelling van goedere bestem vir uitvoer reguleer, is, behoudens subartikel (2) en die ander bepalings van hierdie Hoofstuk, van toepassing op die klaring en vrystelling van internasionale posstukke in paragraaf (a) bedoel wat vir uitvoer bestem is.

(2) (a) Indien 'n internasionale posstuk met 'n doeanewaarde wat nie 'n boonste limiet deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorgeskryf, oorskry nie vir regstreekse uitvoer geklaar word, moet die posdeklarasië wat daardie posstuk ingevolge artikel 497 vergesel vir doeleindes van die klaring geag word 'n klaringsbrief vir regstreekse uitvoer onder die uitvoerprosedure te wees.³⁵⁸

(b) Die verkorte klaringsproses soos in paragraaf (a) voorgeskryf, is nie van toepassing nie indien die uitvoerder van 'n posstuk beoog om ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet op Doeanereg aansoek te doen om 'n teruggawe van reg wat R100 oorskry.

(c) Internasionale posstukke wat vir regstreekse uitvoer geklaar word ooreenkomstig die verkorte klaringsproses soos in paragraaf (a) voorgeskryf, kan by reël onthef word van enige bepaling van hierdie Wet wat vir die gewone klaring en vrystelling van goedere vir regstreekse uitvoer geld.

Deel 3

Doeaneprosessering van internasionale posstukke 35

Neem van internasionale posstukke na internasionale posklaringsdepots

495. Alle internasionale posstukke wat deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor ontvang word, moet na 'n gelisensieerde internasionale posklaringsdepot geneem word voor—

(a) die aflewering daarvan in die Republiek, in die geval van internasionale posstukke wat vir aflewering in die Republiek ingevoer word; of

(b) die uitvoer daarvan uit die Republiek, in die geval van internasionale posstukke wat in die Republiek vir aflewering buite die Republiek gepos word.

Stel van internasionale posstukke tot beskikking van doeanegesag

496. Die Suid-Afrikaanse Poskantoor moet alle internasionale posstukke wat deur die Poskantoor by 'n gelisensieerde internasionale posklaringsdepot hanteer word, uitgesonderd posstukke wat ingevolge artikel 91(1)(i) of 95(1)(j) van klaringsvereistes onthef is, tot beskikking van die doeanegesag by daardie depot stel.

358. Hierdie verkorte klaringsproses geld nie waar die posstuk uitgevoer word ingevolge 'n doeaneprosedure anders as regstreekse uitvoer nie, soos tydelike uitvoer.

Postal declaration to accompany international postal articles presented to customs authority

- 497.** (1) When an international postal article referred to in section 496 is presented to the customs authority, the article must be accompanied by a postal declaration completed by or on behalf of the consignor of the postal article. 5
- (2) A postal declaration in terms of subsection (1) must—
- (a) be on a form as may be prescribed by rule and contain the information required on the form;
 - (b) signed and dated by the declarant; and
 - (c) be supported by such supporting documents as may be prescribed by rule. 10

Customs authority's functions in relation to international postal articles presented to it

- 498.** (1) When international postal articles referred to in section 496 are presented to the customs authority at a licensed international postal clearance depot, a customs officer must promptly— 15
- (a) distinguish between—
 - (i) postal articles that must be cleared in terms of regular clearance requirements referred to in section 493(1) or 494(1) and those that must be cleared in terms of the simplified clearance process referred to in section 493(2) or 494(2); 20
 - (ii) postal articles that are taxable³⁵⁹ and those that are not; and
 - (iii) postal articles that are or contain prohibited, restricted or sectorally controlled goods and other postal articles;
 - (b) notify importers or exporters of postal articles that must be cleared in terms of regular clearance requirements referred to in section 493(1) or 494(1), if not already cleared in terms of those requirements; 25
 - (c) release cleared non-taxable postal articles which are not or do not contain prohibited, restricted or sectorally controlled goods, to the South African Post Office for delivery in the Republic or for export from the Republic, as the case may be; 30
 - (d) deal with prohibited, restricted or sectorally controlled goods in accordance with Chapter 35;
 - (e) assess any import or export tax payable on cleared taxable postal articles in accordance with any applicable tax levying Act;
 - (f) release any cleared tax assessed postal articles to the South African Post Office for— 35
 - (i) collection on behalf of the Commissioner of any assessed import or export tax payable on the articles; and
 - (ii) delivery in the Republic or export from the Republic, as the case may be; 40
 - (g) perform any other tasks as may be prescribed by rule.
- (2) The South African Post Office is in respect of each international postal article that it presents to the customs authority in terms of this section entitled to recover from the addressee or consignor a customs presentation fee prescribed by rule in order to offset the costs incurred by it in performing the service on behalf of the addressee or consignor. 45

Part 4

Payment of import or export tax on international postal articles

Release of international postal articles

- 499.** No international postal article assessed by the customs authority and on which

³⁵⁹. See definition of "taxable" in section 1.

Posdeklarasië moet internasionale posstukke vergesel wat tot doeanebesag se beskikking gestel word

497. (1) Wanneer 'n internasionale posstuk in artikel 496 bedoel tot die doeanebesag se beskikking gestel word, moet die posstuk vergesel wees deur 'n posdeklarasië wat deur of ten behoeve van die versender van die posstuk voltooi is. 5
- (2) 'n Posdeklarasië ingevolge subartikel (1) moet—
- (a) op 'n vorm wees soos by reël voorgeskryf mag word en die inligting bevat wat op die vorm vereis word;
 - (b) deur die verklaarder onderteken en gedateer wees; en
 - (c) gerugsteun word deur die ondersteunende dokumente soos by reël 10 voorgeskryf mag word.

Doeanebesag se funksies met betrekking tot internasionale posstukke tot doeanebesag se beskikking gestel

498. (1) Wanneer internasionale posstukke in artikel 496 bedoel by 'n gelisensieerde internasionale posklaringsdepot tot die doeanebesag se beskikking gestel word, moet 'n doeanebeampste onverwyld— 15
- (a) onderskei tussen—
 - (i) posstukke wat ingevolge gewone klaringsvereistes bedoel in artikel 493(1) of 494(1) geklaar moet word en dié wat ingevolge die verkorte klaringsproses bedoel in artikel 493(2) of 494(2) geklaar moet word; 20
 - (ii) posstukke wat belasbaar is³⁵⁹ en dié wat nie belasbaar is nie; en
 - (ii) posstukke wat verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere is of bevat en ander posstukke;
 - (b) invoerders of uitvoerders in kennis stel van posstukke wat ingevolge gewone klaringsvereistes bedoel in artikel 493(1) of 494(1) geklaar moet word, indien hulle nie reeds ingevolge daardie vereistes geklaar is nie; 25
 - (c) geklaarde nie-belasbare posstukke wat nie verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere is of bevat nie, aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor vrystel vir aflewering in die Republiek of vir uitvoer uit die Republiek, na gelang van die geval; 30
 - (d) met verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere volgens voorskrif van Hoofstuk 35 handel;
 - (e) enige invoer- of uitvoerbelasting wat op geklaarde belasbare posstukke betaalbaar is, volgens voorskrif van enige betrokke belastingheffings-Wet bepaal; 35
 - (f) enige geklaarde posstukke waarop belasting bepaal is aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor vrystel vir—
 - (i) invordering ten behoeve van die Kommissaris van enige aangeslane invoer- of uitvoerbelasting wat op die posstukke betaalbaar is; en
 - (ii) aflewering in die Republiek of uitvoer uit die Republiek, na gelang van die geval; en 40
 - (g) enige ander take uitvoer soos by reël voorgeskryf mag word.
- (2) Die Suid-Afrikaanse Poskantoor kan ten opsigte van elke internasionale posstuk wat hy ingevolge hierdie artikel tot die doeanebesag se beskikking stel, 'n doeanehanteringsfooi, wat by reël voorgeskryf word, van die geadresseerde of versender verhaal ten einde die koste te dek wat hy in die verrigting van die diens ten behoeve van die geadresseerde of versender aangaan. 45

Deel 4

Betaling van invoer- of uitvoerbelasting op internasionale posstukke

Vrystelling van internasionale posstukke 50

499. Geen internasionale posstuk deur die doeanebesag aangeslaan en waarop enige invoer- of uitvoerbelasting betaalbaar is, mag deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor aan

359. Kyk omskrywing van "belasbaar" in artikel 1.

any import or export tax is payable may be delivered to the addressee or exported by the South African Post Office before the tax payable on the postal article has been paid.

Payment of tax on international postal articles

500. (1) Any import tax payable on an international postal article cleared for home use in terms of Chapter 8 or for a customs procedure that renders the goods subject to the payment of import tax in accordance with— 5

- (a) regular clearance requirements referred to in section 493(1), must be paid to the Commissioner by the person responsible in terms of the applicable tax levying Act for payment of the tax; or
- (b) the simplified clearance process provided for in section 493(2), must be paid to the South African Post Office as collecting agent of the Commissioner by the person in the Republic to whom the postal article is addressed. 10

(2) Any export tax payable on an international postal article cleared for a customs procedure that renders the goods subject to the payment of export tax in accordance with— 15

- (a) regular clearance requirements referred to in section 494(1), must be paid to the Commissioner by the person responsible in terms of the applicable tax levying Act for payment of the tax; or
- (b) the simplified clearance process provided for in section 494(2), must be paid to the South African Post Office as collecting agent of the Commissioner by the person in the Republic who consigns the postal article for export through the South African Post Office. 20

(3) The South African Post Office is for purposes of this Act the collecting agent of the Commissioner for import and export tax referred to in subsection (1)(b) and (2)(b).

Time when tax becomes payable and rate of tax 25

501. (1) Import or export tax on an international postal article cleared in accordance with—

- (a) regular clearance requirements referred to in section 493(1) or 494(1), becomes payable and must be paid in accordance with the tax levying Act regulating that tax; or 30
- (b) the simplified clearance process provided for in section 493(2) or 494(2)—
 - (i) becomes payable when the customs authority has assessed the tax on the postal article in terms of section 498; and
 - (ii) must be paid before the postal article is delivered to the consignee or exported, as the case may be, unless provided otherwise in the tax levying Act regulating that tax. 35

(2) The rate at which import or export tax is payable on an international postal article cleared in accordance with—

- (a) regular clearance requirements referred to in section 493(1) or 494(1), is the rate applicable at the time of clearance of the postal article, unless provided otherwise in the tax levying Act regulating that tax; or 40
- (b) the simplified clearance process provided for in section 493(2) or 494(2), is the rate applicable at the time of the assessment, unless provided otherwise in the tax levying Act regulating that tax.³⁶⁰

Payment of tax to customs authority 45

502. (1) The South African Post Office must—

- (a) on a daily basis pay over to the Commissioner the import or export tax that it collected the previous day; or
- (b) if an agreement referred to in subsection (2) has been entered into between the Commissioner and the South African Post Office, pay over to the Commissioner the tax that it collected at regular intervals as agreed. 50

³⁶⁰. See for instance section 81 of the Customs Duty Act.

die geadresseerde afgelewer word of uitgevoer word alvorens die belasting betaalbaar op die posstuk betaal is nie.

Betaling van belasting op internasionale posstukke

500. (1) Enige invoerbelasting wat op 'n internasionale posstuk betaalbaar is wat hetsy vir binnelandse gebruik ingevolge Hoofstuk 8 of vir 'n doeaneprosedure wat die goedere aan die betaling van invoerbelasting onderworpe stel, geklaar word ooreenkomstig— 5

(a) gewone klaringsvereistes bedoel in artikel 493(1), moet aan die Kommissaris betaal word deur die persoon wat ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet vir die betaling van die belasting verantwoordelik is; of 10

(b) die verkorte klaringsproses in artikel 493(2) voorgeskryf, moet aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor as invorderingsagent van die Kommissaris betaal word deur die persoon in die Republiek aan wie die posstuk geadresseer is.

(2) Enige uitvoerbelasting wat op 'n internasionale posstuk betaalbaar is wat vir 'n doeaneprosedure wat die goedere aan die betaling van uitvoerbelasting onderworpe stel, geklaar word ooreenkomstig— 15

(a) gewone klaringsvereistes in artikel 494(1) bedoel, moet aan die Kommissaris betaal word deur die persoon wat ingevolge die betrokke belastingheffings-Wet vir die betaling van die belasting verantwoordelik is; of

(b) die verkorte klaringsproses in artikel 494(2) voorgeskryf, moet aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor as invorderingsagent van die Kommissaris betaal word deur die persoon in die Republiek wat die posstuk vir uitvoer deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor versend. 20

(3) Die Suid-Afrikaanse Poskantoor is vir doeleindes van hierdie Wet die invorderingsagent van die Kommissaris vir invoer- en uitvoerbelasting in subartikel (1)(b) en (2)(b) bedoel. 25

Tydstip waarop belasting betaalbaar word en skaal van belasting

501. (1) Invoer- of uitvoerbelasting op 'n internasionale posstuk wat geklaar word ooreenkomstig—

(a) gewone klaringsvereistes bedoel in artikel 493(1) of 494(1), word betaalbaar en moet betaal word ooreenkomstig die belastingheffings-Wet wat daardie belasting reguleer; of 30

(b) die verkorte klaringsproses in artikel 493(2) of 494(2) voorgeskryf—

(i) word betaalbaar wanneer die doeanegesag die belasting op die posstuk ingevolge artikel 498 bepaal; en 35

(ii) moet betaal word voordat die posstuk aan die geadresseerde afgelewer word of uitgevoer word, na gelang van die geval, tensy daar anders in die belastingheffings-Wet bepaal word wat daardie belasting reguleer.

(2) Die skaal waarteen invoer- of uitvoerbelasting op 'n internasionale posstuk betaalbaar is wat geklaar word ooreenkomstig— 40

(a) gewone klaringsvereistes in artikel 493(1) of 494(1) bedoel, is die skaal wat op die tydstip van klaring van die posstuk van toepassing is, tensy daar anders in die belastingheffings-Wet bepaal word wat daardie belasting reguleer; of

(b) die verkorte klaringsproses in artikel 493(2) of 494(2) voorgeskryf, is die skaal wat op die tydstip van die aanslag van toepassing is, tensy daar anders in die belastingheffings-Wet bepaal word wat daardie belasting reguleer.³⁶⁰ 45

Betaling van belasting aan doeanegesag

502. (1) Die Suid-Afrikaanse Poskantoor moet—

(a) op 'n daaglikse basis die invoer- of uitvoerbelasting wat hy die vorige dag ingevorder het aan die Kommissaris oorbetaal; of 50

(b) indien 'n ooreenkoms bedoel in subartikel (2) tussen die Kommissaris en die Suid-Afrikaanse Poskantoor aangegaan is, die belasting wat hy ingevorder het aan die Kommissaris in gereelde tussenposes soos ooreengekom, oorbetaal.

³⁶⁰ Kyk byvoorbeeld artikel 81 van die Wet op Doeanereg.

(2) The Commissioner may enter into a written agreement with the South African Post Office on—

- (a) the collection by the South African Post Office of tax payable on international postal articles;
- (b) the payment of the tax that it collected to the Commissioner at such regular intervals as may be agreed; and 5
- (c) the manner in, and the intervals at, which the South African Post Office must report to the Commissioner on tax collected by it on international postal articles.

Cancellation and repayment of tax 10

503. (1) The Commissioner may, at the request of the South African Post Office and subject to such conditions as the Commissioner may determine, cancel any import or export tax payable on an international postal article, or repay to the South African Post Office any import or export tax already paid by it to the Commissioner on an international postal article, if the postal article, whilst under the control of the South African Post Office, was— 15

- (a) destroyed;
- (b) abandoned;
- (c) not collected;
- (d) refused by the addressee; 20
- (e) not delivered to the addressee;
- (f) returned to the sender;
- (g) re-directed to a third country; or
- (h) not exported from the Republic.

(2) Postal articles referred to in subsection (1)(b), (c) or (d) must be dealt with in accordance with the Postal Services Act, 1998 (Act No. 124 of 1998). 25

(3) Chapter 4 of the Customs Duty Act does not apply to the repayment of duty to the South African Post Office in terms of subsection (1).

Condonation of underpayment

504. The Commissioner may condone any underpayment of import or export tax on an international postal article if the amount of the underpayment is less than R50. 30

Part 5

Inspection of international postal articles

Enforcement to be consistent with this Part

505. When performing an enforcement function in relation to international postal articles a customs officer must perform that function in a manner consistent with this Part. 35

Opening of international postal articles

506. A customs officer may open an international postal article only if necessary— 40

- (a) to retrieve any invoice or consignment-related information contained inside the postal article;
- (b) to compare the contents of the postal article with the description, quantity, tariff heading, value, origin and any other information reflected on the postal declaration made in respect of the postal article in terms of section 497;
- (c) to assess— 45
 - (i) whether the postal article is subject to the payment of any import or export tax; or
 - (ii) the amount of any tax payable on the postal article;
- (d) to determine whether the postal article is or contains prohibited, restricted or sectorally controlled goods; or 50

- (2) Die Kommissaris kan 'n skriftelike ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Poskantoor aangaan betreffende—
- (a) die invordering deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor van belasting wat op internasionale posstukke betaalbaar is;
 - (b) die betaling aan die Kommissaris van die belasting deur hom ingevorder in gereelde tussenposes soos ooreengekom mag word; en 5
 - (c) die wyse en die tussenposes waarop die Suid-Afrikaanse Poskantoor aan die Kommissaris verslag moet doen oor die belasting wat deur hom op internasionale posstukke ingevorder is.

Kansellasië en terugbetaling van belasting 10

503. (1) Die Kommissaris kan, op versoek van die Suid-Afrikaanse Poskantoor en onderworpe aan die voorwaardes soos die Kommissaris mag bepaal, enige invoer- of uitvoerbelasting kanselleer wat op 'n internasionale posstuk betaalbaar is, of aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor enige invoer- of uitvoerbelasting op 'n internasionale posstuk terugbetaal wat reeds deur die Poskantoor aan die Kommissaris betaal is, indien die posstuk, terwyl dit onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Poskantoor was—

- (a) vernietig geraak het;
- (b) geabandonneer is;
- (c) nie afgehaal is nie;
- (d) deur die geadresseerde geweier is; 20
- (e) nie aan die geadresseerde afgelewer is nie;
- (f) na die versender teruggestuur is;
- (g) na 'n derde land herdestineer is; of
- (h) nie uit die Republiek uitgevoer is nie.

(2) Met posstukke bedoel in subartikel (1)(b), (c) of (d) moet daar ooreenkomstig die Posdienswet, 1998 (Wet No. 124 van 1998), gehandel word. 25

(3) Hoofstuk 4 van die Wet op Doeanereg is nie op die terugbetaling van reg aan die Suid-Afrikaanse Poskantoor ingevolge subartikel (1) van toepassing nie.

Kondonering van kort-betaling

504. Die Kommissaris kan enige kort-betaling van invoer- of uitvoerbelasting op 'n internasionale posstuk kondoneer indien die bedrag van die kort-betaling minder as R50 is. 30

Deel 5

Inspeksie van internasionale posstukke

Toepassing moet met hierdie Deel bestaanbaar wees 35

505. Wanneer 'n doeanebeampte 'n toepassingsfunksie met betrekking tot internasionale posstukke verrig, moet die beampte daardie funksie verrig op 'n wyse wat met hierdie Deel bestaanbaar is.

Oopmaak van internasionale posstukke

506. 'n Doeaneebeampte mag 'n internasionale posstuk oopmaak slegs indien dit nodig is— 40

- (a) om enige faktuur of versendingsverwante inligting in die posstuk te bekom;
- (b) om die inhoud van die posstuk te vergelyk met die beskrywing, hoeveelheid, tariefhoof, waarde, oorsprong en enige ander inligting wat op die posdeklarasië aangetoon word wat ingevolge artikel 497 ten opsigte van die posstuk gemaak is; 45
- (c) ten einde—
 - (i) te bepaal of die posstuk aan die betaling van enige invoer- of uitvoerbelasting onderworpe is; of
 - (ii) die bedrag van enige belasting te bepaal wat op die posstuk betaalbaar is; 50
- (d) om te bepaal of die posstuk verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere is of bevat; of

- (e) to carry out any other enforcement function provided for in this Act.

Personal or private communications

507. (1) No customs officer may—

- (a) open any international postal article that weighs 30 grams or less, unless the customs officer on reasonable grounds suspects that the postal article contains prohibited, restricted or sectorally controlled goods; 5
- (b) read, copy or make an extract from any personal or private communication found in any international postal article opened in terms of section 506 if reading, copying or making an extract from that communication is not necessary for the enforcement of this Act or a tax levying Act; or 10
- (c) disclose any personal or private communication found in any international postal article opened in terms of section 506 otherwise than for a purpose permitted in terms of Part 5 of Chapter 1.

(2) For the purpose of this section a personal or private communication does not include— 15

- (a) an invoice;
- (b) an order form;
- (c) a cheque;
- (d) a newspaper, magazine, book, catalogue or similar printed matter;
- (e) a blank form; or 20
- (f) any other communication as may be prescribed by rule.

Notification that international postal articles have been opened

508. (1) When opening an international postal article a customs officer must affix a notification to the postal article informing the addressee that the postal article has been opened and inspected by a customs officer. 25

(2) An opening notification must contain the information and be affixed in a manner as may be prescribed by rule.

(3) The customs authority may dispense with subsection (1) if disclosure of the fact that an international postal article has been opened may obstruct the investigation of serious crime. 30

Seizure and confiscation of international postal articles

509. (1) An international postal article is subject to seizure and confiscation by the customs authority in terms of Chapter 34 if that postal article or its contents is found to be not in accordance with—

- (a) the clearance declaration submitted in respect of that postal article; or 35
- (b) the postal declaration accompanying that postal article in terms of section 497.

(2) Subsection (1) does not apply to closed international postal articles conveyed by or for the South African Post Office under an international consignment document for purposes of international transit.³⁶¹

Part 6 40

Other matters

Conclusion of agreements

510. The Commissioner may conclude any agreement with the South African Post Office in order to—

- (a) improve the ability of each party to fully execute their respective functions; 45
- (b) enhance the level of co-operation between the parties;

³⁶¹. See section 203.

- (e) om enige ander toepassingsfunksie te verrig waarvoor daar in hierdie Wet voorsiening gemaak word.

Persoonlike of private kommunikasies

507. (1) Geen doeanebeampte mag—

- (a) enige internasionale posstuk wat 30 gram of minder weeg, oopmaak nie, tensy die doeanebeampte op redelike gronde vermoed dat die posstuk verbode, beperkte of sektorbeheerde goedere bevat; 5
- (b) enige persoonlike of private kommunikasie wat gevind word in enige internasionale posstuk wat ingevolge artikel 506 oopgemaak word, lees, kopiëer of enige uittreksel daaruit maak nie indien die lees, kopiëring of maak van 'n uittreksel daarvan nie vir die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet nodig is nie; of 10
- (c) enige persoonlike of private kommunikasie in enige internasionale posstuk gevind wat ingevolge artikel 506 oopgemaak is aan iemand anders bekend maak anders as vir 'n doel wat ingevolge Deel 5 van Hoofstuk 1 veroorloof word nie. 15

(2) Vir doeleindes van hierdie artikel sluit 'n persoonlike of private kommunikasie nie die volgende in nie:

- (a) 'n Faktuur; 20
- (b) 'n bestelvorm; 20
- (c) 'n tjek;
- (d) 'n koerant, tydskrif, boek, katalogus of derglike gedrukte materiaal;
- (e) 'n blanko vorm; of
- (f) enige ander kommunikasie soos by reël voorgeskryf mag word.

Kennisgewing dat internasionale posstukke oopgemaak is 25

508. (1) Wanneer 'n doeanebeampte 'n internasionale posstuk oopmaak, moet die beampte 'n kennisgewing aan die posstuk heg om die geadresseerde in te lig dat die posstuk deur 'n doeanebeampte oopgemaak en geïnspekteer is.

(2) 'n Kennisgewing dat 'n posstuk oopgemaak is, moet die inligting bevat en op 'n wyse aangeheg word soos by reël voorgeskryf mag word. 30

(3) Die doeanebesag is nie aan subartikel (1) gebonde nie indien bekendmaking van die feit dat 'n internasionale posstuk oopgemaak is die ondersoek van 'n ernstige misdryf mag belemmer.

Beslaglegging op en konfiskering van internasionale posstukke

509. (1) 'n Internasionale posstuk is onderhewig aan beslaglegging en konfiskering deur die doeanebesag ingevolge Hoofstuk 34 indien daar gevind word dat daardie posstuk of die inhoud daarvan nie ooreenkom met— 35

- (a) die klaringsbrief wat ten opsigte van daardie posstuk ingedien is nie; of
- (b) die posdeklarasie wat daardie posstuk ingevolge artikel 497 vergesel nie.

(2) Subartikel (1) geld nie vir geseëde internasionale posstukke wat deur of vir die Suid-Afrikaanse Poskantoor vervoer word onder 'n internasionale versendingsdokument vir doeleindes van internasionale transito nie.³⁶¹ 40

Deel 6

Ander aangeleenthede

Sluit van ooreenkomste 45

510. Die Kommissaris kan enige ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Poskantoor aangaan ten einde—

- (a) die kapasiteit van elke party te verbeter om hulle onderskeie funksies ten volle te verrig;
- (b) die vlak van samewerking tussen die partye te verstewig; 50

³⁶¹. Kyk artikel 203.

- (c) secure and expedite the clearance and release of international postal articles;
- (d) enhance security relating to international postal articles and the detection of prohibited, restricted and sectorally controlled goods;
- (e) facilitate the exchange of information between the SARS and the South African Post Office and the use of information technology with regard to the clearance and release of international postal articles; and 5
- (f) provide for any other matters that may be required in order to control the movement of goods by international post.

Rules to facilitate implementation of this Chapter

- 511.** Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules prescribing— 10
- (a) procedures for customs processing of international postal articles at licensed international postal clearance depots;
 - (b) measures for— 15
 - (i) combating tax evasion in relation to goods sent by post;
 - (ii) the detection of prohibited, restricted and sectorally controlled goods sent by post; and
 - (c) matters relating to the removal of international postal articles to a state warehouse or other premises referred to in section 580(1) or the retention of such postal articles at such premises. 20

CHAPTER 23

ACCESS TO AND SAMPLING OF GOODS³⁶²

Purpose of this Chapter

- 512.** (1) The purpose of this Chapter is to provide for persons having an interest in goods that are subject to customs control to access and to take samples of and perform other actions in relation to the goods. 25
- (2) This Chapter may not be read as affecting—
- (a) the enforcement functions of customs officers in terms of this Act;
 - (b) the powers of any law enforcement agency or other persons accessing or taking samples of or performing other actions in relation to goods in terms of any legislation for the purpose of enforcing that legislation; or 30
 - (c) a provision of a tax levying Act providing for the accessing of goods or the taking of samples of goods by persons having an interest in the goods.

Right of access to and taking samples from goods

- 513.** (1) Whilst goods are subject to customs control, a person who clears or who is entitled to clear the goods, or a person who acts on behalf of such a person, may with the approval of the customs authority access the goods and— 35
- (a) take samples of the goods; or
 - (b) perform any other action in relation to the goods as may be permitted by rule.
- (2) Samples may in terms of subsection (1) be taken— 40
- (a) for establishing or verifying—
 - (i) the nature or characteristics of the goods;
 - (ii) the quality or content of the goods;
 - (iii) the tariff classification, customs value or origin of the goods; or
 - (iv) any other fact in relation to the goods as may be prescribed by rule; 45

³⁶². See section 724 for sampling of goods by Customs, whether or not as part of an inspection.

- (c) die klaring en vrystelling van internasionale posstukke te beveilig en te versnel;
- (d) sekuriteit met betrekking tot internasionale posstukke en die opsporing van verbode, beperkte en sektorbeheerde goedere te verstewig;
- (e) die uitruil van inligting tussen SAID en die Suid-Afrikaanse Poskantoor en die gebruik van inligtingstegnologie met betrekking tot die klaring en vrystelling van internasionale posstukke te fasiliteer; en 5
- (f) voorsiening te maak vir enige ander aangeleenthede wat nodig mag wees ten einde die beweging van goedere deur middel van internasionale pos te beheer.

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk 10

511. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit wat die volgende voorskryf:

- (a) Prosedures vir die doeaneprosessering van internasionale posstukke by gelisensieerde internasionale posklaringsdepots;
- (b) maatreëls— 15
 - (i) ter bekamping van belastingontduiking met betrekking tot goedere wat per pos versend word;
 - (ii) vir die opsporing van verbode, beperkte en sektorbeheerde goedere wat per pos versend word; en
- (c) aangeleenthede voorskryf betreffende die verwydering van internasionale posstukke na 'n staatspakhuis of ander persele in artikel 580(1) bedoel of die hou van sulke posstukke by sodanige persele. 20

HOOFSTUK 23

TOEGANG TOT EN NEEM VAN MONSTERS VAN GOEDERE³⁶²

Doel van hierdie Hoofstuk 25

512. (1) Die doel van hierdie Hoofstuk is om voorsiening te maak vir persone met 'n belang in goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is, om toegang te verkry tot en monsters te neem van en ander handeling te verrig met betrekking tot die goedere.

- (2) Hierdie Hoofstuk mag nie uitgelê word op 'n wyse wat afbreuk doen aan—
 - (a) die toepassingsfunksies van doeanebeamptes ingevolge hierdie Wet nie; 30
 - (b) die bevoegdhede van enige wetstoepassingsinstelling of ander persone wat ingevolge enige wetgewing vir doeleindes van die toepassing van daardie wetgewing toegang verkry tot of monsters neem van of ander handeling verrig met betrekking tot goedere nie; of
 - (c) 'n bepaling van 'n belastingheffings-Wet wat voorsiening maak vir die toegang tot goedere of die neem van monsters van goedere deur persone wat 'n belang in die goedere het nie. 35

Reg van toegang tot en neem van monsters van goedere

513. (1) Terwyl goedere aan doeanebeheer onderworpe is, kan 'n persoon wat die goedere klaar of geregtig is om die goedere te klaar, of 'n persoon wat ten behoeve van so 'n persoon handel, met die goedkeuring van die doeanegesag toegang tot goedere verkry en— 40

- (a) monsters van die goedere neem; of
 - (b) enige ander handeling met betrekking tot die goedere verrig soos by reël veroorloof mag word. 45
- (2) Monsters kan ingevolge subartikel (1) geneem word—
- (a) om die volgende te bepaal of te verifieer:
 - (i) Die aard of eienskappe van die goedere;
 - (ii) die kwaliteit of inhoud van die goedere;
 - (iii) die tariefindeling, doeanewaarde of oorsprong van die goedere; of 50
 - (iv) enige ander feit met betrekking tot die goedere soos by reël voorgeskryf mag word;

³⁶². Kyk artikel 724 vir die neem van monsters van goedere deur Doeane, hetsy as deel van 'n inspeksie of nie.

- (b) for use as—
 - (i) evidence in a court or other proceedings referred to in Chapter 37; or
 - (ii) trade samples; or
- (c) for any other purpose as may be—
 - (i) prescribed by rule; or 5
 - (ii) approved by the customs authority in a specific case.
- (3) Samples taken in terms of subsection (1) may be—
 - (a) examined, analysed or tested in any way;
 - (b) subjected to a chemical, mechanical or technological process;
 - (c) used for obtaining advice, including expert or technical advice, on the goods 10 as reflected by the samples or a matter relating to the goods; or
 - (d) utilised in any other way necessary for achieving any of the purposes of subsection (2).
- (4) Samples may be taken from goods in terms of subsection (1) without formally clearing the samples for home use or a customs procedure, subject to section 514 or 515. 15
- (5) Access to, sampling of or other action in relation to goods in terms of subsection (1) must take place under supervision of a customs officer, if the customs authority so requires.³⁶³

Samples of imported goods

- 514.** (1) Samples taken in terms of section 513 of imported goods before the goods are cleared for home use or a customs procedure in terms of section 89 must, if the goods are subsequently cleared for—
- (a) home use under Chapter 8, be included in the quantity cleared for home use; or
 - (b) a customs procedure, for tax and all other purposes be regarded to be cleared 25 for home use under Chapter 8.³⁶⁴
- (2) (a) Samples taken in terms of section 513 of imported goods—
 - (i) already cleared for home use, do not affect the amount of any tax paid or payable on the goods; or
 - (ii) already under a customs procedure, must for tax and all other purposes be 30 regarded to be cleared for home use under Chapter 8.
- (b) The person who cleared the goods for a customs procedure referred to in paragraph (a)(ii) must in terms of section 174 amend the clearance declaration to exclude the samples from the declaration.
- (a) has free access to every part of the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (b) may rummage any part of the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (c) may for the purpose of enforcing this Act or a tax levying Act fasten down the hatchways of any vessel, or mark, lock up, seal or otherwise secure any goods or documents found in, on or at the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle; or 5
 - (d) may search in accordance with Part 3 any person found in, on or at the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle. 10
- (2) If any hatchways of a vessel have been fastened down, or any goods or documents have been marked, locked up, sealed or otherwise secured in terms of subsection (1)(c)—
- (a) no person may without the permission of a customs officer— 15
 - (i) open such hatchways;
 - (ii) open, break, destroy, alter or in any way tamper with such lock, seal or mark; or
 - (iii) remove such goods or documents; and
 - (b) the person in charge of the area, premises or facility, or the on-board operator of the vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle, must take all steps reasonable in the circumstances to prevent any contravention of paragraph (a). 20

Issuing of warrants for purpose of this Part

- 715.** (1) Only a magistrate or judge may issue a warrant contemplated in—
- (a) section 709(2)(a) authorising a customs officer to gain access to any area, premises or facility outside a customs controlled area; or 25
 - (b) section 711(2)(a) authorising a customs officer to board or otherwise gain access to any vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle outside a customs controlled area.
- (2) A magistrate or judge may issue a warrant referred to in subsection (1) only on written application by the customs authority setting out under oath or affirmation the grounds why it is necessary for a customs officer—
- (a) to gain access to the relevant area, premises or facility; or 30
 - (b) to board or otherwise gain access to the relevant vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle. 35

Part 3

Stopping, calling on and searching of persons

Stopping or calling on persons

- 716.** (1) A customs officer may, at any time, for the purpose of implementing or enforcing this Act or a tax levying Act—
- (a) stop or call on any person in a customs controlled area, including any traveller or crew member who has entered the Republic or is in the process of leaving the Republic; and 40
 - (b) request that person to produce any or all goods or documents which that person— 45
 - (i) has with him or her;
 - (ii) has brought into the Republic; or
 - (iii) intends to take out of the Republic.
- (2) A customs officer may on authority of a warrant issued in terms of section 721 or, subject to subsections (3) and (4), without a warrant, at any time, for the purpose of implementing or enforcing this Act or a tax levying Act—
- (a) stop or call on any person outside a customs controlled area, including any traveller or crew member who has entered the Republic or is in the process of leaving the Republic; and 50
 - (b) request that person to produce any or all goods or documents which that person— 55

- (a) het 'n doeanebeampte vrye toegang tot elke gedeelte van die gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig;
 - (b) kan 'n doeanebeampte enige gedeelte van die gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig deursoek;
 - (c) kan 'n doeanebeampte vir doeleindes van die toepassing van hierdie Wet of 'n 5 belastingheffings-Wet die luikgate van enige vaartuig toesluit, of enige goedere of dokumente in, op of by die gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig gevind, merk, toesluit, seël of andersins beveilig; of
 - (d) kan 'n doeanebeampte enige persoon in, op of by die gebied, perseel, 10 fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig gevind, volgens die voorskrifte van Deel 3 deursoek.
- (2) Indien enige luikgate van 'n vaartuig toegesluit is, of enige goedere of dokumente gemerk, toegesluit, geseël of andersins ingevolge subartikel (1)(c) beveilig is—
- (a) mag niemand sonder die toestemming van 'n doeanebeampte— 15
 - (i) sodanige luikgate oopmaak nie;
 - (ii) so 'n slot, seël of merk oopmaak, breek, vernietig, verander of op enige wyse daarmee peuter nie; of
 - (iii) sodanige goedere of dokumente verwyder nie; en
 - (b) moet die persoon in beheer van die gebied, perseel of fasiliteit, of die 20 aanboord operateur van die vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig, alle redelike stappe in die omstandighede doen om 'n oortreding van paragraaf (a) van hierdie subartikel te voorkom.

Uitreik van lasbriewe vir doeleindes van hierdie Deel

- 715.** (1) Slegs 'n landdros of regter mag 'n lasbrief beoog in— 25
- (a) artikel 709(2)(a) uitreik wat 'n doeanebeampte magtig om toegang tot enige gebied, perseel of fasiliteit buite 'n doeanebeheergebied te verkry; of
 - (b) artikel 711(2)(a) uitreik wat 'n doeanebeampte magtig om aan boord te gaan van, of andersins toegang te verkry tot, enige vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig buite 'n doeanebeheergebied. 30
- (2) 'n Landdros of regter kan 'n lasbrief bedoel in subartikel (1) uitreik slegs op skriftelike aansoek deur die doeanebesag wat onder eed of bevestiging die gronde uiteensit waarom dit vir 'n doeanebeampte nodig is—
- (a) om toegang tot die betrokke gebied, perseel of fasiliteit te verkry; of
 - (b) om aan boord te gaan van, of andersins toegang te verkry tot, die betrokke 35 vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig.

Deel 3

Stop, nadering en deursoeking van persone

Stop of nadering van persone

- 716.** (1) 'n Doeanebeampte kan, te eniger tyd, vir doeleindes van die implementering 40 of toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet—
- (a) iemand, met inbegrip van enige reisiger of bemanningslid wat die Republiek binnegekome het of in die proses is om die Republiek te verlaat, in 'n doeanebeheergebied stop of nader; en
 - (b) so iemand versoek om enige of alle goedere of dokumente te toon wat daardie 45 persoon—
 - (i) by hom of haar het;
 - (ii) in die Republiek ingebring het; of
 - (iii) voornemens is om uit die Republiek te neem.
- (2) 'n Doeanebeampte kan op gesag van 'n lasbrief ingevolge artikel 721 uitgereik of, 50 behoudens subartikels (3) en (4), sonder 'n lasbrief, te eniger tyd vir doeleindes van die implementering of toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet—
- (a) iemand, met inbegrip van enige reisiger of bemanningslid wat die Republiek binnegekome het of in die proses is om die Republiek te verlaat, buite 'n doeanebeheergebied stop of nader; en 55
 - (b) so iemand versoek om enige of alle goedere of dokumente te toon wat daardie persoon—

- (i) has with him or her;
 - (ii) has brought into the Republic; or
 - (iii) intends to take out of the Republic.
- (3) A customs officer may without a warrant exercise the powers referred to in paragraphs (a) and (b) of subsection (2) in relation to any person— 5
- (a) who is in, on or at—
 - (i) an area, premises or facility to which a customs officer has gained access in accordance with section 709(2)(a); or
 - (ii) a vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle to which a customs officer has gained access in accordance with section 712(2)(a); or 10
 - (b) who has, or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to have, with him or her—
 - (i) any goods that are subject to customs control or in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act is being or has been committed; or
 - (ii) any documents concerning— 15
 - (aa) any goods that are subject to customs control or in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act is being or has been committed; or
 - (bb) any activity which constitutes a breach of this Act or a tax levying Act. 20
- (4) A customs officer may in terms of subsection (3)(b) without a warrant exercise the powers referred to in subsection (2)(a) and (b) in relation to a person outside a customs controlled area only if there are reasonable grounds to believe that a warrant authorising those powers would on application in terms of section 715 be issued, but that the delay that might be caused by applying for a warrant is likely to defeat the object of the exercise of those powers. 25
- (5) If a person referred to in subsection (1) or (2) fails to stop when requested by a customs officer to do so, the customs officer may take such action, including the use of force, to the extent necessary in the circumstances to stop that person.
- Searching of persons** 30
- 717.** (1) A customs officer may search a person stopped or called on in terms of section 716(1) or (2)—
- (a) if that person refuses to comply with a request in terms of that section to produce any goods or documents referred to in that section; or
 - (b) if the customs officer on reasonable grounds suspects that that person is concealing— 35
 - (i) any goods or documents which that person was requested to produce;
 - (ii) any goods in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act is being or has been committed; or
 - (iii) any documents concerning any goods referred to in subparagraph (ii). 40
- (2) A customs officer may, for purposes of subsection (1) and to the extent necessary in the circumstances, conduct—
- (a) a search of any goods the person may have with him or her;
 - (b) a frisk search of the person in accordance with section 718; and
 - (c) an external bodily search of the person in accordance with section 719. 45
- (3) A child may be searched in terms of subsection (2)(b) or (c) only in the presence of—
- (a) that child's parent or guardian; or
 - (b) if the child is travelling without a parent or guardian, another person who is responsible for the child during travelling. 50
- (4) If a person refuses to be searched, the customs officer may take such action, including the use of force, to the extent necessary in the circumstances to search that person.
- (5) For the purpose of this Act a child is a person under the age of 18 years.

- (i) by hom of haar het;
 - (ii) in die Republiek ingebring het; of
 - (iii) voornemens is om uit die Republiek te neem.
- (3) 'n Doeanebeampte kan sonder 'n lasbrief die bevoegdheids bedoel in paragrawe (a) en (b) van subartikel (2) uitoefen met betrekking tot iemand— 5
- (a) wat in, op of by—
 - (i) 'n gebied, perseel of fasiliteit is waartoe 'n doeanebeampte ooreenkomstig artikel 709(2)(a) toegang verkry het; of
 - (ii) 'n vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig is waartoe 'n doeanebeampte ooreenkomstig artikel 712(2)(a) toegang verkry het; of 10
 - (b) wat die volgende goedere of dokumente by hom of haar het, of wat 'n doeanebeampte op redelike gronde vermoed by hom of haar te hê:
 - (i) Enige goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is of ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan word of is; of 15
 - (ii) enige dokumente aangaande—
 - (aa) enige goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is of ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan word of is; of
 - (bb) enige aktiwiteit wat 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet is. 20
- (4) 'n Doeanebeampte kan ingevolge subartikel (3)(b) sonder 'n lasbrief die bevoegdheids bedoel in subartikel (2)(a) en (b) met betrekking tot iemand buite 'n doeanebeheergebied uitoefen slegs indien daar redelike gronde is om te glo dat 'n lasbrief wat daardie bevoegdheids magtig op aansoek ingevolge artikel 715 uitgereik sal word, maar dat die verdrag wat met die aansoek om die lasbrief veroorsaak mag word die doel van die uitoefening van daardie bevoegdheids waarskynlik sal verydel. 25
- (5) Indien iemand bedoel in subartikel (1) of (2) versuim om te stop wanneer daartoe deur 'n doeanebeampte versoek, kan die doeanebeampte die stappe doen, met inbegrip van die gebruik van geweld, in die mate soos in die omstandighede nodig is om so iemand te stop. 30

Deursoeking van persone

717. (1) 'n Doeanebeampte kan 'n iemand wat ingevolge artikel 716(1) of (2) gestop of genader is, deursoek—
- (a) indien so iemand weier om aan 'n versoek ingevolge daardie artikel te voldoen om enige goedere of dokumente bedoel in daardie artikel te toon; of 35
 - (b) indien die doeanebeampte op redelike gronde vermoed dat so iemand—
 - (i) enige goedere of dokumente wat so iemand versoek is om te toon, versteek;
 - (ii) enige goedere ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan word of is, versteek; of 40
 - (iii) enige dokumente aangaande enige goedere bedoel in paragraaf (b) versteek.
- (2) 'n Doeanebeampte kan, vir die doeleindes van subartikel (1) en in die mate soos in die omstandighede nodig is— 45
- (a) enige goedere deursoek wat so iemand by hom of haar mag hê;
 - (b) so iemand visenteer volgens die voorskrifte van artikel 718; en
 - (c) so iemand uitwendig liggaamlik deursoek volgens die voorskrifte van artikel 719.
- (3) 'n Kind kan ingevolge subartikel (2)(b) of (c) visenteer of deursoek word slegs in die teenwoordigheid van— 50
- (a) daardie kind se ouer of voog; of
 - (b) indien die kind sonder 'n ouer of voog reis, 'n ander persoon wat gedurende die reis vir die kind verantwoordelik is.
- (4) Indien iemand weier om gevisenteer of deursoek te word, kan die doeanebeampte die stappe doen, met inbegrip van die gebruik van geweld, in die mate soos in die omstandighede nodig is om so iemand te visenteer of te deursoek. 55
- (5) Vir doeleindes van hierdie Wet, is 'n kind iemand wat onder die ouderdom van 18 jaar is.

Frisk searches

718. (1) When conducting a frisk search of a person, a customs officer may move his or her hands briskly over the person's body on top of the person's clothing, in order to detect any concealed—

- (a) weapon or object capable of being used to inflict bodily injury; or 5
- (b) goods that are subject to customs control or in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act is being or has been committed.

(2) A frisk search may only be conducted by a customs officer who is of the same gender as the person being searched.

External bodily searches 10

719. (1) The customs officer conducting an external bodily search of a person may request the person being searched to remove any outer garments that may hamper the search.

(2) When conducting an external bodily search of a person, a customs officer may, subject to subsection (3), make use of— 15

- (a) any mechanical, electrical, imaging or electronic equipment that can produce an indication that the person may be concealing any specific thing or substance on or in his or her body or in any goods that that person has with him or her;
- (b) sniffer dogs or other animals trained to use their senses for the detection of any specific thing or substance; or 20
- (c) any other search aids as may be prescribed by rule.

(3) A search aid referred to in subsection (2) may only be used by a customs officer trained to use such aid in the conduct of an external bodily search.

(4) An external bodily search may only be conducted— 25

- (a) by a customs officer who is of the same gender as the person being searched; and
- (b) in a place that affords adequate personal privacy to the person being searched.

(5) A person being subjected to an external bodily search may request the presence of another person during the search. 30

Internal bodily searches

720. (1) (a) When a customs officer, after conducting an external bodily search in terms of section 719, on reasonable grounds suspects that a person is internally concealing goods in respect of which a breach of this Act or any tax levying Act is being or has been committed, or if the person admits to internally concealing such goods, the officer may detain the person and arrange for an internal bodily search and, if necessary a removal procedure, to be conducted subject to subsection (2) as soon as practicable. 35

(b) Any detention in terms of paragraph (a) must be under supervision of a medical practitioner.

(2) An internal bodily search and any necessary removal procedure may be conducted only— 40

- (a) by a registered medical practitioner at a place equipped for the carrying out of medical procedures required for an internal bodily search or removal procedure of the kind in question; and
- (b) on authority of a warrant issued by a magistrate or judge in terms of section 45 721 authorising the search and any such removal procedure: Provided that an internal bodily search or removal procedure may be conducted without a search warrant if—
 - (i) the person to be subjected to the internal bodily search or removal procedure consents to the search or procedure in writing; or 50
 - (ii) there is a medical emergency justifying a warrantless search or removal procedure.

Visenterings

- 718.** (1) Wanneer 'n doeanebeampte iemand visenteer, kan die doeanebeampte sy of haar hande vinnig oor die persoon se liggaam bo-oor die persoon se klere beweeg, ten einde te soek vir enige versteekte—
- (a) wapen of voorwerp wat gebruik kan word om liggaamlike besering te veroorsaak; of 5
 - (b) goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is of ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan word of is.
- (2) 'n Visentering mag uitgevoer word slegs deur 'n doeanebeampte van dieselfde geslag as die persoon wat gevisenteer word. 10

Uitwendige liggaamlike deurzoekings

- 719.** (1) Die doeanebeampte wat iemand uitwendig liggaamlik deursoek, kan die persoon wat deursoek word, versoek om enige buitenste kledingstukke wat die deursoeking mag belemmer, te verwyder.
- (2) Wanneer 'n doeanebeampte iemand uitwendig liggaamlik deursoek, kan die doeanebeampte, behoudens subartikel (3), gebruik maak van— 15
- (a) enige meganiese, elektriese, beeldvormende- of elektroniese toerusting wat 'n aanduiding kan gee dat die persoon moontlik 'n spesifieke ding of middel aan of in sy of haar liggaam of in enige goedere wat daardie persoon by hom of haar het, versteek; 20
 - (b) snuffelhonde of ander diere wat opgelei is om hulle sintuie te gebruik vir die opsporing van enige spesifieke ding of middel; of
 - (c) enige ander opsporingshulpmiddels soos by reël voorgeskryf mag word.
- (3) 'n Opsporingshulpmiddel bedoel in subartikel (2) kan slegs deur 'n doeanebeampte gebruik word wat opgelei is om so 'n opsporingshulpmiddel vir 'n uitwendige liggaamlike deursoeking te gebruik. 25
- (4) 'n Uitwending liggaamlike deursoeking mag gedoen word slegs—
- (a) deur 'n doeanebeampte wat van dieselfde geslag is as die persoon wat deursoek word; en
 - (b) op 'n plek wat voldoende persoonlike privaatheid bied vir die persoon wat deursoek word. 30
- (5) 'n Persoon wat aan 'n uitwendige liggaamlike deursoeking onderwerp word, kan versoek dat 'n ander persoon tydens die deursoeking teenwoordig moet wees.

Inwendige liggaamlike deurzoekings

- 720.** (1) (a) Wanneer 'n doeanebeampte, nadat iemand ingevolge artikel 719 uitwendig liggaamlik deursoek is, op redelike gronde vermoed dat so iemand enige goedere ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of enige belastingheffings-Wet begaan word of is, inwendig versteek, of indien die persoon erken dat hy of sy sodanige goedere inwendig versteek, kan die beampte so iemand aanhou en reëlings tref dat 'n inwendige liggaamlike deursoeking en, indien nodig, 'n verwyderingsprosedure behoudens subartikel (2) so gou prakties moontlik uitgevoer word. 40
- (b) Enige aanhouding ingevolge paragraaf (a) moet onder toesig van 'n mediese praktisyn geskied.
- (2) 'n Inwendige liggaamlike deursoeking en enige nodige verwyderingsprosedure kan uitgevoer word slegs— 45
- (a) deur 'n geregistreerde mediese praktisyn by 'n plek wat toegerus is vir die uitvoer van mediese prosedures wat vir 'n inwendige liggaamlike deursoeking en verwyderingsprosedure van die betrokke aard nodig is; en
 - (b) op gesag van 'n lasbrief deur 'n landdros of regter ingevolge artikel 721 uitgereik wat die deursoeking en so 'n verwyderingsprosedure magtig: Met dien verstande dat 'n inwendige liggaamlike deursoeking of verwyderingsprosedure sonder 'n lasbrief uitgevoer mag word indien— 50
 - (i) die persoon wat aan die inwendige liggaamlike deursoeking of verwyderingsprosedure onderwerp word skriftelik tot die deursoeking of verwyderingsprosedure toestem; of 55
 - (ii) dit 'n mediese noodgeval is wat 'n deursoeking of verwyderingsprosedure sonder 'n lasbrief regverdig.

(3) No person other than the medical practitioner performing the search or removal procedure and any other necessary medical assistants may be present during an internal bodily search or removal procedure, except when the person being subjected to the search or removal procedure requests the presence of another person.

(4) No child may be subjected to an internal bodily search or removal procedure in terms of this section except when public health or safety, or the health of the child, is at risk. 5

Issuing of warrants for purpose of this Part

721. (1) Only a magistrate or judge may issue a warrant contemplated in—

(a) section 716(2) authorising a customs officer to exercise the powers referred to in paragraphs (a) and (b) of that section in relation to a person outside a customs controlled area; or 10

(b) section 720(2)(b) authorising an internal bodily search and any necessary removal procedure to be conducted on a person.

(2) A magistrate or judge may issue a warrant contemplated in subsection (1) only on written application by the customs authority setting out under oath or affirmation the grounds why it is necessary for— 15

(a) a customs officer to exercise the powers referred to in section 716(2)(a) and (b) in relation to the relevant person; or

(b) an internal bodily search or removal procedure to be conducted on the relevant person. 20

Part 4

Powers of inspection, sampling, investigation and sealing

Inspection of goods

722. (1) A customs officer may inspect— 25

(a) any goods within a customs controlled area or in, on or at any area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle within a customs controlled area;

(b) any goods which a person within a customs controlled area has with him or her; 30

(c) any goods found during a search in terms of this Chapter of—

(i) any area, premises or facility;

(ii) any vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle; or

(iii) any person;

(d) any goods on public display for sale; 35

(e) any goods produced on request by a customs officer in terms of this Chapter;

(f) any goods in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act has been committed or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to have been committed; or

(g) any goods that are subject to customs control. 40

(2) Goods referred to in subsection (1) may without notice to any person be inspected at any time.

(3) Inspection of goods includes, to the extent necessary for the enforcement of this Act or a tax levying Act—

(a) checking the goods and the packages or containers in which the goods are packed and any marks and other information on those goods, packages or containers; 45

(b) examining the goods and the packages or containers in which the goods are packed, whether—

(i) manually; or 50

(ii) by means of scanning equipment or any mechanical, electrical, imaging

(3) Niemand behalwe die mediese praktisyn wat die deursoeking of verwyderingsprosedure uitvoer en enige ander nodige mediese assistente mag gedurende 'n inwendige liggaamlike deursoeking of verwyderingsprosedure teenwoordig wees nie behalwe wanneer die persoon wat aan die deursoeking of verwyderingsprosedure onderwerp word die teenwoordigheid van 'n ander persoon versoek. 5

(4) Geen kind mag aan 'n inwendige liggaamlike deursoeking of verwyderingsprosedure ingevolge hierdie artikel onderwerp word nie behalwe wanneer daar 'n risiko vir die openbare gesondheid of veiligheid of vir die gesondheid van die kind is.

Uitreik van lasbriewe vir doeleindes van hierdie Deel

721. (1) Slegs 'n landdros of regter kan 'n lasbrief beoog in— 10

(a) artikel 716(2) uitreik wat 'n doeanebeampte magtig om die bevoegdhede bedoel in paragrawe (a) en (b) van daardie artikel met betrekking tot 'n persoon buite 'n doeanebeheergebied uit te oefen; of

(b) artikel 720(2)(b) uitreik wat 'n inwendige liggaamlike deursoeking en enige nodige verwyderingsprosedure wat op 'n persoon uitgevoer moet word, magtig. 15

(2) 'n Landdros of regter kan 'n lasbrief beoog in subartikel (1) uitreik slegs op skriftelike aansoek deur die doeanebesoeker wat onder eed of bevestiging die gronde uiteensit waarom dit nodig is—

(a) vir 'n doeanebeampte om die bevoegdhede bedoel in artikel 716(2)(a) en (b) met betrekking tot die betrokke persoon uit te oefen; of 20

(b) om 'n inwendige liggaamlike deursoeking of verwyderingsprosedure op die betrokke persoon uit te voer.

Deel 4

Bevoegdhede van inspeksie, neem van monsters, ondersoek en seël 25

Inspeksie van goedere

722. (1) 'n Doeanebeampte kan die volgende goedere inspekteer:

(a) Enige goedere binne 'n doeanebeheergebied of in, op of by enige gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig binne 'n doeanebeheergebied; 30

(b) enige goedere wat 'n persoon binne 'n doeanebeheergebied by hom of haar het;

(c) enige goedere wat gevind word gedurende 'n deursoeking ingevolge hierdie Hoofstuk van—

(i) enige gebied, perseel of fasiliteit; 35

(ii) enige vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig; of

(iii) enige persoon;

(d) enige goedere wat in die openbaar vir verkoop uitgestal word;

(e) enige goedere wat op versoek van 'n doeanebeampte ingevolge hierdie Hoofstuk getoon word; 40

(f) enige goedere ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan is of deur 'n doeanebeampte op redelike gronde vermoed word begaan te wees; of

(g) enige goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is.

(2) Goedere bedoel in subartikel (1) kan te eniger tyd sonder enige kennisgewing aan enige persoon geïnspekteer word. 45

(3) Inspeksie van goedere sluit in, in soverre dit vir doeleindes van die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet nodig is—

(a) die nagaan van die goedere en die verpakkings of houers waarin die goedere verpak is en enige merke of ander inligting op daardie goedere, verpakkings of houers; 50

(b) die ondersoek van die goedere en die verpakkings of houers waarin die goedere verpak is, hetsy—

(i) fisies per hand; of

(ii) by wyse van skandeertoerusting of enige meganiese, elektriese, beeldvormende- of elektroniese toestelle wat 'n aanduiding kan gee van 55

- or electronic appliances that can produce an indication of the nature or characteristics of the goods or the contents of the packages or containers;
- (c) opening of packages or containers in which the goods are packed;⁴²⁷
 - (d) carrying out tests on and analysing the goods;
 - (e) determining the quantity, volume or weight of the goods; 5
 - (f) removing the goods to another place in order to carry out any further inspection;
 - (g) subjecting the goods to a chemical, mechanical or technological process;
 - (h) obtaining advice, including expert or technical advice on the goods or a matter relating to the goods; and 10
 - (i) using sniffer dogs or other animals trained to use their senses for the detection of specific substances.
- (4) In scheduling its inspection tasks, the customs authority must give priority to the inspection of perishable goods, live animals and other goods which because of their nature must be processed expeditiously. 15
- (5) When removing any goods in terms of subsection (3)(f) a customs officer must—
- (a) provide a receipt for the goods; and
 - (b) return the goods within a reasonable time unless the goods are detained in terms of Chapter 34.
- (6) The customs authority may require any person selling, offering for sale, dealing in, 20 processing or transporting imported goods—
- (a) if that person is the importer of the goods, to produce proof of—
 - (i) clearance of the goods for home use or a customs procedure;
 - (ii) any tax paid on the goods and the date of payment; and
 - (iii) the marks and numbers of the packages or containers in which the goods 25 were imported; or
 - (b) if that person is not the importer, to disclose the name, address and contact details of the person from whom the goods were obtained.

Production of goods for inspection

723. A customs officer may, for the purpose of section 722, request any person who is 30 in possession or has custody or control of goods referred to in that section to produce those goods or make those goods available for inspection, either immediately or at a time and place specified by the customs officer.

Sampling of goods⁴²⁸

- 724.** (1) A customs officer may take, or direct another person to take and produce, 35 samples of goods, but only when, and in quantities, necessary for—
- (a) conducting an inspection of the goods in terms of section 722;
 - (b) establishing for the purpose of this Act or a tax levying Act, whether as part of such an inspection or not—
 - (i) the nature or characteristics of the goods; 40
 - (ii) the tariff classification, value or origin of the goods;
 - (iii) whether the goods are prohibited, restricted, sectorally controlled or counterfeit goods;
 - (iv) whether the goods are—
 - (aa) the same goods previously cleared or released for a customs 45 procedure;
 - (bb) compensating products obtained from specific goods; or
 - (cc) identical or similar to or of the same class or kind as other goods; or
 - (v) any other fact in relation to the goods as may be prescribed by rule; or
 - (c) use as evidence in a court or other proceedings referred to in Chapter 40. 50

427. See Part 5 of Chapter 22 for opening of international postal articles.

428. See Chapter 23 for sampling of goods by importers, exporters and other persons having an interest in the goods.

die aard of eienskappe van die goedere of die inhoud van die verpakings of houers;

- (c) die oopmaak van verpakings of houers waarin die goedere verpak is;⁴²⁷
- (d) die uitvoer van toetse op en ontleding van die goedere;
- (e) die bepaling van die hoeveelheid, volume of gewig van die goedere; 5
- (f) die verwydering van die goedere na 'n ander plek ten einde enige verdere inspeksie uit te voer;
- (g) die onderwerping van die goedere aan 'n chemiese, meganiese of tegnologiese proses;
- (h) die inwin van advies, met inbegrip van deskundige of tegniese advies oor die goedere of 'n aangeleentheid betreffende die goedere; en 10
- (i) die gebruik van snuffelhonde of ander diere wat opgelei is om hulle sintuie te gebruik vir die opsporing van spesifieke middels.

(4) By die skedulering van sy inspeksietake, moet die doeanegesag voorrang gee aan die inspeksie van bederfbare goedere, lewende diere en ander goedere wat weens hulle aard spoedeisend geprosesseer moet word.

(5) Wanneer enige goedere ingevolge subartikel (3)(f) verwyder word, moet 'n doeanebeampte—

- (a) 'n kwitansie vir die goedere gee; en
- (b) die goedere binne 'n redelike tyd terugbesorg tensy die goedere ingevolge Hoofstuk 34 onder detensie geplaas word. 20

(6) Die doeanegesag kan gelas dat iemand wat ingevoerde goedere verkoop, aanbied vir verkoop, daarin handel, prosesseer of vervoer—

- (a) indien so iemand die invoerder van die goedere is, bewys moet lewer van—
 - (i) die klaring van die goedere vir binnelandse gebruik of 'n doeaneprocedure; 25
 - (ii) enige belasting wat op die goedere betaal is en die datum van betaling; en
 - (iii) die merke en nommers van die verpakings of houers waarin die goedere ingevoer is; of
- (b) indien so iemand nie die invoerder is nie, die naam, adres en kontakbesonderhede moet verstrek van die persoon van wie die goedere verkry is. 30

Toon van goedere vir inspeksie

723. 'n Doeanebeampte kan, vir doeleindes van artikel 722, enige persoon wat in besit is van, of bewaring het van of beheer het oor, goedere bedoel in daardie artikel versoek om daardie goedere vir inspeksie te toon of beskikbaar te stel, óf onmiddellik óf op 'n tyd en plek deur die doeanebeampte bepaal. 35

Neem van monsters van goedere⁴²⁸

724. (1) 'n Doeanebeampte kan monsters van goedere neem, of iemand anders gelas om dit te neem en te verskaf, maar slegs wanneer, en in hoeveelhede wat nodig is vir—

- (a) die uitvoering van 'n inspeksie van die goedere ingevolge artikel 722; 40
- (b) die bepaling vir doeleindes van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet, hetsy as deel van so 'n inspeksie of nie—
 - (i) van die aard of eienskappe van die goedere;
 - (ii) van die tariefindeling, waarde of oorsprong van die goedere;
 - (iii) of die goedere verbode, beperkte, sektorbeheerde of nagmaakte goedere is; 45
 - (iv) of die goedere—
 - (aa) dieselfde goedere is as wat voorheen vir 'n doeaneprocedure geklaar of vrygestel is;
 - (bb) kompenserende produkte is wat van spesifieke goedere verkry is; of 50
 - (cc) identies of soortgelyk is aan of van dieselfde klas of soort is as ander goedere; of
 - (v) van enige ander feit met betrekking tot die goedere soos by reël voorgeskryf mag word; of
- (c) gebruik as getuienis in 'n hof of ander verrigtinge in Hoofstuk 40 bedoel. 55

427. Kyk Deel 5 van Hoofstuk 22 vir die oopmaak van internasionale posstukke.

428. Kyk Hoofstuk 23 vir die neem van monsters van goedere deur invoerders, uitvoerders en ander persone wat 'n belang by die goedere het.

- (2) Samples taken in terms of subsection (1) may be—
- (a) examined, analysed or tested in any way;
 - (b) subjected to a chemical, mechanical or technological process;
 - (c) used for obtaining advice, including expert or technical advice, on the goods as reflected by the samples or a matter relating to the goods; or 5
 - (d) utilised in any other way necessary for achieving the purposes of subsection (1).
- (3) Samples of goods—
- (a) may be taken in terms of subsection (1)— 10
 - (i) without permission of any person; and
 - (ii) without payment to any person; and
 - (b) must be dealt with and accounted for in a manner as may be prescribed by rule.
- (4) Samples of goods may be taken at any time when required for purposes of this Act or a tax levying Act. 15
- (5) (a) Goods forming part of a specific consignment or contained in a specific package or container must for the purpose of this Act or a tax levying Act be regarded as being of the same nature and having the same characteristics as those of samples taken from those goods, unless proven otherwise.
- (b) Paragraph (a) does not apply if any documents issued in respect of the consignment, package or container indicates that the consignment consists of, or the package or container contains, goods of a dissimilar kind. 20

Carrying out of certain actions in relation to goods and samples by other persons

725. A customs officer may cause the actions referred to in section 722(3)(d) to (h) or 724(2) in relation to goods or samples to be carried out by a person designated by the customs authority and in accordance with the requirements of the customs authority. 25

Liability for costs incurred by SARS

726. The following persons are jointly and severally liable towards the Commissioner for the payment of any costs⁴²⁹ incurred by SARS in connection with the carrying out of any of the actions referred to in section 722(3)(d) to (h) or 724(2) in relation to goods or samples: 30

- (a) A person who—
 - (i) is the owner of the goods;
 - (ii) has a material interest in the goods; or
 - (iii) has the right to dispose of the goods; 35
- (b) the importer of the goods or the person on whose authority the goods were imported into the Republic; or
- (c) the exporter of the goods.

Inspection of documents

- 727.** (1) A customs officer may inspect— 40
- (a) any documents—
 - (i) found during a search in terms of this Chapter of any area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (ii) found during a search in terms of this Chapter of any person;
 - (iii) produced on request by a customs officer in terms of this Chapter; 45

⁴²⁹. For recovery of these costs see Chapter 32.

- (2) Monsters ingevolge subartikel (1) geneem, kan—
- (a) op enige wyse ondersoek, ontleed of getoets word;
 - (b) aan 'n chemiese, meganiese of tegnologiese proses onderwerp word;
 - (c) gebruik word op advies, met inbegrip van deskundige of tegniese advies, oor die goedere soos weerspieël deur die monsters of 'n aangeleentheid betreffende die goedere, in te win; of
 - (d) gebruik word op enige ander wyse wat nodig is om die oogmerke van subartikel (1) te verwesenlik.
- (3) Monsters van goedere—
- (a) kan ingevolge subartikel (1) geneem word—
 - (i) sonder toestemming van enige persoon; en
 - (ii) sonder betaling aan enige persoon; en
 - (b) moet mee gehandel en oor rekenskap gegee word op 'n wyse soos by reël voorgeskryf mag word.
- (4) Monsters kan van goedere geneem word te eniger tyd wanneer dit vir doeleindes van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet nodig is.
- (5) (a) Goedere wat deel van 'n bepaalde besending uitmaak of in 'n spesifieke verpakking of houer bevat is, moet vir doeleindes van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet geag word van dieselfde aard te wees en dieselfde eienskappe te hê as dié van monsters wat van daardie goedere geneem is, tensy daar anders bewys word.
- (b) Paragraaf (a) geld nie indien enige dokumente wat ten opsigte van die besending, verpakking of houer uitgereik is, aantoon dat die besending uit goedere van 'n verskillende aard bestaan of dat die verpakking of houer goedere van 'n verskillende aard bevat nie.

Verrigting van sekere handeling met betrekking tot goedere en monsters deur ander persone

725. 'n Doeanebeampte kan die handeling bedoel in artikel 722(3)(d) tot (h) of 724(2) met betrekking tot goedere of monsters laat verrig deur 'n persoon deur die doeanegesag aangewys en volgens die voorskrifte van die doeanegesag.

Aanspreeklikheid vir kostes deur SAID aangegaan

726. Die volgende persone is gesamentlik en afsonderlik teenoor die Kommissaris aanspreeklik vir die betaling van enige kostes⁴²⁹ deur SAID in verband met die verrigting van enige van die handeling bedoel in artikel 722(3)(d) tot (h) of 724(2) met betrekking tot goedere of monsters aangegaan:

- (a) 'n Persoon wat—
 - (i) die eienaar van die goedere is;
 - (ii) 'n wesenlike belang in die goedere het; of
 - (iii) die reg het om oor die goedere te beskik;
- (b) die invoerder van die goedere of die persoon op wie se gesag die goedere in die Republiek ingevoer is; of
- (c) die uitvoerder van die goedere.

Inspeksie van dokumente

727. (1) 'n Doeanebeampte kan die volgende dokumente inspekteer:

- (a) Enige dokumente—
 - (i) wat tydens 'n deursoeking ingevolge hierdie Hoofstuk van enige gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig, gevind word;
 - (ii) wat tydens 'n deursoeking ingevolge hierdie Hoofstuk van enige persoon, gevind word;
 - (iii) wat op versoek van 'n doeanebeampte ingevolge hierdie Hoofstuk getoon word;

429. Vir verhalings van hierdie onkoste sien Hoofstuk 32.

- (iv) that relate to any act or omission which constitutes, or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to constitute, a breach of this Act or a tax levying Act; or
- (v) in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act has been committed, or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to have been committed; 5
- (b) any documents that relate to—
 - (i) any area, premises or facility within a customs controlled area;
 - (ii) any premises searched in terms of section 709(2);
 - (iii) any vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle within a customs controlled area, or its use, cargo, passengers, crew or stores or its journey, voyage, flight or travelling schedules; or 10
 - (iv) any vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle searched in terms of section 711(2), or its use, cargo, passengers, crew or stores or its journey, voyage or flight schedules; 15
- (c) any documents that relate to—
 - (i) any goods within a customs controlled area, including any goods in, on or at any area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle within a customs controlled area;
 - (ii) any goods found during a search in terms of this Chapter of any area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle; 20
 - (iii) any goods found during a search in terms of this Chapter of any person;
 - (iv) any goods produced on request by a customs officer in terms of this Chapter;
 - (v) any goods in respect of which a breach of this Act or a tax levying Act has been committed, or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to have been committed; or 25
 - (vi) any other goods that are subject to customs control; or
- (d) any records which a person is required to keep or exhibit in terms of—
 - (i) this Act; or 30
 - (ii) a tax levying Act in relation to goods to which this Act applies.
- (2) Inspection of documents includes, to the extent necessary for the enforcement of this Act or a tax levying Act—
 - (a) examining the documents;
 - (b) copying, or making extracts from, the documents; and 35
 - (c) removing the documents in order to make copies or extracts or to carry out any further examinations.
- (3) When removing any documents in terms of subsection (2)(c) a customs officer must—
 - (a) provide a receipt for the documents; and 40
 - (b) return the documents within a reasonable time unless the documents are detained in terms of Chapter 34.

Production of documents for inspection

- 728.** (1) A customs officer may, for the purpose of section 727, request any person who is in possession or has custody or control of a document referred to in that section— 45
- (a) to produce that document or make that document available for inspection, either immediately or at a time and place specified by the customs officer; or
 - (b) to furnish the customs officer with a copy of that document.
- (2) A customs officer may request any person to produce, either immediately or at a time and place specified by the customs officer, any documents which that person is required in terms of this Act or a tax levying Act to submit and has failed to submit. 50

- (iv) wat betrekking het op enige handeling of versuim wat 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet is, of deur 'n doeanebeampte op redelike gronde vermoed word te wees; of
- (v) ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan is, of deur 'n doeanebeampte op redelike gronde vermoed word begaan te wees; 5
- (b) enige dokumente wat betrekking het op—
 - (i) enige gebied, perseel of fasiliteit binne 'n doeanebeheergebied;
 - (ii) enige perseel wat ingevolge artikel 709(2) deursoek is;
 - (iii) enige vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig binne 'n doeanebeheergebied, of op die gebruik, vrag, passassiers, bemanning of voorrade daarvan of die vaart-, vlug- of reisskedules daarvan; of 10
 - (iv) enige vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig wat ingevolge artikel 711(2) deursoek is, of op die gebruik, vrag, passassiers, bemanning of voorrade daarvan of die reis-, vaart- of vlugskedules daarvan; 15
- (c) enige dokumente wat betrekking het op—
 - (i) enige goedere binne 'n doeanebeheergebied, met inbegrip van enige goedere in, op of by enige gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig binne 'n doeanebeheergebied; 20
 - (ii) enige goedere wat tydens 'n deursoeking ingevolge hierdie Hoofstuk van enige gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig, gevind is;
 - (iii) enige goedere wat tydens 'n deursoeking ingevolge hierdie Hoofstuk van enige persoon, gevind is; 25
 - (iv) enige goedere wat op versoek van 'n doeanebeampte ingevolge hierdie Hoofstuk getoon word;
 - (v) enige goedere ten opsigte waarvan 'n breuk van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet begaan is, of deur 'n doeanebeampte op redelike gronde vermoed word begaan te wees; of 30
 - (vi) enige ander goedere wat aan doeanebeheer onderworpe is; of
- (d) enige rekords wat iemand moet hou of vertoon ingevolge—
 - (i) hierdie Wet; of
 - (ii) 'n belastingheffings-Wet met betrekking tot goedere waarop hierdie Wet van toepassing is. 35
- (2) Die inspeksie van dokumente sluit in, in die mate waarvoor dit vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet nodig is—
 - (a) die ondersoek van die dokumente;
 - (b) die maak van afskrifte, of uittreksels uit, die dokumente; en
 - (c) die verwydering van die dokumente ten einde afskrifte of uittreksels te maak of om enige verdere ondersoeke uit te voer. 40
- (3) Wanneer enige dokumente ingevolge subartikel (2)(c) verwyder word, moet 'n doeanebeampte—
 - (a) 'n kwitansie vir die dokumente verskaf; en
 - (b) die dokumente binne 'n redelike tydperk terugbesorg tensy die dokumente ingevolge Hoofstuk 34 onder detensie geplaas word. 45

Toon van dokumente vir inspeksie

- 728.** (1) 'n Doeanebeampte kan, by die toepassing van artikel 727, iemand wat in besit is van, of bewaring het van of beheer het oor, 'n dokument bedoel in daardie artikel versoek— 50
- (a) om daardie dokument vir inspeksie te toon of beskikbaar te stel, óf onmiddellik óf op 'n tyd en plek deur die doeanebeampte bepaal; of
 - (b) om aan die doeanebeampte 'n afskrif van daardie dokument te verskaf.
- (2) 'n Doeanebeampte kan iemand versoek om, óf onmiddellik óf op 'n tyd en plek deur die doeanebeampte gespesifiseer, enige dokumente te toon wat so iemand ingevolge hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet moet voorlê en versuim het om voor te lê. 55

Investigative powers

- 729.** (1) A customs officer may, for the purpose of this Act or a tax levying Act—
- (a) question a person concerning any area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle to which a customs officer gained access or searched in terms of this Chapter, or concerning any goods, documents or persons in, on or at such area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle, who—
 - (i) is the owner or otherwise in charge of the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (ii) is or was the on-board operator or a crew member of the vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle at the time of such access or search;
 - (iii) is or was present in, on or at the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle at the time of such access or search;
 - (iv) works in, on or at the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (v) performs any duties in connection with the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (vi) resides in, on or at the area, premises or facility; or
 - (vii) is the owner or otherwise in possession, custody or control of, or has any interest in, or performs any duties in connection with, any goods or documents in, on or at the area, premises, facility, vessel, aircraft, train, railway carriage or vehicle;
 - (b) question a person concerning any goods or documents inspected, or found during a search, in terms of this Chapter—
 - (i) who is the owner or otherwise in possession, custody or control of, or has any interest in, or performs any duties in connection with, the goods or documents; or
 - (ii) who produced the goods or documents on request by a customs officer;
 - (c) question a person stopped or called on or searched in terms of this Chapter concerning any goods or documents which that person has or had with him or her;
 - (d) question a person concerning any act or omission which constitutes, or on reasonable grounds is suspected by a customs officer to constitute, a breach of this Act or a tax levying Act or a common law offence relating to goods that are subject to customs control; and
 - (e) take photographs or make audio or audio-visual recordings of anything or any person that—
 - (i) may be relevant for the purpose of any inspection or investigation in terms of this Act; or
 - (ii) may afford evidence for the purpose of any criminal or civil proceedings in terms of this Act or a tax levying Act.

(2) A person may be questioned in terms of this section either alone or in the presence of any other person.

Failure or refusal to produce goods or documents or to answer questions

- 730.** (1) If a person is requested in terms of section 723 or 728 to produce any goods or documents or in terms of section 729 required to answer any questions, and fails or refuses to comply with the request or requirement, a customs officer may issue a notice to that person directing that person to appear before that or any other customs officer at a time and place specified in the notice to—
- (a) produce any goods or documents specified in the notice; or
 - (b) answer questions concerning a matter specified in the notice.
- (2) A written notice issued in terms of subsection (1)—
- (a) must be in the form and format as may be prescribed by rule; and

Onderzoekbevoegdheid

729. (1) 'n Doeanebeampte kan vir die doeleindes van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet—

- (a) iemand aangaande enige gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig waartoe 'n doeanebeampte toegang verkry het of deursoek het ingevolge hierdie Hoofstuk, of aangaande enige goedere, dokumente of persone in, op of by so 'n gebied, perseel, fasiliteit, vaartuig, vliegtuig, trein, spoorwegwa of voertuig, ondervra wat—
(2) The fixed amount penalties for the different categories of non-prosecutable breaches of this Act are as follows:

FIXED AMOUNT PENALTIES

Category of breach	Amount of penalty	
Category A	Maximum of R2 500 ⁴⁶³	30
Category B	R5 000	
Category C	R7 500	
Category D	R10 000	35

(3) (a) If a person has been penalised in terms of section 877 for committing a non-prosecutable breach and within a period of three years after the penalty has been imposed, again commits the same non-prosecutable breach, the amount of the fixed amount penalty that may be imposed for that breach is double the applicable amount for that breach in terms of subsection (2). 40

(b) If a person has in accordance with paragraph (a) been penalised for committing a non-prosecutable breach with an amount double the applicable amount for that breach and thereafter, within the remaining part of the same three year period, again commits the same non-prosecutable breach, the amount of the fixed amount penalty that may be imposed for each time that breach was committed during the remaining part of that three year period, is three times the applicable amount for that breach in terms of subsection (2). 45

⁴⁶³ See section 877(3) for warning instead of penalty. A warning counts as a penalty for purposes of section 876(3).

- (c) die wyse waarop en tyd waarbinne sodanige aansoeke ingedien moet word; en
- (d) die vorm en formaat van vrywillige blootleggingsverligtings-ooreenkomste.

HOOFTUK 39

ADMINISTRATIEWE BOETES

Tipes administratiewe boetes 5

874. Daar is vir doeleindes van die toepassing van hierdie Wet die volgende tipes administratiewe boetes:

- (a) Vastebedragboetes in artikel 876 bedoel;
- (b) boetes ter vermyding van vervolging in artikel 878 bedoel;
- (c) beëindiging van beslaglegging-boetes in artikel 881 bedoel; 10
- (d) terugtrekking van konfiskering-boetes in artikel 881 bedoel; en
- (e) vermiste goedere-boetes in artikel 882 bedoel.

Deel 1

Administratiewe boetes vir breuke van hierdie Wet

Straf vir breuke van hierdie Wet 15

875. Indien 'n persoon 'n breuk van hierdie Wet begaan, kan die doeanegesag—

- (a) in die geval van 'n nie-vervolgbare breuk, 'n vastebedragboete vir die breuk oplê; of
- (b) in die geval van 'n vervolgbare breuk— 20
 - (i) 'n boete ter vermyding van vervolging vir die breuk oplê; of
 - (ii) 'n klag lê vir 'n strafregtelike vervolging vir die breuk.

Vastebedragboetes

876. (1) (a) Die Minister moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n lys opstel van nie-vervolgbare breuke van hierdie Wet waarvoor vastebedragboetes opgelê kan word.

(b) 'n Kennisgewing ingevolge paragraaf (a), moet nie-vervolgbare breuke lys onder verskillende kategorieë soos in subartikel (2) vermeld. 25

(2) Die vastebedragboetes vir die verskillende kategorieë nie-vervolgbare breuke van hierdie Wet is soos volg:

VASTEBEDRAGBOETES

Kategorie van breuk	Bedrag van boete	
Kategorie A	Maksimum van R2 500 ⁴⁶³	30
Kategorie B	R5 000	
Kategorie C	R7 500	
Kategorie D	R10 000	35

(3) (a) Indien iemand ingevolge artikel 877 vir die pleging van 'n nie-vervolgbare breuk beboet is en binne 'n tydperk van drie jaar nadat die boete opgelê is, weer dieselfde nie-vervolgbare breuk begaan, is die bedrag van die vastebedragboete wat vir daardie breuk opgelê kan word dubbel die toepaslike bedrag vir daardie breuk ingevolge subartikel (2). 40

(b) Indien iemand ooreenkomstig paragraaf (a) vir die pleging van 'n nie-vervolgbare breuk met 'n bedrag van dubbel die toepaslike bedrag vir daardie breuk beboet is en daarna, binne die oorblywende deel van dieselfde drie jaar tydperk, weer dieselfde nie-vervolgbare breuk begaan, is die bedrag van die vastebedragboete wat opgelê kan word vir elke keer wat 'n breuk gedurende die oorblywende deel van daardie drie jaar tydperk begaan word, drie keer die toepaslike bedrag vir daardie breuk ingevolge subartikel (2). 45

463. Kyk artikel 877(3) vir waarskuwing in plek van boete. 'n Waarskuwing tel as 'n boete vir doeleindes van artikel 876(3).

(4) No fixed amount penalty may be imposed in terms of this section for a breach consisting of a failure to submit to the customs authority full or accurate information, other than information that may result in revenue prejudice, if the breach was committed inadvertently and in good faith.

Procedure for imposing fixed amount penalties

5

877. (1) If a person commits a non-prosecutable breach of this Act listed in terms of section 876(1), the customs authority may by notice to that person impose the appropriate fixed amount penalty for the breach in accordance with section 876.

(2) A penalty imposed in terms of subsection (1) must be paid to the Commissioner on or before a date stated in the notice or to which that date may have been postponed in terms of section 908. 10

(3) The customs authority may for a Category A breach referred to in the Table in section 876(2) consisting of a failure to submit to the customs authority full or accurate information other than information that may result in revenue prejudice, impose in terms of subsection (1) a fixed amount penalty for the breach only after it has issued a warning for the same or a similar type of breach to the person who committed the breach. 15

Prosecution avoidance penalties

878. (1) A prosecution avoidance penalty may, instead of a criminal prosecution, be imposed on a person who becomes liable to prosecution for any prosecutable breach of this Act. 20

(2) Subsection (1) may not be applied to a person who on—

- (a) two separate occasions paid a prosecution avoidance penalty for a Category 1 offence and within a period of five years from the date of payment of the penalty on the first occasion again becomes liable to prosecution for a Category 1 offence; 25
- (b) three separate occasions paid a prosecution avoidance penalty for a Category 2 offence and within a period of five years from the date of payment of the penalty on the first occasion again becomes liable to prosecution for a Category 2 offence; or
- (c) three separate occasions paid a prosecution avoidance penalty for any offence in terms of this Act and within a period of five years from the date of payment of the penalty on the first occasion again becomes liable to prosecution for an offence in terms of this Act. 30

Procedure for imposing prosecution avoidance penalties

879. (1) If a person is liable to prosecution for a prosecutable breach of this Act, the customs authority may, subject to section 878(2), issue to that person a notice informing that person of the alleged breach and that prosecution can be avoided if that person elects to have the matter summarily settled by the customs authority by paying a prosecution avoidance penalty to the Commissioner on or before a date stated in the notice. 35

(2) The amount of a prosecution avoidance penalty imposed in terms of subsection (1)— 40

- (a) must be determined in accordance with any limits as may be set by the Commissioner; and
 - (b) may not exceed the maximum fine a court may impose upon conviction of a person for the relevant breach. 45
- (3) Payment of a prosecution avoidance penalty in terms of this section—
- (a) does not amount to a conviction of the person paying the penalty in respect of the relevant breach; and
 - (b) indemnifies the person from prosecution for that breach.

(4) Geen vastebedragboete mag ingevolge hierdie artikel vir 'n breuk opgelê word wat bestaan uit 'n versuim om volledige en juiste inligting, uitgesonderd inligting wat inkomstebenedeling tot gevolg mag hê, aan die doeanegesag voor te lê nie indien die breuk per abuis en te goedertrou begaan is.

Prosedure vir oplegging van vastebedragboetes

5

877. (1) Indien iemand 'n nie-vervolgbare breuk van hierdie Wet begaan wat ingevolge artikel 876(1) gelys is, kan die doeanegesag by kennisgewing aan daardie persoon die toepaslike vastebedragboete vir die breuk ooreenkomstig artikel 876 oplê.

(2) 'n Boete ingevolge subartikel (1) opgelê, moet aan die Kommissaris betaal word voor of op 'n datum in die kennisgewing vermeld of waartoe daardie datum ingevolge artikel 908 uitgestel mag word. 10

(3) Die doeanegesag kan vir 'n Kategorie A breuk bedoel in die Tabel in artikel 876(2) wat bestaan uit 'n versuim om volledige en juiste inligting, uitgesonderd inligting wat inkomstebenedeling tot gevolg mag hê, aan die doeanegesag voor te lê, 'n vastebedragboete ingevolge subartikel (1) vir die breuk oplê slegs nadat hy 'n skriftelike waarskuwing vir dieselfde of 'n soortgelyke tipe breuk aan die persoon wat die breuk begaan het, uitgereik het. 15

Boetes ter vermyding van vervolging

878. (1) Iemand wat vervolgbaar raak vir enige vervolgbare breuk van hierdie Wet kan, in plaas van 'n strafregtelike vervolging, 'n boete ter vermyding van vervolging opgelê word. 20

(2) Subartikel (1) geld nie vir iemand wat by—

(a) twee afsonderlike geleenthede 'n boete ter vermyding van vervolging vir 'n Kategorie 1 misdryf betaal het en binne 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van betaling van die boete by die eerste geleentheid opgelê, weer vir 'n Kategorie 1 misdryf vervolgbaar word nie; 25

(b) drie afsonderlike geleenthede 'n boete ter vermyding van vervolging vir 'n Kategorie 2 misdryf betaal het en binne 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van betaling van die boete by die eerste geleentheid opgelê, weer vir 'n Kategorie 2 misdryf vervolgbaar word nie; of 30

(c) drie afsonderlike geleenthede 'n boete ter vermyding van vervolging vir enige misdryf ingevolge hierdie Wet betaal het en binne 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van betaling van die boete by die eerste geleentheid opgelê, weer vir 'n misdryf ingevolge hierdie Wet vervolgbaar word nie.

Prosedure vir oplegging van boetes ter vermyding van vervolging

35

879. (1) Indien iemand vervolgbaar word vir 'n vervolgbare breuk van hierdie Wet kan die doeanegesag, behoudens artikel 878(2), 'n kennisgewing aan so iemand uitreik wat daardie persoon in kennis stel van die beweerde breuk en dat vervolging vermy kan word indien daardie persoon verkies om die aangeleentheid summier deur die doeanegesag te laat skik deur 'n boete ter vermyding van vervolging op of voor 'n datum in die kennisgewing vermeld aan die Kommissaris te betaal. 40

(2) Die bedrag van 'n boete ter vermyding van vervolging ingevolge subartikel (1) opgelê—

(a) moet bepaal word in ooreenstemming met enige perke wat deur die Kommissaris gestel mag word; en 45

(b) mag nie die maksimum boete oorskry wat 'n hof by skuldigbevinding van iemand vir die betrokke breuk mag oplê nie.

(3) Betaling van 'n boete ter vermyding van vervolging ingevolge hierdie artikel—

(a) word nie gereken as 'n skuldigbevinding van iemand wat die boete ten opsigte van die betrokke breuk betaal het nie; en 50

(b) stel die persoon van vervolging vir daardie breuk vry.

Effect of detention, seizure or confiscation of goods on application of this Part

880. The detention, seizure or confiscation of goods in terms of this Act does not prevent the application of this Part in relation to breaches of this Act committed in respect of those goods.

Part 2

5

Other administrative penalties

Termination of seizure and withdrawal of confiscation penalties

881. (1) If the customs authority approves an application in terms of 765 to terminate a seizure or in terms of section 768 to withdraw a confiscation of goods, the customs authority may as a condition for the approval of the application require the applicant to pay an administrative penalty not exceeding the customs value of the goods or, in the case of goods manufactured in an excise warehouse, the value of the goods as determined in terms of the Excise Duty Act. 10

(2) A penalty imposed in terms of subsection (1) must be paid to the Commissioner on or before a date stated in the notice referred to in section 765(7) or 768(7) or to which that date may have been postponed in terms of section 908. 15

Missing goods penalties for goods to be confiscated

882. (1) If goods that are liable to confiscation are to be seized in terms of section 762 and the goods cannot readily be found, the customs authority may, in lieu of the goods, by notice to any one or more of the following persons impose a missing goods penalty equal to the customs value of the goods or, in the case of goods manufactured in an excise warehouse, the value of the goods as determined in terms of the Excise Duty Act: 20

- (a) The person who committed the act which rendered the goods liable to confiscation;
- (b) the person in whose possession the goods were or on reasonable grounds believed to have been immediately before the decision to seize the goods; 25
- (c) the importer or exporter of the goods or, if the importer or exporter is not located in the Republic, the registered agent in the Republic of the importer or exporter; or
- (d) the person who was the owner of the goods at the time of the decision to seize the goods or, if the owner is not located in the Republic, the registered agent in the Republic of the owner. 30

(2) A penalty imposed in terms of subsection (1) must be paid to the Commissioner on or before a date stated in the notice or to which that date may have been postponed in terms of section 908. 35

Part 3

General matters

Applicability of Chapter 37 proceedings⁴⁶⁴

883. (1) The proceedings provided for in Chapter 37, as may be appropriate in the circumstances, apply in respect of— 40

- (a) the imposition of an administrative penalty; or
- (b) the amount of the penalty.

⁴⁶⁴. As a general rule, none of the proceedings referred to in Chapter 37 affect or suspend the obligation to pay an administrative penalty. See section 830.

Effek van detensie, beslaglegging of konfiskering van goedere op toepassing van hierdie Deel

880. Die detensie, beslaglegging of konfiskering van goedere ingevolge hierdie Wet verhinder nie die toepassing van hierdie Deel met betrekking tot breuke van hierdie Wet wat ten opsigte van daardie goedere begaan word nie. 5

Deel 2

Ander administratiewe boetes

Beëindiging van beslaglegging- en terugtrekking van konfiskering-boetes

881. (1) Indien die doeanegesag 'n aansoek ingevolge 765 om 'n beslaglegging te beëindig of ingevolge artikel 768 om 'n konfiskering van goedere terug te trek, goedkeur, kan die doeanegesag as 'n voorwaarde vir die goedkeuring van die aansoek 'n vereiste stel dat die applikant 'n administratiewe boete betaal wat nie die doeanewaarde van die goedere oorskry nie of, in die geval van goedere in 'n aksynspakhuis vervaardig, wat nie die waarde van die goedere soos ingevolge die Wet op Aksynsreg bepaal, oorskry nie. 15

(2) 'n Boete ingevolge subartikel (1) opgelê, moet aan die Kommissaris betaal word op of voor 'n datum vermeld in die kennisgewing in artikel 765(7) of 768(7) bedoel, of waartoe daardie datum ingevolge artikel 908 uitgestel mag word.

Vermiste goedere-boetes vir goedere wat gekonfiskeer moet word

882. (1) Indien daar op goedere wat aan konfiskering onderhewig is ingevolge artikel 762 beslag gelê moet word en die goedere nie redelikerwyse gevind kan word nie, kan die doeanegesag, in plek van die goedere, by kennisgewing aan enige een of meer van die volgende persone 'n vermiste goedere-boete oplê gelyk aan die doeanewaarde van die goedere of, in die geval van goedere in 'n aksynspakhuis vervaardig, die waarde van die goedere soos ingevolge die Wet op Aksynsreg bepaal: 25

- (a) Die persoon wat die daad begaan het wat die goedere aan konfiskering onderhewig gestel het;
- (b) die persoon in wie se besit die goedere was, of op redelike gronde geglo word te gewees het, onmiddellik voordat die besluit om op die goedere beslag te lê, geneem is; 30
- (c) die invoerder of uitvoerder van die goedere of, indien die invoerder of uitvoerder nie in die Republiek gesetel is nie, die geregistreerde agent in die Republiek van die invoerder of uitvoerder; of
- (d) die persoon wat die eienaar van die goedere was op die tydstip van die besluit om op die goedere beslag te lê of, indien die eienaar nie in die Republiek gesetel is nie, die geregistreerde agent in die Republiek van die eienaar. 35

(2) 'n Boete ingevolge subartikel (1) opgelê, moet aan die Kommissaris betaal word op of voor 'n datum in die kennisgewing vermeld, of waartoe daardie datum ingevolge artikel 908 uitgestel mag word.

Deel 3 40

Algemene aangeleenthede

Toepasbaarheid van Hoofstuk 37 verrigtinge⁴⁶⁴

883. (1) Die verrigtinge waarvoor in Hoofstuk 37 voorsiening gemaak word, soos ook al in die omstandighede gepas mag wees, is van toepassing ten opsigte van— 45

- (a) die oplegging van 'n administratiewe boete; of
- (b) die bedrag van die boete.

464. As 'n algemene reël, raak of skort geeneen van die verrigtinge bedoel in Hoofstuk 37 die verpligting op om 'n administratiewe boete te betaal nie. Kyk artikel 830.

(2) Only the amount of a prosecution avoidance penalty and not the imposition of the penalty is subject to proceedings in terms of Part 3, 4 or 5 of Chapter 37.⁴⁶⁵

Rules to facilitate implementation of this Chapter

884. Rules made in terms of section 903 to facilitate the implementation of this Chapter may include rules prescribing the form and format of a notice referred to in section 877(1), 879(1) or 882(1) and the information which such a notice must contain. 5

Offences in terms of this Chapter

885. A person is guilty of an offence if that person has repeatedly for at least five times within a calendar year been penalised in terms of section 877 for committing a non-prosecutable breach or breaches of this Act and that person thereafter again commits a non-prosecutable breach of this Act within the same calendar year. 10

CHAPTER 40

JUDICIAL MATTERS

Part 1

Offences⁴⁶⁶ and penalties 15

Categories of offences in terms of this Act

886. (1) An offence in terms of this Act must be classified as a Category 2 offence unless expressly stated in this Act that it is a Category 1 offence.

(2) An offence classified in terms of subsection (1) as a Category 2 offence, becomes a Category 1 offence despite that subsection if it is proved that the offence was committed to evade tax. 20

General Category 1 offences

- 887.** (1) A person is guilty of a Category 1 offence if that person—
- (a) makes a false statement or provides false or misleading information or omits to state with the intention to mislead information in any document that must in terms of this Act— 25
 - (i) be submitted to the Commissioner or the customs authority; or
 - (ii) be kept or retained by that person;
 - (b) submits to the Commissioner or the customs authority or produces to a customs officer a document in terms of this Act which— 30
 - (i) contains a false statement or incorrect information which that person knows is not true or could not reasonably have believed to be true; or
 - (ii) states, or omits to state, information which is stated or omitted with the intention to mislead;
 - (c) makes use of a document for purposes of this Act which— 35
 - (i) contains a false statement or incorrect information which that person knows is not true or could not reasonably have believed to be true; or
 - (ii) states, or omits to state, information which is stated or omitted with the intention to mislead;
 - (d) makes a false statement or provides false or misleading information when questioned by, or complying with a request of, a customs officer; 40

465. The imposition of a prosecution avoidance penalty cannot be subject to appeal as the person paying the penalty did so because of own choice.

466. For criminal proceedings against corporate bodies or associations of persons other than corporate bodies, see section 332 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977).

(2) Slegs die bedrag van 'n boete ter vermyding van vervolging, en nie die oplegging van die boete nie, is aan verrigtinge ingevolge Deel 3, 4 of 5 van Hoofstuk 37 onderworpe.⁴⁶⁵

Reëls ter fasilitering van implementering van hierdie Hoofstuk

884. Reëls ingevolge artikel 903 uitgevaardig om die implementering van hierdie Hoofstuk te fasiliteer, kan reëls insluit wat die vorm en formaat van 'n kennisgewing in artikel 877(1), 879(1) of 882(1) bedoel, en die inligting wat so 'n kennisgewing moet bevat, voorskryf. 5

Misdrywe ingevolge hierdie Hoofstuk

885. 'n Persoon is aan 'n misdryf skuldig indien daardie persoon herhaaldelik vir minstens vyf keer binne 'n kalenderjaar ingevolge artikel 877 vir die pleging van 'n nie-vervolgbare breuk of breuke van hierdie Wet beboet is en daardie persoon daarna weer 'n nie-vervolgbare breuk van hierdie Wet binne dieselfde kalenderjaar begaan. 10

HOOFSTUK 40

GEREGTELIKE AANGELEENTHEDE 15

Deel 1

Misdrywe⁴⁶⁶ en strawwe

Kategorieë misdrywe ingevolge hierdie Wet

886. (1) 'n Misdryf ingevolge hierdie Wet moet geklassifiseer word as 'n Kategorie 2 misdryf tensy daar uitdruklik in hierdie Wet bepaal word dat dit 'n Kategorie 1 misdryf is. 20

(2) 'n Misdryf wat ingevolge subartikel (1) as 'n Kategorie 2 misdryf geklassifiseer word, word 'n Kategorie 1 misdryf ondanks daardie subartikel indien daar bewys word dat die misdryf gepleeg is om belasting te ontduik.

Algemene Kategorie 1 misdrywe 25

887. (1) Iemand is aan 'n Kategorie 1 misdryf skuldig indien so iemand—

- (a) 'n vals verklaring maak of vals of misleidende inligting verstrek, of met die bedoeling om te mislei, versuim om inligting te verstrek in enige dokument wat ingevolge hierdie Wet—
 - (i) by die Kommissaris of die doeanegesag ingedien moet word; of 30
 - (ii) deur daardie persoon gehou of bewaar moet word;
- (b) 'n dokument ingevolge hierdie Wet by die Kommissaris of die doeanegesag indien of aan 'n doeaneebeampte toon wat—
 - (i) 'n vals verklaring of foutiewe inligting bevat wat so iemand weet nie waar is nie of nie redelikerwyse as waar kon beskou het nie; of 35
 - (ii) inligting vermeld of verswyg wat vermeld of verswyg word met die bedoeling om te mislei;
- (c) vir doeleindes van hierdie Wet gebruik maak van 'n dokument wat—
 - (i) 'n vals verklaring of foutiewe inligting bevat wat daardie persoon weet nie waar is nie of nie redelikerwyse as waar kon beskou het nie; of 40
 - (ii) inligting vermeld of verswyg wat vermeld of verswyg word met die bedoeling om te mislei;
- (d) 'n vals verklaring maak of vals of misleidende inligting verstrek wanneer so iemand ondervra word deur, of voldoen aan 'n versoek van, 'n doeaneebeampte; 45

465. Die oplegging van 'n boete ter vermyding van vervolging kan nie aan appèl onderhewig wees nie aangesien die persoon wat die boete betaal dit uit eie keuse doen.

466. Vir strafregtelike verrigtinge teen regsenteite of verenigings van persone anders as regsenteite, kyk artikel 332 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).

- (e) proposes to a customs officer, or gives or promises to give any reward to a customs officer, whether directly or through a third party—
 - (i) to refrain from doing something which that officer must or may do in terms of this Act or a tax levying Act; or
 - (ii) to induce that customs officer to do something which the customs officer may do or may not do in terms of this Act or a tax levying Act; 5
- (f) conspires with a customs officer to do or permit anything in breach of this Act;
- (g) without lawful excuse, brings into the Republic, produces, has in possession or makes available to another person—
 - (i) any blank or incomplete invoice or any billhead or other similar document capable of being completed and used as an invoice for imported goods; or 10
 - (ii) any stamp the imprint of which depicts the name of a company, firm or other business entity in the Republic or a foreign country, or any signs or letters which could be reasonably understood to be a reference to such company, firm or business entity; 15
- (h) without lawful excuse, uses, controls, has in possession or makes available to another person—
 - (i) any official stamp used on authority of the Commissioner for purposes of this Act or a tax levying Act; 20
 - (ii) any other stamp the imprint of which is identical to or resembles the imprint of an official stamp referred to in subparagraph (i); or
 - (iii) a stamp used by a government authority in a foreign country for purposes of customs control or the import or export of goods;
- (i) without lawful excuse, removes, breaks, damages or interferes or tampers with any lock, meter, gauge, rod, seal, mark or fastening placed on or fitted to any warehouse, building, enclosure or other facility, any vessel, aircraft, railway carriage or vehicle, or any container, package or other article, or any goods, in terms of this Act; 25
- (j) conceals, disposes of, processes, damages or destroys any goods to prevent the goods from being detected by the customs authority or to prevent the detention, seizure or confiscation of the goods in terms of this Act; 30
- (k) diverts for home use—
 - (i) goods imported into the Republic—
 - (aa) that have not been cleared for home use or a customs procedure; or 35
 - (bb) that have been cleared for home use but not released for home use; or
 - (ii) goods under a customs procedure,⁴⁶⁷ including compensating products under the inward or outward processing procedure; 40
- (l) conceals diverted goods; 40
- (m) buys, acquires or receives diverted goods from another without reasonable cause for believing that the goods are in free circulation;
- (n) makes an arrangement with a person who supplies, produces, processes or sells goods, or with an agent of any such person or through an intermediary, with the object of defeating or evading a provision of this Act in relation to a quantity of such goods imported or to be imported into, or exported or to be exported from, the Republic; 45
- (o) makes improper use of a licence, registration certificate, accreditation certificate, permit or any other document issued in relation to goods to which this Act applies; or 50
- (p) attempts to commit or assists in committing an act which is a Category 1 offence in terms of this section or any other section of this Act.

⁴⁶⁷. Goods come under a customs procedure when cleared for that customs procedure. See provisions on commencement of customs procedures in Chapters dealing with each customs procedure.

- (e) aan 'n doeanebeampte voorstel, of enige beloning aan 'n doeanebeampte gee of belowe, hetsy direk of deur 'n derde party—
- (i) om nie iets te doen wat daardie beampte ingevolge hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet moet of mag doen nie; of
 - (ii) om daardie doeanebeampte te oorreed om iets te doen wat die doeanebeampte ingevolge hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet mag doen of nie mag doen nie; 5
- (f) met 'n doeanebeampte saamsweer om enigiets te doen of toe te laat wat 'n breuk van hierdie Wet is;
- (g) sonder wettige verskoning enige van die volgende in die Republiek inbring, produseer, in besit het of tot 'n ander persoon se beskikking stel: 10
- (i) Enige blanko of onvoltooide faktuur of enige rekeningvorm of ander soortgelyke dokument wat as 'n faktuur vir ingevoerde goedere voltooi en gebruik kan word; of
 - (ii) enige stempel waarvan die afdruk die naam aantoon van 'n maatskappy, firma of ander besigheidsentiteit in die Republiek of 'n ander land, of enige tekens of letters aantoon wat redelikerwyse verstaan kan word as 'n verwysing na so 'n maatskappy, firma of ander besigheidsentiteit te wees; 15
- (h) sonder wettige verskoning, enige van die volgende gebruik, beheer, in besit het of tot 'n ander persoon se beskikking stel: 20
- (i) Enige amptelike stempel wat op gesag van die Kommissaris vir doeleindes van hierdie Wet of 'n belastingheffings-Wet gebruik word;
 - (ii) enige ander stempel waarvan die afdruk identies is aan, of ooreenstem met, die afdruk van 'n amptelike stempel in subparagraaf (i) bedoel; of 25
 - (iii) 'n stempel wat deur 'n staatsowerheid in 'n ander land vir doeleindes van doeanebeheer of die invoer of uitvoer van goedere gebruik word;
- (i) sonder wettige verskoning enige slot, meter, maatstok, seël, merk of vasmaakmiddel wat ingevolge hierdie Wet geplaas is op of geheg is aan enige pakhuis, gebou, afskorting of ander fasiliteit, enige vaartuig, vliegtuig, spoorwegwa of voertuig, of enige houer, verpakking of ander artikel, of enige goedere, verwyder, breek, beskadig of daarmee inmeng of peuter; 30
- (j) enige goedere wegsteek, van die hand sit, prosesseer, beskadig of vernietig om te verhoed dat die goedere deur die doeanebeslag opgespoor word of om die detensie, beslaglegging of konfiskering van die goedere ingevolge hierdie Wet te voorkom; 35
- (k) vir binnelandse gebruik afwend—
- (i) goedere in die Republiek ingevoer—
 - (aa) wat nie vir binnelandse gebruik of 'n doeane-prosedure geklaar is nie; of 40
 - (bb) wat vir binnelandse gebruik geklaar is maar nie vir binnelandse gebruik vrygestel is nie; of
 - (ii) goedere onder 'n doeane-prosedure,⁴⁶⁷ met inbegrip van kompenseerende produkte onder die prosedure vir inwaartse of uitwaartse prosessering; 45
- (l) goedere wat afgewend is, wegsteek;
- (m) goedere wat afgewend is, koop, aanskaf of ontvang van 'n ander sonder redelike gronde om te glo dat die goedere in vry sirkulasie is; of
- (n) 'n reëling aangaan met 'n persoon wat goedere verskaf, produseer, prosesseer of verkoop, of met 'n agent van so 'n persoon of deur 'n tussenganger, met die doel om 'n bepaling van hierdie Wet met betrekking tot 'n hoeveelheid van sodanige goedere wat ingevoer is of word in, of uitgevoer is of word uit, die Republiek, te verydel of te ontduik; 50
- (o) onbehoorlik gebruik maak van 'n lisensie, registrasiesertifikaat, sertifikaat van akkreditasie, permit of enige ander dokument wat met betrekking tot goedere waarop hierdie Wet van toepassing is, uitgereik is; of 55
- (p) pog om 'n daad wat 'n Kategorie 1 misdryf ingevolge hierdie artikel of enige ander artikel van hierdie Wet is, te pleeg of bystand in die pleging van so 'n daad verleen.

467. Goedere kom onder 'n doeane-prosedure wanneer dit vir daardie doeane-prosedure geklaar word. Kyk bepalinge oor die aanvang van doeane-prosedures in Hoofstukke wat met elke doeane-prosedure handel.

(2) Proof that a person charged with the commission of an offence referred to in subsection (1)(m) purchased, acquired or received from another person the goods which are the subject of the charge and that those goods are diverted goods, is, in the absence of evidence to the contrary which raises a reasonable doubt, sufficient evidence of the absence of reasonable cause. 5

(3) For purposes of subsection (1)(l) or (m) or (2) “diverted goods” means goods referred to in subsection (1)(k)(i) or (ii) that have been diverted for home use, but does not include goods which after their diversion have been detained, seized or confiscated in terms of this Act or disposed of in accordance with any applicable legislation.

General Category 2 offences 10

888. A person is guilty of a Category 2 offence if that person—

- (a) hinders or interferes with the customs authority or a customs officer in the performance of an enforcement function or obstructs or prevents the customs authority or a customs officer from performing an enforcement function; 15
- (b) pretends to be a customs officer, or the interpreter or assistant of, or any other person accompanying, a customs officer;
- (c) performs an act without the authorisation, permission or approval of the customs authority if such act may in terms of this Act only be performed on authority of such authorisation, permission or approval;
- (d) contravenes or fails to comply with a condition subject to which any release, 20 authorisation, permission, approval, exemption or recognition was granted by the customs authority in terms of this Act; or
- (e) attempts to commit or assists in committing an act which is a Category 2 offence in terms of this section or any other section of this Act.

Offences committed at places of entry or exit outside Republic 25

889. (1) A person is guilty of an offence if that person at a place outside the Republic designated in terms of section 34 to be a place of entry or exit for the Republic, commits an act which would have constituted an offence in terms of this Act had that act been committed at a place of entry or exit inside the Republic.

(2) A person charged with an offence in terms of subsection (1) may be prosecuted for that offence in any court having jurisdiction at the place where the accused happens to be in the Republic. 30

Penalties for Category 1 offences

890. (1) A person convicted of a Category 1 offence in terms of this Act is liable to imprisonment for a period not exceeding five years or to a fine not exceeding R1 000 000 35 or a higher amount prescribed in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991 (Act No. 101 of 1991), or to both that fine and that imprisonment.

(2) If a person convicted for an offence referred to in section 887(1) is at any time within five years of the date of conviction again convicted for an offence referred to in that section, the court must consider the imposition of a period of imprisonment not 40 exceeding the period referred to in subsection (1) without the option of a fine or both such imprisonment and a fine referred to in that subsection.

(3) This section does not affect the application of section 891.

Additional punitive powers of courts in criminal proceedings

891. A court convicting a person for an offence referred to in section 186(5) or (6) or 45 887(1)(a), (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (k), (l), (m) or (n) may—

- (a) summarily inquire into any benefit the convicted person gained by committing the offence;
- (b) determine the monetary value of that benefit; and

(2) Bewys dat 'n persoon wat aangekla word van die pleeg van 'n misdryf bedoel in subartikel (1)(m), die goedere wat die onderwerp van die aanklag is van 'n ander persoon gekoop, aangeskaf of ontvang het en dat daardie goedere goedere is wat afgewend is, is in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel wat redelike twyfel daarstel, voldoende bewys van die afwesigheid van redelike gronde. 5

(3) By die toepassing van subartikel (1)(l) of (m) of (2) beteken “**goedere wat afgewend is**” goedere in subartikel (1)(k)(i) of (ii) bedoel wat vir binnelandse gebruik afgewend is, maar sluit nie goedere in wat, nadat hulle afgewend is, ingevolge hierdie Wet onder detensie geplaas, op beslag gelê of gekonfiskeer is of ooreenkomstig enige toepaslike wetgewing oor beskik is nie. 10

Algemene Kategorie 2 misdrywe

888. Iemand is aan 'n Kategorie 2 misdryf skuldig indien so iemand—

- (a) die doeanegesag of 'n doeanebeampte in die verrigting van 'n toepassings-funksie pla of daarmee inmeng of die doeanegesag of 'n doeanebeampte keer of verhinder om 'n toepassingsfunksie te verrig; 15
- (b) hom of haar voordoen as 'n doeanebeampte, of as die tolk of assistent van 'n doeanebeampte, of as enige ander persoon wat 'n doeanebeampte vergesel;
- (c) 'n handeling sonder die magtiging, toestemming of goedkeuring van die doeanegesag verrig indien so 'n handeling ingevolge hierdie Wet slegs op gesag van sodanige magtiging, toestemming of goedkeuring verrig mag word; 20
- (d) 'n voorwaarde waarop enige vrystelling, magtiging, toestemming, goedkeuring, ontheffing of erkenning deur die doeanegesag ingevolge hierdie Wet toegestaan is, oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (e) poog om 'n daad wat 'n Kategorie 2 misdryf ingevolge hierdie artikel of enige ander artikel van hierdie Wet is, te pleeg of bystand in die pleging van so 'n daad verleen. 25

Misdrywe gepleeg by plekke van toegang of uitgang buite Republiek

889. (1) Iemand is aan 'n misdryf skuldig indien so iemand by 'n plek buite die Republiek wat ingevolge artikel 34 as 'n plek van toegang of uitgang vir die Republiek aangewys is, 'n daad pleeg wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet sou wees indien daardie daad by 'n plek van toegang of uitgang binne die Republiek gepleeg is. 30

(2) Iemand wat van 'n misdryf ingevolge subartikel (1) aangekla word, kan vir daardie misdryf vervolg word in enige hof wat jurisdiksie het by die plek waar die beskuldigde hom of haar in die Republiek bevind.

Strawwe vir Kategorie 1 misdrywe 35

890. (1) Iemand wat aan 'n Kategorie 1 misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met 'n boete van hoogstens R1 000 000 of 'n hoër bedrag wat ingevolge die Wet op Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), voorgeskryf mag word, of met beide daardie boete en daardie gevangenisstraf. 40

(2) Indien iemand wat aan 'n misdryf bedoel in artikel 887(1) skuldig bevind is te eniger tyd binne vyf jaar na die datum van skuldigbevinding weer aan 'n misdryf bedoel in daardie artikel skuldig bevind word, moet die hof die oplegging oorweeg van 'n tydperk van gevangenisstraf van hoogstens die tydperk bedoel in subartikel (1) sonder die opsie van 'n boete, of van beide sodanige gevangenisstraf en 'n boete in daardie subartikel bedoel. 45

(3) Hierdie artikel doen nie afbreuk aan die toepassing van artikel 891 nie.

Bykomende strafbevoegdheids van howe in strafregtelike verrigtinge

891. 'n Hof wat iemand aan 'n misdryf bedoel in artikel 186(5) of (6) of 887(1)(a), (b), (c), (d), (e), (f), (g), (h), (k), (l), (m) of (n) skuldig bevind, kan— 50

- (a) op staande voet ondersoek instel na enige voordeel wat die veroordeelde persoon uit die pleeg van die misdryf verkry het;
- (b) die geldwaarde van daardie voordeel bepaal; en

- (c) in addition to any other penalty imposed on that person for the commission of that offence, impose a fine on that person not exceeding three times the amount of the monetary value of that benefit.

Penalties for Category 2 offences

892. A person convicted of a Category 2 offence in terms of this Act is liable to imprisonment for a period not exceeding three years or to a fine not exceeding R500 000 or a higher amount prescribed in terms of the Adjustment of Fines Act, 1991 (Act No. 101 of 1991), or to both that fine and that imprisonment. 5

Liability of registered agents and of persons managing juristic entities

893. (1) If an importer, exporter, carrier or other person not located in the Republic commits an act (including an omission to perform an act) which is an offence in terms of this Act, the registered agent in the Republic of that importer, exporter, carrier or other person is guilty of an offence if that agent— 10

- (a) knew or should reasonably have known that the importer, exporter, carrier or other person is to commit that act and failed to take reasonable steps within the powers of that agent to prevent that importer, exporter, carrier or other person from committing that act; or 15
- (b) when becoming aware of that act, failed to notify the customs authority of the commission of that act.

(2) If a juristic entity commits an act (including an omission to perform an act) which is an offence in terms of this Act, a person who is a director, administrator or trustee of that entity is guilty of an offence if that person— 20

- (a) knew or should reasonably have known that the entity is to commit that act and failed to take reasonable steps within the powers of that person to prevent the entity from committing that act; or 25
- (b) when becoming aware of that act, failed to notify the customs authority of the commission of that act.

(3) An offence in terms of subsection (1) or (2) is—

- (a) a Category 1 offence if the offence committed by the importer, exporter, carrier or other person, or the juristic entity, is a Category 1 offence; or 30
- (b) a Category 2 offence if the offence committed by the importer, exporter, carrier or other person, or the juristic entity, is a Category 2 offence.

(4) If a juristic entity is liable to prosecution for a breach of this Act which is an offence in terms of this Act, any person who, at the time of the commission of that breach, was a director, administrator or trustee of that juristic entity, or an employee of that entity in a managerial position, or managing on behalf of the entity any premises or business in or in connection with which that breach was committed, is in addition to the entity liable to prosecution for that breach— 35

- (a) if that person— 40
- (i) acting on behalf or in the interests of the entity actually committed the breach; or
- (ii) participated in the commission of the breach; or
- (b) if that person did not actually commit or participated in the commission of the breach, but failed to take reasonable steps within his or her powers when becoming aware of the breach, to prevent the entity from continuing with the commission of the breach. 45

Liability of ordinary employees of juristic entities

894. If a juristic entity is liable to prosecution for a breach of this Act which is an offence in terms of this Act, any person who at the time of the commission of that breach

- (c) benewens enige ander straf wat daardie persoon vir die pleeg van daardie misdryf opgelê word, daardie persoon 'n boete oplê van hoogstens drie keer die geldwaarde van die voordeel.

Strawwe vir Kategorie 2 misdrywe

892. Iemand wat aan 'n Kategorie 2 misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met 'n boete van hoogstens R500 000 of 'n hoër bedrag wat ingevolge die Wet op Aanpassing van Boetes, 1991 (Wet No. 101 van 1991), voorgeskryf mag word, of met beide daardie boete en daardie gevangenisstraf. 5

Aanspreeklikheid van geregistreerde agente en van persone wat regsentiteite bestuur 10

893. (1) Indien 'n invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon wat nie in die Republiek gesetel is nie 'n daad pleeg (met inbegrip van 'n versuim om 'n handeling te verrig) wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, is die geregistreerde agent in die Republiek van daardie invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon aan 'n misdryf skuldig indien daardie agent— 15

- (a) geweet het of redelikerwyse moes geweet het dat die invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon daardie daad sou pleeg en versuim het om binne die magte van daardie agent redelike stappe te doen om te voorkom dat daardie invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon daardie daad pleeg; of 20
- (b) toe die agent bewus geword het van daardie daad, versuim het om die doeanegesag van die pleging van daardie daad in kennis te stel.

(2) Indien 'n regsentiteit 'n daad pleeg (met inbegrip van 'n versuim om 'n handeling te verrig) wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, is 'n persoon wat 'n direkteur, administrateur of trustee van daardie entiteit is aan 'n misdryf skuldig indien so iemand— 25

- (a) geweet het of redelikerwyse moes geweet het dat die entiteit daardie daad sou pleeg en versuim het om binne die magte van daardie persoon redelike stappe te doen om te voorkom dat die entiteit daardie daad pleeg; of 30
- (b) toe hy of sy bewus geword het van daardie daad, versuim het om die doeanegesag van die pleging van daardie daad in kennis te stel.

(3) 'n Misdryf ingevolge subartikel (1) of (2) is—

- (a) 'n Kategorie 1 misdryf indien die misdryf wat deur die invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon, of die regsentiteit, gepleeg is 'n Kategorie 1 misdryf is; of 35
- (b) 'n Kategorie 2 misdryf indien die misdryf wat deur die invoerder, uitvoerder, vervoerder of ander persoon, of die regsentiteit, gepleeg is 'n Kategorie 2 misdryf is.

(4) Indien 'n regsentiteit vervolg kan word vir 'n breuk van hierdie Wet wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, kan iemand wat ten tye van die pleging van daardie breuk 'n direkteur, administrateur of trustee van daardie regsentiteit was, of 'n werknemer van daardie entiteit in 'n bestuurspos was, of namens die entiteit enige perseel of besigheid bestuur het waarop of in verband waarmee daardie breuk gepleeg is, benewens die entiteit vir daardie breuk vervolg word— 45

- (a) indien so iemand—
- (i) handelende namens of in die belang van die entiteit daardie breuk in werklikheid self gepleeg het; of
- (ii) deelgeneem het aan die pleging van die breuk; of
- (b) indien so iemand nie die breuk in werklikheid self gepleeg het of aan die pleging daarvan deelgeneem het nie, maar toe hy of sy bewus geword het van die breuk versuim het om redelike stappe binne die bestek van sy of haar bevoegdheid te doen om te voorkom dat die entiteit met die pleging van die breuk voortgaan. 50

Aanspreeklikheid van gewone werknemers van regsentiteite 55

894. Indien 'n regsentiteit vervolg kan word vir 'n breuk van hierdie Wet wat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, kan iemand wat ten tye van die pleging van daardie

was an employee of that entity other than an employee referred to in section 893(4) is, in addition to the entity, liable to prosecution for that breach if that person—

- (a) acting on behalf or in the interests of the entity actually committed the breach;
- or
- (b) participated in the commission of the breach.

5

Part 2

Other judicial matters

Civil actions arising from this Act and special procedures for debt collection through civil processes

895. (1) The Commissioner may institute any civil actions necessary for enforcing or implementing this Act, including claims for amounts owing in terms of this Act.⁴⁶⁸ 10

(2) The Commissioner must be cited as defendant or respondent in any civil actions against the state, including SARS, the customs authority, a customs officer and a SARS officer, which arises from the enforcement or implementation of this Act.

(3) If a debt referred to in section 694 (other than a prosecution avoidance penalty) is not paid to the Commissioner on or before the due date, the Commissioner may file with the clerk or registrar of any competent court a statement stating— 15

- (a) the amount of the debt;
- (b) the due date on which the payment was due; and
- (c) the name of the person by whom the debt is payable. 20

(4) A statement referred to in subsection (3) must be certified by or on behalf of the Commissioner as correct.

(5) A statement filed in accordance with subsection (3) has all the effects of, and any proceedings may be taken thereon, as if it were a civil judgement lawfully given in that court in favour of the Commissioner for a liquid debt of the amount specified in the statement. 25

(6) The amount of a debt contained in a statement filed in accordance with subsection (3) may not exceed the civil jurisdiction of the magistrate's court in terms of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944).

(7) Pending the conclusion of any proceedings referred to in Chapter 37 regarding a dispute as to the amount of a debt payable, the statement filed in terms of subsection (3) in respect of that debt must for purposes of subsection (5) be regarded to be correct.

(8) (a) The Commissioner may by notice in writing addressed to the clerk or registrar of the relevant court, withdraw a statement referred to in subsection (3).

(b) A withdrawn statement ceases to have any effect, but does not prevent the Commissioner from instituting proceedings afresh under that subsection in respect of the debt referred to in the withdrawn statement. 35

Advance notice of judicial proceedings against Minister, Commissioner, customs authority, customs officers, SARS officials or state

896. (1) No process by which any judicial proceedings are instituted against the Minister, the Commissioner, SARS, the customs authority, a customs officer, a SARS official or the state on a cause of action arising from the enforcement or implementation of this Act, the Customs Duty Act or the Excise Duty Act may be served before the expiry of a period of 30 calendar days after delivery of a notice in writing setting forth clearly and explicitly— 45

- (a) the cause of action;
- (b) the name and place of residence of the person who is to institute the proceedings; and
- (c) the name and address of that person's attorney or agent, if any.

(2) (a) The notice referred to in subsection (1) must be in the form and format and be delivered in the manner and at the places as may be prescribed by rule. 50

⁴⁶⁸ The Prescription Act, 1969 (Act No. 68 of 1969), determines the period within which civil actions for amounts owing must be instituted.

breuk 'n werknemer, anders as 'n werknemer bedoel in artikel 893(4), van daardie entiteit was, benewens die entiteit vir daardie breuk vervolgt word indien so iemand—

